

SPORTAFRIGTING IN DIE BUITELAND

4.1 INLEIDING

Ten einde die sportafrigtingspraktyk in die Republiek van Suid-Afrika in die regte perspektief te kan stel en om 'n eiesoortige struktuur te kan saamstel, is dit noodsaaklik om sportafrigtingspraktyke in die buiteland te bestudeer en tendense aldaar uit te lig.

Soos reeds aangetoon moet verskillende belangrike sake in hierdie navorsing tereg kom, soos byvoorbeeld die ingesteldheid van die verskillende sportlande teenoor sportwetenskap asook die professionalisering van die sportafrigtingspraktyke.

Wanneer laasgenoemde aspek te berde kom, is veral vyf sake belangrik naamlik:

- die beheer en koördinerings van sportafrigting;
- die opleiding van sportafrigters op voltydse- en deeltydse grondslag;
- die verskillende instansies waar sportafrigting plaasvind en ook die verskillende deelnamevlakke;
- die posisie van die sportafrigter ten opsigte van beroeps- moontlikhede, beroepsekuriteit, besoldiging en aansien in die gemeenskap; en
- die ekonomiese implikasies van die afrigtingspraktyk.

Inligting in verband met hierdie voorgenoemde aspekte is vanuit verskeie vastelande verkry, naamlik:

- Die Midde-Ooste: Israel.
- Die Amerikaanse vasteland: Kanada en die Verenigde State van Amerika.
- Die Britse Eilande: Engeland.
- Oos-Europa* Die Duitse Demokratiese Republiek en die Unie van Sowjet Sosialistiese Republieke.
- Wes-Europa: België, Die Bondsrepubliek van Duitsland, Frankryk, Nederland, Oostenryk en Switserland.
- Australasië: Australië.

Inligting van verskillende lande word in hierdie volgorde bespreek.

4.2 ISRAEL

4.2.1 Inleiding

Sport is in Israel in twee hoofkomponente verdeel

- i) Kompetisiesport wat deur sportklubs en sportfederasies georganiseer word. Hierdie twee instansies organiseer ook sportaktiwiteite op nasionale en internasionale vlak.
- ii) Massasport wat deur munisipaliteite en gemeenskapsentrums en ook sportklubs georganiseer word (Sports and Physical Education Authority, 1981:1).

*Besondere aandag word aan die twee Oos-Europese state gegee omdat beide lande op sportgebied goed presteer, baie aandag aan sport gee, die enigste twee lande uit die Oosblok is en omdat daar oor die algemeen in Westerse kringe min oor hulle sportafrigtingspraktyke bekend is.

Met betrekking tot deelname aan topsport het die Israeli's veral twee belangrike probleme. Ten eerste is daar 'n gebrek aan voldoende internasionale kompetisie. Ná die sesdaagse oorlog is hulle verbied om aan die Arabiese spele deel te neem, met die gevolg dat hulle ver moet reis na internasionale deelname (Rav-on, 1982). Die Macabiespele waar in verskeie sportsoorte deelgeneem word, betrek Israelieug vanoor die hele wêreld, maar die sportgehalte as sodanig is nie hoog nie en dit dien meer as 'n kulturele samekoms (Rav-on, 1982). 'n Tweede probleem het betrekking op verpligte militêre diens. Op ongeveer agtienjarige leeftyd moet alle mans drie jaar en dames agtien maande tot twee jaar militêre diens doen. Dit beteken dat baie van die topsportlui op 'n belangrike stadium van hulle sportloopbane kompetisie deelname en doeltreffende inoefening moet ontbeer. In die leer word baie klem op fisieke fiksheid gelê, maar sport is nie 'n prioriteit nie. In uitsonderlike gevalle word toegewings aan topsportlui gemaak, maar dit behels 'n beperkte getal van twintig deelnemers per jaar (Kanitz, 1982).

Ten spyte van die feit dat Israel tans byna voortdurend in militêre konflik met sy buurstate betrokke is en afgesien van voorgenoemde probleme, word daar tog op georganiseerde en gesistematiseerde wyse aandag aan verskeie aspekte ten aansien van sportafrigting gegee.

Die opleiding van sportinstrukteurs en sportafrigters word bewerkstellig deur die sport en liggaamlike opvoedkunde owerheid (departement van Onderwys- en Kultuursake) deur middel van die skool vir afrigters en instrukteurs by die Wingate-instituut in samewerking met die sportfederasies in Israel (Sport and Physical Education Authority, 1981:5).

Die opleidingsprogram word ruim deur die staat ondersteun en word behartig deur die Nat-Holmanskool vir afrigters en instrukteurs by die Wingate-institute.

4.2.2 Sportwetenskap

'n Navorsingsdepartement is in 1970 by die Wingate-instituut gestig. Dit bestaan uit drie afdelings, naamlik dié vir oefenfi-siologie, biomeganika en gedragswetenskappe. Besondere aandag word aan prestasiemoontlikhede in warmklimaatstoestande met 'n hoë humiditeit gegee, psigo-sosiologiese faktore en topsport=kompetisie. Die sportvoorkeure en -moontlikhede van Israeli's word veral nagevors.

4.2.3 Die professionalisering van sportafrigting

4.2.3.1 Die beheer en koördinering van afrigting

Gedurende 1981 is 'n nuwe wet wat betrekking het op die serti-fisering van afrigters deur die kantoor van die Sport en Liggaamlike Opvoedkunde-owerheid in die parlement voorgelê, maar tans is dit nog nie van krag nie (Sport and Physical Education Authority, 1981:5).

Alhoewel 'n afrigter dus nog sonder die nodige kwalifikasies kan afrig, is daar van die groter sportsoorte, naamlik sokker, basketbal, swem en vlugbal wat duidelik bepaal het dat 'n afrigter nie sonder die nodige opleiding mag afrig nie (Kanitz, 1982). Op hierdie stadium word hoofsaaklik op die sportfederasies staatgemaak om die nodige beheer en kontrole uit te oefen. Indien hulle nie wil saamwerk nie, word hulle by die opleidingsprogram uitgeskakel. Die publiek kan ook help om sertifisering af te dwing deur slegs afrig-ting deur gekwalifiseerde afrigters aan te vra. 117

Die koördinerings van afrigting word deur die Nat Holmanafrigtingskool te Wingate behartig. Hierdie inrigting bestaan uit drie departemente, naamlik:

- i) ontspanning en sportadministrasie
- ii) afrigters en
- iii) instrukteurs

Die struktuur van genoemde skool asook die aspekte waarvoor elke afdeling verantwoordelik is, word in figuur 3 skematies weergegee.


4.2.3.2 Die opleiding van afrigters

In Israel word 'n onderskeid gemaak tussen verskillende vlakke van opleiding vir afrigters en instrukteurs.

Aanvanklik is voorsiening gemaak vir die opleiding van spanleiers (RGN, 1982, 12:36), maar hierdie fase is uitgeskakel. Die opleiding vir afrigters en instrukteurs geskied tans in die volgende vyf fases:

- | | | |
|---------------------------|---|---|
| i) Assistent-instrukteurs | } | Opleiding word onderneem deur afdeling vir instrukteurs |
| ii) Instrukteurs | | |
| iii) Vlak A-afrigter | } | Opleiding word onderneem deur afdeling vir afrigters |
| iv) Vlak B-afrigter | | |
| v) Vlak C-afrigter | | |

Vir toelating tot die kursusse vir instrukteurs en vlak A, moet die voornemende afrigters toelatingseksamens slaag. Kandidate kan ook tot hierdie kursusse toegelaat word al het hulle nie die kursus vir assistent-instrukteurs en in-



FIGUUR 3 NAT HOLMANSKOOI VIR AFRIGTERS EN INSTRUKTEURS

strukteurs deurloop nie, maar die toelatingseksamens moet eers geslaag word.


Na voltooiing van die vlak A-kwalifikasie is daar nie 'n toelatingseksamen nie, maar die personeel beveel aan of die afrigter met verdere opleiding kan voortgaan. In hierdie geval bestaan daar drie moontlikhede, naamlik dat die kandidaat nie aanbeveel word nie, dat hy aanbeveel word maar ná ekstra afrigtingservaring of dat die individu dadelik met vlak B-opleiding kan voortgaan. Indien 'n toelatingseksamen nie geslaag word nie, kan die individu die vorige kursus herhaal of die afrigtingsveld inbeweeg.

Kandidate kan in meer as een sportsoort kursusse bywoon en dus in verskeie sportsoorte op die verskillende opleidingsvlakke, as afrigter kwalifiseer.

Die opleiding word deur die drie departemente van die skool vir afrigters en instrukteurs waargeneem en die aspekte wat tydens die opleiding na vore kom, word in figuur 4 weergegee.


Die opleidingsmoontlikhede en -inhoud by die Nat Holman-skool vir afrigters word in figuur 5 weergegee.

Skematies kan die opleiding van afrigters en instrukteurs soos volg voorgestel word (Kanitz, 1982)




FIGUUR 4 DIE OPLEIDING VAN SPORTAFRIGTERS EN -INSTRUKTEURS IN ISRAEL


a) Departement vir ontspanning en sportadministrasie



b) Departement vir afrigters



c) Departement vir instruksie



FIGUUR 5 OPLEIDINGSMOONTLIKHEDE EN -INHOUD BY DIE NAT HOLMANSKOOLO VIR AFRIGTERS

Eksaminering vind in sowel teoretiese afdelings (mondeling en skriftelik) as in praktiese afrigting plaas. Kandidate moet in al drie afdelings slaag. 'n Gemiddelde persentasie word nie bereken om aan die kandidaat 'n slaagpunt toe te ken as hy in sommige van die afdelings onsuksesvol was nie (Rav-on, 1982).

Die opleiding word waargeneem deur personeellede van die Wingate-instituut (alle afdelings) en gespesialiseerde afrigters (ook uit die buiteland) wat op uitnodiging onderrig waarneem.

Voorsiening word dikwels gemaak vir ouer, ervare afrigters om op 'n bepaalde kwalifikasievlak erkenning te kry. Die Israeli's streef daarna dat alle afrigters gekwalifiseerd sal wees.

Sportopleiding kom ook voor in die leergange van onderwysstudente in Liggaamlike Opvoedkunde, aangesien sportonderrig wat in die skoolleergange voorkom deur die onderwysers behartig word. 'n Driejaardiploma, of 'n vierjaargraadkursus (BA, LO) kan in samewerking met die Tel Aviv-universiteit gevolg word.

Op versoek van die sportfederasies word wanneer die behoefte bestaan, klinieke in die verskillende sportsoorte aangebied. Gedurende 1982 is elf klinieke in agt verskillende sportsoorte vir 650 deelnemers aangebied. Dié klinieke duur van een tot drie dae (Kanitz, 1982).

4.2.3.3 Verskillende instansies waar afrigting plaasvind en die vlakke van deelname

a) Sportafrigting op skoolvlak

Alle skoolkinders deurloop twee tot drie periodes liggaamlike opvoeding per week. Diegene wat sporttalente openbaar, ontvang sport as vak (algemene sportbedrywighede) en daar bestaan ongeveer vyftig skole in Israel waar eksamen in sport geskryf word. Belowende sportlui kan verder naskools by 'n sportskool onderrig in hul besondere sportsoort ontvang. Skole uit 'n bepaalde area kom op 'n sentrale punt bymekaar vir hierdie onderrig. Internetskoolkompetisies is baie belangrik (Rav-on, 1982).

b) Sportafrigting na skoolopleiding

In Israel bestaan vyf universiteite, twee tegniese kolleges en talle onderwysopleidingskolleges. Hierdie inrigtings hou gereeld kompetisies teen mekaar.

Verder vind afrigting op klubvlak en nasionale vlak plaas.

Kompetisiesport in Israel word op 'n vrywillige, onafhanklike basis georganiseer. Die meeste aktiwiteite word gereël deur nasionale sportklubs wat takke in alle dele van die land het.

Klub- en nasionale spanne maak van die geriewe te Wingate vir oefenkampe gebruik.

Die magte gee nie veel aandag aan sportafrigting nie, maar die verskillende afdelings in die weermag ding tog teenmekaar mee.

Die meeste van die sportafrigters en instrukteurs werk nie voltyds as sportafrigters nie. Enkele sportsoorte, soos byvoorbeeld sokker en basketbal het afrigters vir hulle eerstespanne. Die meeste afrigters en instrukteurs werk gedurende die middag of oor naweke en is gevolglik deelyds in diens (Sports and Physical Education Authority, 1981:3). Baie liggaamlike opvoedingsonderwysers wat ook as afrigters opgelei is, is betrokke by sportafrigting in sportsentra en sportklubs.

Sokkerafrigters op nasionale vlak kan tot 30 000 Amerikaanse dollar per jaar verdien en die betaling kom dan af tot by 10 000 dollar of selfs 1 000 dollar, afhangende van die vlak van afrigting (Rav-on, 1982).

Die Wingate-instituut het skale opgestel wat met die kwalifikasies korreleer en 'n afrigter is geregtig om betaling volgens sy kwalifikasie vir sy dienste te eis (Kanitz, 1982). Dit gebeur egter dat as gevolg van omstandighede die afrigter minder of meer ontvang. In gevalle waar die vergoeding wat die afrigter vra te hoog is as gevolg van 'n tekort aan afrigters, rig die sportfederasies versoeke aan die afrigterskool om die opleiding van afrigters (Kanitz, 1982).

Die afrigter se beroepsekuriteit hang nou saam met die prestasie van sy span en na agtereenvolgende nederlae kan hy maklik sy afrigtingsopdrag verloor (Rav-on, 1982). Die grootste persentasie afrigters in alle sportsoorte is tans

mans, naamlik negentig persent en mans neem ook gereelder aan sport deel as dames, tagtig persent teenoor twintig persent. Sportafrigtingsposte in Israelis skaars, soveel so dat as van die personeellede te Wingate te lank uit hul poste afwesig is (as gevolg van studie byvoorbeeld) dit gevul word deur iemand anders, tensy die regering die poste bevries (Rav-on, 1982).

Die Sport en Liggaamlike Opvoedkunde Owerheid finansier tot tagtig persent van die opleidingstelsel te Wingate. Die res van die onderrigkoste word deur die studenteafrigters self voorsien. Die Wingate-instituut is verantwoordelik vir die salarisse van sy personeellede. Deelnemers aan die verskillende opleidingskursusse is ook verantwoordelik vir hulle eie reisonkoste. Aangesien die kursusse hoofsaaklik gedurende vakansietye en naweke aangebied word, maak dit nie inbreuk op verlofvoorregte nie.

4.3 KANADA

4.3.1 Inleiding

Nadat die Kanadese span by die 1968-Olimpiese Spele baie swak gevaar het, het die Kanadese regering besluit om 'n diepte-onderzoek na sport te laat instel. Die verslag van hierdie onderzoek is in 1969 voorgelê. Verskeie aspekte ten aansien van sportafrigting het na vore gekom:

- i) Sportafrigting as 'n beroep het nie bestaan nie.

Baie min mans en dames het beroepsmoontlikhede in afrigting gesien en min goedgebetalende afrigtingsposte

was beskikbaar.

- ii) Die Liggaamlike Opvoedkundeleerplan het nie in besonder voorsiening gemaak vir die opleiding van studente as afrigters nie.
- iii) Onderwysers wat op skool die leiding in sport moes neem, was nie voldoende daarvoor toegerus nie.
- iv) Kanadese sport het baie sterk gesteun op die hulp van vrywilligers vir wie daar geen of baie min geleentheid was om die nodige opleiding te ontvang.
- v) Die gebrek aan effektiewe sportleiding was veral opvallend by die jonger sportlui (Rea et al., 1969:61).

"Einer der wesentlichen Ansatzpunkte bestand in der systematischen Reformierung des Trainersystems" (Krüger, 1980:94). Om dit te kan realiseer, is die Afrigtersvereniging van Kanada in 1970 gestig. Alhoewel Kanada tydens die Olimpiese Spele in Montreal in 1976 nog swaar geleun het op internasionale afrigters, is al meer aandag gegee aan die opleiding van eie afrigters en tekens van welslae is alreeds opgemerk, onder andere toe die Kanadese Dameshokkiespan wat tiende gekeur was vir die Wêreldbekertoernooi in Kuala Lumpur (1983) tweede, ná Holland (eerste gekeur) geëindig het*.

4.3.2 Sportwetenskap

Kanada het besef dat hulle nie ten aansien van wetenskaplike inoefeningstegnieke, vaardigheidsontwikkeling, afrigting,

* Die afrigting in hierdie geval is waargeneem deur 'n dame verbonde aan die universiteit van Toronto en 'n Kanadese burger. Sy is ook aangewys as die beste afrigter van die toernooi.

voorkoming van beserings en bestuur met die res van die sportwêreld sou kon tred hou, tensy:

- i) 'n stelsel ontwerp word om die navorsingswerk wat reeds gedoen is, te interpreteer;
 - ii) eie navorsing aangepas word by besondere behoeftes, en
 - iii) 'n sisteem ontwerp word waardeur beskikbare inligting na die afrigters, leiers en atlete deurgevoer kan word.
- Goeie navorsing word tans deur die universiteite gedoen (Bales, 1982).

Ten aansien van die mediese sorg en toesig by veral nasionale spanne, was daar baie tekortkominge. Kanadese sportlui was hoofsaaklik aangewese op die welwillende samewerking van medici. Hierdie medici moes dikwels hulp verleen ten koste van hul eie praktyk, aangesien daar geen dokter in Kanada is wat van sportmedisyne 'n bestaan kan maak nie. Die stigting van 'n Kanadese Sportmedisynevereniging is aanbeveel. Die hoofsaak van hierdie vereniging is die mediese toesig oor sportaktiwiteite in Kanada en van nasionale spanne in internasionale kompetisie.

Sportnavorsing is aangemoedig deur middel van beurse wat toegeken is. Die Kanadese lê baie klem op praktiese, bruikbare navorsingsresultate wat toegespits is op besondere behoeftes, soos byvoorbeeld die voorkoming van sportbeserings, beskermende apparaat (byvoorbeeld in yshokkie), inoefeningsmetodes, die verhouding van sportprogramme tot ouderdom, terapeutiese metodes en die beste voeding vir die atleet.

Die Kanadese Vereniging vir Sportwetenskappe publiseer sedert Januarie 1976 kwartaaliks 'n tydskrif* waarin artikels oor alle aspekte van die sportwetenskappe gepubliseer word.

4.3.3 Die professionalisering van sportafrigting

4.3.3.1 Die beheer en koördinerings van afrigting

Die afrigtingsvereniging van Kanada is 'n organisasie wat nie op winsbejag ingestel is nie en wat by die federale regering onder die departement Sport Kanada ingeskakel is. Die Kanadese regering het hierdie vereniging aangewys as die amptelike nasionale organisasie wat verantwoordelik is vir die ontwikkeling van 'n effektiewe afrigtingstelsel. Tans is 35 persone in die vereniging werksaam, waarvan sommige kundiges is en ander klerklike werk verrig. 'n Groot sterkpunt van hierdie vereniging is geleë in die sentraalgeorganiseerdheid daarvan.

Die afrigtingsbeleid word deur die federale regering ondersteun en op provinsiale en lokale vlakke deurgevoer. Hierdie vereniging werk ook saam met die verskillende sportliggame, sodat daar koördinasie is op alle regeringsvlakke en verskillende sportsoorte. Aangesien openbare fondse gebruik word, geniet die stelsel ook die ondersteuning van die publiek.

* *Canadian Journal of Sport Sciences.*

Die afrigtingsvereniging bestaan uit verskillende departemente en in elke departement is kundiges om die verskillende vertakkinge van die afrigtingsprogram te organiseer. Individuele afrigters kan by hierdie vereniging aansluit. Volle lidmaatskap is teen 16 dollar per jaar aan alle afrigters wat reeds 'n kursus in die nasionale sertifiseringsprogram deurloop het, beskikbaar. Gedeeltelike lidmaatskap is ook aan ander afrigters, teen 16 dollar beskikbaar, al het hulle nog nie van die kursusse deurloop nie.

Voordele wat hierdie lidmaatskap bied is dat literatuur gereeld aan die afrigters beskikbaar gestel word*, en volle lede kan ook ander afrigtingsmateriaal by die afrigtingsvereniging teen afslag aankoop.

Die name van alle afrigters wat kursusse van die afrigtersvereniging geslaag het word op 'n nasionale register (databank) gehou. Daar is tans meer as 4 000 van hierdie geregistreerde afrigters wat op 'n vrywillige basis onder die amateursportlui van Kanada werksaam is.

Slegs die sportsoorte wat inskakel by die nasionale sertifiseringsprogram ontvang finansiële steun van die staat. Tans is daar ongeveer sestig sportsoorte wat by hierdie projek betrokke is.

-
- * i) 'n tweemaandelikse afrigtingstydskrif ("*Coaching Review*")
ii) 'n vrystelling deur die sportdokumentasiesentrum ("*SIRC recommends*")
iii) 'n sportwetenskaplike tydskrif wat jaarliks die belangrikste sportwetenskaplike inligting saamvat ("*Coaching Science Update*")
iv) 'n brosjure waarop alle hulpmiddels soos films, skyfies ensovoorts wat vir sportafrigting beskikbaar is, aangegee word ("*Select Sport catalogue*").

Die samewerking tussen die sportliggame en die afrigtersvereniging is tans goed en kommunikasie word ook vergemaklik as gevolg van die feit dat die administratiewe kantore van ongeveer sestig amateursportliggame in dieselfde gebou as dié van die afrigtersvereniging in Ottawa gevestig is. Samewerking met sportsoorte wat in eie reg nog nie veel aan die opleiding van hulle afrigters gedoen het nie, was aanvanklik beter as met die sportsoorte wat reeds oor 'n lang periode die afrigting van hul eie afrigters waargeneem het. 'n Sportsoort wat baie sterk staan in Kanada, naamlik yshokkie, het eers gedurende 1982 na baie samesprekings tussen die betrokke administrateurs by die opleidingskema ingeskakel.

Daar bestaan nie wetgewing wat 'n afrigter verbied om af te rig tensy hy of sy oor die nodige kwalifikasies beskik nie. In hierdie verband maak die Kanadese afrigtersvereniging staat op nasionale sportliggame om hulle afrigters te motiveer om die nodige kwalifikasies te behaal (Wood, 1982).

4.3.3.2 Die opleiding van afrigters

Aan die begin van 1970 was die geleentheid vir die formele opleiding van afrigters baie beperk en daar was baie min professionele afrigtersposte in Kanada. Opleidingsgeleentheid het sedertdien verbeter. Sommige universiteite bied kursusse vir die opleiding van afrigters aan en aan 'n universiteit kan selfs 'n meestersgraad in sportafrigting verwerf word. Die studente volg die teorie by die universiteit en vir praktiese werk doen hulle afrig-

ting. Verder word byvoorbeeld ook vir die aanbieding van sekere sportsoorte aan voorgraadse liggaamlike opvoedkunde studente gebruik gemaak van handleidings wat vir opleiding van afrigters gebruik word (Wood, 1982). Wanneer Liggaamlike Opvoedkunde gegradueerdes wil kwalifiseer vir afrigtingssertifikate, word hulle van vlak I-teorie vrygestel en kan by vlak II begin.

Die afrigtersvereniging is die sleutelorganisasie in Kanada vir die opleiding van afrigters. Die opleiding van afrigters en daarmee saam die beywering vir die voorsiening van hulp sodat afrigters vergoed kan word, is van hoë prioriteit vir die afrigtersvereniging. Verskeie projekte word deur die afrigtersvereniging van stapel gestuur om afrigters op te lei en om opleiding moontlik te maak, naamlik:

- i) reeds genoemde afrigtersopleiding
 - ii) die nasionale assistentafrigtersprogram
 - iii) beskikbaarstelling van afrigtingsbeurse en
 - iv) die jaarlikse seminaar en afrigtingseminare
- Laasgenoemde drie opleidingsprogramme is direk gerig op topsportafrigters.

a) Die afrigtersopleidingsprogram

In hierdie program word vir vyf verskillende kwalifikasievlakke voorsiening gemaak. In tabel 1 word die vlakke tesame met die vlak waar afgerig kan word asook die ondersteunende programme aangedui.

TABEL 1 n Oorsig van die afrigtersopleiding, die vlakke van afrigting en die ondersteunende programme
(Bales, 1982)

Afrigtingsvlak	I lokaal	II lokaal/streek	III provinsiaal	IV nasionaal	V internasionaal
Opleidingspro- gram	sertifisering vlak I	sertifisering vlak II	sertifisering vlak III	sertifisering vlak IV vakleerlingskap	sertifisering vlak V nasionale semi= naar
Ondersteunings= programme	Provinsiale ondersteuning Salarisse en honoraria vir provinsiale, streeks- en klubafrigters			Nasionale ondersteuning i) aan nasionale sportliggame vir: * salarisse en reiskostes van nasionale afrigters * klubprestasies * streeks-/ deelafrigters * honoraria ii) aan universiteite vir ondersteu= ning aan sportontwikkelingsen= tra	

In 1974 is die eerste formele kursusse aangebied en sedert 1977 beheer die Nasionale Sertifiseringsraad, verteenwoordigend van die federale-, provinsiale en streeksregerings en die nasionale-, provinsiale- en streeksportliggame, tesame met die Afrigtersvereniging van Kanada, hierdie program.

Beide die afrigtersvereniging en verskillende sportsoorte is verantwoordelik vir die opstel van handleidings wat vir die opleiding gebruik word.

Die afrigtersvereniging is verantwoordelik vir die teorie-handleidings op die eerste drie vlakke en behandel basiese aspekte wat van toepassing op alle sportsoorte is, terwyl verskillende sportsoorte tegniese handleidings op die onderskeie vlakke moet saamstel. Die praktiese deel van die opleiding word ook deur verskillende sportsoorte behartig.

'n Bedrag van \$18 000 word aan sportsoorte beskikbaar gestel om vir die samestelling van die handleidings te gebruik. Die afrigtersvereniging het ook 'n handleiding gepubliseer waarin leiding gegee word ten aansien van die samestelling van die handleidings*. Die verskillende sportsoorte bepaal volgens eie behoeftes die hoeveelheid tyd wat vir praktiese opleiding vereis word.

* Coaching Association of Canada, 1979, *Publishing a manual*, Ottawa: C.A.C.

Vlakke IV en V verskil van die eerste drie, aangesien die opleiding op hierdie vlak die verskillende sportsoorte se verantwoordelikheid is*. Op hierdie vlakke word ook nie spesifieke afrigtingskursusse aangebied nie.

Tabel 2 stel die vyf verskillende opleidingsvlakke voor, met instansies wat verantwoordelik is vir die implimentering daarvan, asook die hoof fokuspunte, en die tydsduur verbonde aan die onderrig van die verskillende vlakke.

Tabel 3 weergee 'n oorsig van die sportsoorte met goedgekeurde tegniese programme en die vlak tot waar hulle reeds gevorder het met die implimentering daarvan.

b) Die nasionale assistentafrigtingsprogram

Die doel met hierdie program is om meer nasionale en internasionale afrigters in Kanada te help oplei, en om sportlui vir internasionale kompetisies voor te berei. Toekennings van 15 000 Kanadese dollar word jaarliks beskikbaar gestel sodat hierdie assistentafrigters voltyds in hulle besondere sportsoorte saam met 'n nasionale afrigter kan werk (Bales, 1982). Die assistent afrigter volg 'n individuele opleidingsprogram. Hieronder kan sowel verskeie kursusse op meestersgraadvlak aan 'n universiteit in Kanada of die buiteland ingesluit wees, as praktiese afrigting. Die assistentafrigter=

* Die handleidings word in 'n ringlêer ingebind sodat nuwe inligting stelselmatig bygevoeg kan word.

TABEL 2 Opleidingsvlakke, instansies verantwoordelik vir implimentering, hoof fokuspunte en tydskuur vir onderrig (CAC, 1983)

Vlak No.	Afdeling	Verantwoordelikheid van implementering	Hoof fokuspunt	Ure			
				Teorie	Tegnies (minimum ure)	Prakties	
I	Tegnies en Prakties	Provinsiale/ Streeksregerings	Fundamentele aspekte	. Daaglikse oefening/ . Seisoen= program	14 21	8 12	1 jaar 3 jaar
II		Provinsiale en Streeksportliggame	en				
III			Ontwikkeling	. Jaarprogram	25	26	5 jaar
IV		Federale Regering en Nasionale Sportliggame en Nasionale afrigtersvereniging	Nasionale en Internasionale prestasie	. Nasionale Multi-seisoen Beplanning . Internasio= naal	Al drie afdelings volgens individuele behoeftes van sportsoorte		

TABEL 3 SPORTSOORTE MET NASIONALE GOEDGEKEURDE TEGNIESE PROGRAM EN DIE VLAK WAARTOE HULLE REEDS GEVORDER HET (CAC, 1982)

SPORT	Vlak 1	Vlak 2	Vlak 3	Vlak 4	Vlak 5
Boogskiet	x	x	x		
Pluimbal	x	x	x		
Bofbal	x	x			
Basketbal	x	x			
Rolbal (5 pen)	x				
Rolbal (10 pen=					
Boks	x	x			
Kano	x				
Krieket					
"Curling"	x	x	x		
Fietsry	x	x			
Duik	x	x			
Perdry	x				
Skerm	x	x			
Veldhokkie (M)	x				
Veldhokkie (D)	x	x	x		
Figuurskaats	x				
Amerikaanse voetbal	x	x	x	x	
Gimnastiek	x	x			
Handbal	x				
Handbal (span)	x				
Yshokkie	x	x	x		
Judo	x				
Lacrosse	x	x			
Veldrolbal	x	x			
Moderne ritmiese gimnastiek	x	x			
Oriëntering					
Valskerm spring	x	x			
Racquetbal	x				
Ringtennis	x				
Roei	x	x	x		
Rugby	x	x			
Skiet					
Ski (Alpiese)	x	x	x		
Ski (Eiekeuse)	x	x			
Ski (spronge)					
Ski (Landloop)	x	x			
Sokker	x	x	x		
Sagtebal	x	x		x	
Spoedskaaats	x	x			
Muurbal	x	x	x		
Swem	x	x			
Gesinchroniseerde swem	x	x	x		
Tafeltennis	x	x			
Tennis	x	x			
Atletiek	x				
Spronge		x			
Worpe		x			
Naellope/hekkies		x			
medium- en langafstand		x			
Trampoline	x				
Vlugbal	x	x	x		
Waterpolo	x	x	x		
Waterski	x	x			
Gewigoptel	x	x			
Stoei	x	x			
Seilboot	x	x	x		

program gee aan sportliggame die geleentheid om ervaring op te doen in die opleiding van hoëvlakafrigters en dit behoort ook aan die sportliggame leiding te gee ten aansien van die samestelling van die vlak IV en V afrigtersertifiseringsprogramme.

c) Studiebeurse vir afrigting

Die beskikbaarstelling van studiebeurse vir afrigting gee aan Kanadese afrigters die geleentheid om tot op meestersgraad- of doktorsgraadvlak ten aansien van sport=afrigting op die topsportvlak te vorder. Hierdie studie=beurse word deur die departement Sport Kanada, beskikbaar gestel. Gedurende 1979/90 is nege sodanige beurse ter waarde van \$2 500 elk (ongeveer R2 500,00) beskikbaar gestel.

d) Nasionale seminare.

Seminare vir nasionale afrigters word jaarliks aangebied ten einde die topafrigters in die land die geleentheid te gee om op hoogte te kom van die nuutste ontwikkelinge ten opsigte van sportafrigting en ook om gemeenskaplike probleme te bespreek. Sommige provinsiale sportliggame bied ook periodiek studiegroepe aan en tydens sulke byeenkomste word bepaalde afrigtingsaspekte in diepte bespreek (Wood, 1982).

4.3.3.3 Vlakke van deelname en instansies waar afrigting plaasvind

a) Sport in die skole

Alhoewel die federale regering die nasionale sportafrigtingsplan ondersteun, het hulle geen beheer oor skole of skoolbeleid nie. Sportafrigting op skool word hoofsaaklik waargeneem deur die liggaamopvoedingsonderwysers en enkele klubafrigters. Van hierdie onderwysers beskik oor byvoorbeeld die vlak I-afrigterssertifikaat. Skoolsport in Kanada beklee egter nie so 'n belangrike plek as in Suid-Afrikaanse skole nie (Mackenzie, 1982). Tog word dit beskou as die beginpunt vir die aanleer van sportaktiwiteite. Belowende sportlui sluit dikwels by klubs aan vir individuele afrigting. Onderwys val onder die beheer van die provinsies. Nogtans is in die verslag van die sportondersoek aanbeveel dat:

- i) die regering sy invloed moet gebruik om die rol van sport in die liggaamlike opvoedingleerplan uit te bou;
- ii) die regering 'n eenheid van goeie sportlui en afrigters beskikbaar moet stel om behulpsaam te wees vir afrigting by skole en
- iii) dat beurse aan belowende sportlui toegeken moet word sodat hulle 'n spesiale inoefeningsprogram kan volg.

b) Sport aan Kanadese Universiteite

Sport word aan Kanadese universiteite as deel van die opvoedingsprogram beskou. In 'n verslag oor sport aan Kanadese universiteite, wat in 1974 saamgestel is, is aanbeveel dat die sportafdeling van universiteite by die liggaamlike opvoedkunde-eenheid ingeskakel moet word en dat die koste benodig vir sport deur die universiteit self uit eie fondse voorsien moet word (Matthews, 1974:14). Aandag word gegee aan massadeelname en kompetisiesport op klubvlak. Interuniversitêre kompetisies vind gereeld plaas en studente-spanne word gereeld saamgestel.

Sekere spansportsoorte is sterker aan die universiteite as by gewone klubs, soos byvoorbeeld basketbal, vlugbal en dameshokkie. Die beste geriewe en afrigting word gevolglik in hierdie verband by die universiteite aangetref.

c) Sport in die magte

In Kanada bestaan geen stelsel van verpligte militêre diens nie. Individue kan egter aansluit by die leer, maar sport speel nie 'n belangrike rol nie. Georganiseerde sport is nie geslaagd nie, alhoewel programme vir fisieke fiksheid wel bestaan (Bales, 1982).

d) Sport vanaf klub tot nasionale vlak

Op die algemene klubvlak is massadeelname belangrik en alhoewel toesig en afrigting vir elkeen nodig is,

word nie baie ten aansien van prestasies verwag nie.

By topsportdeelname is gespesialiseerde kennis en baie tyd nodig. Sommige sportsoorte figureer sterker by gewone klubs as by die universiteite. Dit is hoofsaaklik individuele sportsoorte soos swem en atletiek.

Die klubs lewer gewoonlik die beste prestasies in hierdie sportsoorte. 'n Stelsel is ontwikkel waarvolgens potensiële kampioene vroeg geïdentifiseer word. Aan hulle word gevorderde afrigting en voldoende kompetisies voorsien. Die ideaal is dat daar in soveel moontlik sportsoorte nasionale spanne sal wees met voortdurend ruimte vir nuwe toevoegings. Voor belangrike byeenkomste trek hierdie spanne in oefenkampe saam en oefen dan onder leiding van die nasionale afrigter en dikwels ook 'n assistent-afrigter.

4.3.3.4 Die status van die sportafrigter

Afrigting as sodanig is tans nie 'n volwaardige beroep in Kanada nie. Hier moet genoem word dat swem een van die weinige sportsoorte is wat daarin kon slaag om 'n afrigtersprofessie deur die land te vestig. 'n Swemafrigter verdien tussen \$20 000 en \$40 000 dollar per jaar en dit vergelyk goed met hoërskoolonderwysers in Kanada.

In sommige sportsoorte soos Alpyse ski word deeltydse afrigters op 'n kontrakbasis gehuur. By figuurskaats word ook professionele afrigters aangetref, maar dan hoofsaaklik op die basis van bepaalde lesse teen betaling.

- Die grootste belemmerende faktor is die gebrek aan finansiële steun aan nasionale afrigters. Die nasionale afrigters is gewoonlik betrokke by 'n ander voltydse beroep. 'n Nasionale afrigter beklee byvoorbeeld 'n professoraat aan 'n universiteit en gedurende die universiteitsvakansie gedurende die somer=maande is hy voltyds in diens van 'n nasionale sportliggaam as nasionale afrigter (Bales, 1982). 'n Groot beperking op die uitbreiding van die assistentafrigtersprogram is die gebrek aan voltydse afrigtersposte vir diegene wat die program voltooi het. Die outoriteite besef egter dat as Kanada werklik die kwaliteit van die sportprogramme wil verbeter, gekwalifiseerde sportleiding nodig is en hierdie afrigters moet die geleentheid gegun word om in hulle beroep te werk. Professionele afrigting moet aan die nasionale sportlui voorsien word, indien prestasies verder moet verbeter.

Intussen bly die maatstawwe waaraan die kwaliteit van die afrigter gemeet moet word, die welslae wat hy behaal "... if he fails to produce he can be fired after the results are assessed by the executive of the specific sport association" (Rea et al., 1969:68).

Die aanstelling van nasionale afrigters in die verskillende sportsoorte is die verantwoordelikhede van die onderskeie sportliggame self. Onderhoude word met kandidate gevoer. By hierdie onderhoude is ook verteenwoordigers van die afrigtersvereniging en Sport Kanada.

Voordat die afrigtersertifiseringsprogram in werking getree het, was daar wel afrigters wat unieke bydraes gemaak het,

waaronder van hulle as nasionale afrigters aangestel is.

Sodat die kwalifikasie en die status van die afrigter kan korreleer, word daar tans 'n samevatting van vlakke II en III (teorie) gemaak en sodra die reeds erkende afrigter die eksamen oor hierdie werk geslaag het, word die nodige kwalifikasies outomaties op datum gebring en sodanige individu kan dan voortgaan met algemene afrigtingswerk op vlakke IV en V.

Die Departement Sport Kanada voorsien die finansies aan sportliggame om die nasionale afrigters te vergoed. Dit is moeilik om 'n algemene beleid hier te formuleer, aangesien dit in die geval van verskillende sportsoorte verskil en die kontrakte van hierdie afrigters dus verskil.

Uit die algemene Kanadese begroting word 40 miljoen dollar (40 miljoen rand) aan sport bewillig. Al het Kanada tans finansiële probleme, vorm hierdie bedrag maar 'n klein persentasie van die totale begroting.

Van die 40 miljoen dollar word tien miljoen aan rekreasie en fiksheidsprogramme bewillig, terwyl die res aan die verskillende afdelings van sport bestee word, soos byvoorbeeld nasionale kompetisies, salarisse en afrigting. Die afrigtersvereniging bestee die Kanadese dollar as volg:

30,2% Afrigterskwalifikasie, 22,4% vir die samestelling en verspreiding van materiaal, 11,4% Administrasie, 9,8% Dokumentasiesentrum, 9,4% die bevordering van gevorderde afrigting, 6,6% spesiale projekte, 6,5% Tegniese ontwikkeling en 3,7% publikasies en kontak tussen die sportliggame.

4.4. DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (V S A))

4.4.1 Inleiding

Die Verenigde State van Amerika het die ekstensiefste skool=sportsisteen in die wêreld en daarmee saam ook 'n baie eksten=siewe professioneel-kommersiële sportstelsel. Die totale uitgawe aan hoërskool-, kollege- en universiteitsport beloop baie meer as die uitgawes van enige regeringsondersteunde sportstelsel in die wêreld. Daar is miljoene sportlui onder die hoërskoolleerlinge in die V.S.A., veral in Amerikaanse voetbal en basketbal, maar ook in die kleiner sportsoorte. Hierdie miljoene sportbeoefenaars tesame met duisende betaalde afrigters vorm die piramidebasis van 'n topsportpiramide waar goeie prestasie die enigste maatstaf is om bo uit te kom (Gilbert, 1980:56-57).

Suksesvolle hoërskoolafrigters word hoofafrigters aan kolleges en universiteite en wanneer hulle hier suksesvol is, word hulle professionele afrigters. Sportlui volg ook ongeveer dieselfde ontwikkeling totdat hulle as professionele sportlui baie geld met hulle afrigting verdien.

Behalwe voetbal en basketbal, is bofbal verder 'n belangrike professionele sportsoort, terwyl sportsoorte soos yshokkie, perderebies, boks, gholf, tennis en sokker ook professioneel beoefen word.

Na die Tweede Wêreldoorlog het nie alleen professionele sport=soorte gegroei nie, maar ook amateursport het 'n verwagting vinnig ontwikkel (Spears, 1978:265).

Die Amerikaanse prestasiesportsisteem is soos geen ander nie, outonoom en op sigself aangewese. Selfs die Unie van Sowjet Sosialistiese Republieke (USSR) of die Duitse Demokratiese Republiek (DDR) wat ten aansien van wedstrydsport nie geneig is tot samewerking nie, voldoen meer aan die internasionale eise as die VSA.

Die amateursportsoorte is egter grotendeels met betrekking tot organisasie en alle fasette van afrigting aan hulle self oorgelaat. Die VSA, soos ook baie ander lande, is bekommerd oor die stand van amateursport in hulle land.

Die agteruitgang word veral gemerk op 'n wye vlak internasionale en Olimpiese sportsoorte (Gilbert, 1980:57).

'n Bydraende faktor tot die agteruitgang in amateursport kan gevind word in die feit dat daar geen gekoördineerde, sentraal georganiseerde beleid ten aansien van sportafrigting in die VSA is nie. Dit is die geval ten spyte van die feit dat waardevolle bydraes met betrekking tot die sportwetenskap deur Amerikaners gelewer is.

4.4.2 Sportwetenskap

Navorsing in sport word oor 'n wye terrein in die VSA onderneem. Daarvan getuig talle wetenskaplike artikels wat in tydskrifte en boeke gepubliseer word en ook suksesse wat individuele atlete deur middel van wetenskaplike inoefeningsmetodes behaal. Die navorsing en die toepassing van die resultate vind egter geïsoleerd plaas, sodat daar in baie gevalle duplisering van navorsing is, terwyl die teoretiese bevindinge in ander gevalle nooit

in die praktyk toegepas word nie.

In hierdie opsig gebeur dit gereeld dat van die Oosbloklande die resultate van basiese sportnavorsing wat in die Weste gedoen is, oorneem en prakties implimenteer (Burton, 1982).

Heelwat sportnavorsing word tans deur die universiteite onderneem. By die Universiteit van Illinois te Urbana-Champaign beskik die Liggaamlike Opvoedkundedepartement oor vier navorsingslaboratoria en 'n rekenaar. Die laboratoria word gebruik vir navorsing in biomeganika, motoriese gedrag, fisieke fiksheid en terapeutiese oefeninge.

Groeiende belangstelling in die sportwetenskap het gelei tot die stigting van professionele verenigings vir onder andere sportpsigologie en liggaamlike aktiwiteit (1966), sportfilosofie (1972), sportgeskiedenis (1973) en sport= antropologie (1974-75). Hierdie verenigings het veral aan studente en navorsers in die verskillende rigtings geleenthede gegee om hul navorsing en publikasies bekend te stel (Spears, 1978:298).

Die Amerikaanse Vereniging vir Gesondheid, Liggaamlike Opvoedkunde en Rekreasie (AAHPER) is in 'n mate die nasionale spreek= buis vir sportverwante aangeleenthede. Hierdie vereniging publiseer twee tydskrifte waarin kenners navorsingsresul= tate kan publiseer.

In 1974 is die naam van voorgenoemde vereniging verander na die Amerikaanse Bond vir Gesondheid, Liggaamlike Opvoedkunde en Rekreasie (nog afgekort AAHPER). Hierdie bond is

verdeel in sewe verskillende verenigings waaronder die Nasionale vereniging vir Sport en Liggaamlike Opvoeding (Spears, 1978:298).

Aan enkele universiteite word sport as wetenskap aangebied. In 1970 het die Staatsuniversiteit van New York die moontlikheid geskep vir Sportkunde as hoofvak vir 'n voorgraadse kursus. Die universiteit van Massachusetts het in 1973 begin met die organisering van 'n departement van Sport. By ander universiteite is sportgerigte onderwerpe ingesluit by die liggaamlike opvoedkundeleergang, soos byvoorbeeld sportpsigologie, -sosiologie, -geskiedenis, -filosofie, inoefeningsfisiologie, biomeganika en sportinoefening (Spears, 1978:300). Sportafrigting vorm oor die algemeen deel van die inhoudelike vir die liggaamlike opvoedkundeleergang, maar dan vir 'n bepaalde sportsoort sonder die algemene sportkundige agtergrond.

4.4.3 Die professionalisering van sportafrigting

4.4.3.1 Die beheer en koördinerings van afrigting

In die Verenigde State is onlangs 'n begin gemaak met afrigtersopleidingsprogramme, maar daar bestaan geen koördinerings tussen die verskillende sportsoorte nie. Elke sportliggaam werk hoofsaaklik volgens eie inisiatief. Individue of instansies wat afrigtingsprogramme organiseer tree tans heeltemal geïsoleerd op. Hierdie programme word nie nasionaal gekoördineer nie. Befondsing word hoofsaaklik deur privaatpersone gedoen, met die gevolg dat so 'n stelsel in 'n sakeonderneming kan ontwikkel.

In die geval van die *American Coaching Effectiveness Programme* (ACEP) word leiers van sportgemeenskappe of sportliggame opgelei. Dié instansies bly egter outonoom en na die opleiding van kursusleiers, bied hulle self in eie reg kursusse aan en doen gevolglik die sertifisering self. Hierdie individuele instansies oefen dus self beheer oor afrigtingsaspekte uit en koördineer verwante sake (Simon, 1982).

Direkteure word op deeltydse basis in die verskillende state aangestel om die programme op lokale vlak te bevorder. Hierdie direkteure bestee soms tot selfs dertig uur per week daaraan.

4.4.3.2 Die opleiding van afrigters

Vir die gemiddelde Amerikaner was dit aanvanklik 'n vreemde gedagte dat sportafrigting tot die vlak van 'n wetenskap uitgelig kan word. Dit het al tradisie geword dat 'n groot aantal vrywillige afrigters met selfverworwe kennis die afrigting van veral die jong sportlui wat op massavlak deelneem, waarneem. Ongeveer sewentien miljoen kinders is hierby betrokke.

Daar is tans minstens drie afrigtersopleidingsprogramme in werking (benewens dié wat deur individuele sportverenigings geïnisieer is). Een hiervan is die *National Youth Sport Coaches' Association*. Dié opleiding is egter oppervlakkig.

'n Tweede program word by die Michigan Staatsuniversiteit deur die Jeugsportinstituut aangebied. Aanvanklik het die staat Michigan hierdie program gesubsidieer (meer as 100 000 dollar) maar met die verslegting van die ekonomiese toestand het die subsidie aansienlik afgeneem. Daar is

sprake dat hierdie program nasionaal bemark sal word, maar die organiseerders beskik nie oor dieselfde handleidings as vir die derde program nie.

Die derde program, die *American Coaching Effectiveness Program* (ACEP), word vervolgens kortliks bespreek. Dit het aanvanklik in 1976 by die Universiteit van Illinois begin en die doel daarvan was om opleiding te voorsien aan afrigters wat by skole afgerig het en nie die nodige opleiding gehad het nie.

In die samestelling van die opleidingsprogram, is ander stelsels ondersoek. Heelwat aspekte van veral die Kanadese stelsel is oorgeneem, maar moes by plaaslike omstandighede aangepas word.

Die ACEP-program is gerig op vrywillige afrigters, alhoewel professionele afrigters dit ook sal kan gebruik. In die ontwerp daarvan moes die finansiële implikasies noukeurig in ag geneem word aangesien geen subsidies hiervoor beskikbaar was nie.

Die opleidingsprogram bestaan uit drie verskillende vlakke. Die eerste vlak is gerig op die basiese aspekte van afrigting en duur sestien uur. Die tweede vlak is gerig op hoërskoolafrigters. Die vereistes wat deur die onderwysowerhede aan afrigters gestel word, wissel van staat tot staat, maar met hierdie opleiding sal die skoolgaande sportlui gehelp kan word. Hierdie tweedevlakopleiding behoort aan die begin van 1985 gereed te wees vir implimentering. Die derdevlakopleiding sal teen die middel van 1985 gereed wees en sal op topsportdeelnemers gerig wees.

Die vooruitsigte word gestel dat hierdie programme in die toekoms in die afrigtersopleiding van studente gebruik sal kan word.

Ander afrigtersopleidingsprogramme wat die verskillende vertakkinge van afrigting behels, is ontwerp deur verenigings van AAHPER,** deur die Suid-Wes Missouri staatskollege en die universiteit van Californië, Santa Barbara

Die ACEP-program vir vlak I word verdeel in twee afdelings naamlik 'n algemene vakwetenskaplike afdeling (tien uur) en 'n sportspesifieke afdeling (ses uur).

In die eerste afdeling word aandag gegee aan die filosofie van afrigting, sportpsigologie, sportpedagogiek, sportfisiologie en sportmedisyne (laasgenoemde handel oor die voorkoming en behandeling van sportbeseerings). Die tweede afdeling behels onderrig ten aansien van basiese vaardighede, basiese tegnieke, die reëls van die besondere sport en basiese aspekte van wedstrydbeheer en laastens organisatoriese aspekte van die sport. Tydens die aanbieding van hierdie kursus word selfwerkzaamheid sterk beklemtoon en die handleiding* wat beskikbaar gestel word, bied al die nodige inligting om op die basiese vlak te kan afrig.

* Martens e.a., 1981, *Coaching young athletes* Champaign: Human Kinetics.

** Kyk p.146.

Tabel 4 toon die ACEP-leergang vir die drie verskillende afrigterskwalifikasievlakke aan.

TABEL 4 ACEP-LEERGANG

Vlak	Sportspesifieke inhoud	Algemene sport= wetenskap
I	Woon klinieke by: 6 uur. Lees tegniese handlei= ding. 1 Voltooi eksamen (tuis)	Woon klinieke by: 9 uur Lees <i>Coaching Young Ath= letes</i> * Voltooi eksamen.
II	Woon klinieke by: 6 uur Lees tegniese handlei= ding. 2 Voltooi eksamen (tuis).	Woon klinieke by: 13 uur Lees intermediêre hand= leiding. Voltooi eksa= men.
III	Woon klinieke by: 12 uur Voltooi eksamen (tuis)	Woon klinieke by: 21 uur Voltooi eksamen.

In die ACEP-program gaan die sportspesifieke afdeling in samewerking met nasionale sportliggame opgestel word en dan beskikbaar gestel word om alle afrigters, ook diegene wat nie by die nasionale liggaam geaffilieer is nie. In bofbal is daar byvoorbeeld talle vlakke van deelname en slegs die afdeling wat met die topsportdeelnemers werk, is by die Olimpiese Komitee geaffilieer.

Alhoewel hierdie skema by die universiteit begin het, word dit tans deur 'n uitgewery* behartig. Dit is hoofsaaklik gedoen omdat die universiteit nie in staat was om dit aan

* Human Kinetics Uitgewery, Inc., Champaign, Illinois.

te bied nie en ook nie oor die finansiële vermoëns beskik het om die nodige handleidings beskikbaar te stel nie. Die Nasionale koördineerder van die program is op die personeel van die uitgewery.

Die ACEP-program maak ook vir indiensopleiding deur 'n tydskrif* wat handel oor afrigtingsaspekte voorsiening.

Omdat met vrywillige afrigters in hierdie verband gewerk word, kan nie te veel eise aan hulle gestel word nie en elke afrigtingsinstansie kan die program aanpas om by eie behoeftes te pas. In die ACEP-program word die afrigtingsmateriaal beskikbaar gestel, aanbevelings word gemaak, maar per slot van rekening word die sertifisering deur die instansie self gedoen.

Die eerste kliniek is gedurende April 1981 aangebied en die organiseerders hoop dat die finale opleidingsvlakke teen 1985 gereed sal wees.

Die mees ekonomiese manier om hierdie opleidingsprogram (ACEP) te implimenteer, is om die leiers van organisasies op te lei om self afrigtingsklinieke te kan hou. Hulle kan dit dan in hul eie omgewing aanbied wanneer dit ook al nodig is. Twee klinieke kan per jaar aangebied word, byvoorbeeld in die herfs en die lente.

* Sports Line

Wanneer 'n sportgemeenskap of sportliggaam die hele program aanbied, sal dit hulle aanvanklik ongeveer 1 900 dollar kos.*

4.4.3.3 Vlakke van deelname en instansies waar afrigting plaasvind

a) Sportafrigting in die skole

Deelname aan Amerikaanse skoolsport is baie omvangryk en dit neem 'n baie belangrike plek in die skoolprogram in.

* Vir die aanbieding van die klinieke is 160 skyfies en 5 films beskikbaar, asook instrukteurshandboek (1 500 van die reeds genoemde 1 800 dollar word bestee aan audio-visuele apparaat).

Dit kos ongeveer vyftien dollar vir 'n individu om 'n kursus by te woon; twaalf dollar hiervan vir die handleiding.

Die uitgewery maak geen wins uit die aanbieding van die program nie, maar wel uit die verkope van boeke wat met die kursusse gepaard gaan (Simon, 1982).

Sportafrigting wissel van skool tot skool, maar oor die algemeen word die afrigting deur die liggaamlike opvoedingpersoneel behartig. In sommige state mag slegs onderwysers afrig, terwyl afrigters van buite gebruik mag word in die state waar geskikte onderwysers nie beskikbaar is nie. Die aantal afrigters per skool en sportsoort wissel volgens die aantal deelnemers wat aan die bepaalde sportsoort deelneem.

Jeugsportaktiwiteite is ook omvangryk en in 1976 was ongeveer 93 000 kinders tussen die ouderdomme ses en sestien net in die staat Michigan alleen by massasportaktiwiteite betrokke. Hierdie sportgeleenthede in swem (ouderdomsgroepgalas), yshokkie, sokker, bofbal, basketbal, voetbal en andere, bied aan afrigters die ideale geleentheid om belowende deelnemers vir verdere afrigting te identifiseer en aan te beveel.

In die VSA bestaan 'n nasionale hoërskoolafrigtersvereniging om afrigtingsake op skoolvlak te bevorder.

b) Sport aan tersiêre onderwysinrigtings

'n Verskeidenheid sportsoorte word by dié inrigtings op interhuis- en klubvlak aangebied. Op hierdie vlakke moet die studente self voorsiening maak vir afrigting. Die topsportprogram en interuniversitêre kompetisies en -ligas word normaalweg deur die sportkantoor van die universiteit georganiseer.

Die sportkantoor funksioneer oor die algemeen sonder finansiële hulp van die universiteit self. Finansies om die sportaktiwiteite te laat plaasvind word verkry van hekgelde, donasies, borgskappe ensovoorts. Aan die universiteit van Illinois het die sportkantoor gedurende 1981/82 'n begroting van ongeveer vier miljoen dollar hanteer (1,7 miljoen is vir die bevordering van damesport aangewend) (Kahrs, 1982).

Interuniversitêre deelname (kompetisiesport) het 'n omvattende bedryf geword en in 1976 het 'n gemiddeld van 100 000 toeskouers die sewe tuiswedstryde in voetbal van die universiteit van Michigan bygewoon. Sommige sportsoorte trek meer toeskouers as ander, maar by die universiteit van Illinois word die hekgeld van voetbalwedstryde (+ 71 000 toeskouers) en dié van vlugbal (500 toeskouers) in 'n gesamentlike fonds gestort en volgens behoefte vir die verskillende sportsoorte aangewend.

As voorbeeld van die afrigtingsopset word die damesprogram van die universiteit van Illinois (30 000 studente) gekies, waar agt sportsoorte vir dames en elf vir mans op inter-universitêre vlak aangebied. Daar is ongeveer 260 dames wat aan kompetisiesport deelneem en ongeveer 400 mans.

Sowel voltydse en deeltydse afrigters as nagraadse studente word vir afrigting aangestel. Tans is daar twaalf voltydse afrigters onder die dames werksaam en hulle word bygestaan deur nege deeltydse nagraadse studente (Kahrs, 1982).

Afrigters word ook vir fisieke · fiksheidsinoefening aangestel en tans is twee voltyds en agt deelyds hierby betrokke. Hier kan genoem word dat nege voltydse afrigters en verskeie nagraadse assistente by die program vir Amerikaanse voetbal betrokke is.

Sportbeurse word aan belowende studente toegeken, maar hierdie beurse hou nou verband met akademiese prestasie en word teruggehou of gekanselleer indien die student nie na wense presteer nie.

Sport aan universiteite lewer 'n groot bydrae tot die ontwikkeling van sport op nasionale vlak.

c) Topsportdeelname

Nasionale spanne trek dikwels voor belangrike toernooie saam vir gespesialiseerde inoefening. Die Amerikaanse skispan is dikwels vir tydperke van selfs 270 dae weg van die huis af besig met oefenkampe en kompetisies, op plekke wat geskik is vir die inoefening. Ander spanne, byvoorbeeld dameshokkie, oefen by tye selfs twee maande saam. Die meeste nasionale liggame beskik oor nasionale afrigters. Diegene onderneem dikwels die take vir 'n beperkte tydperk (vier-/vyf jaar).

d) Somerkampe

Somerkampe word op alle vlakke en in die meeste sportsoorte dwarsdeur die land aangebied. By hierdie kampe word gespesialiseerde afrigting op die bepaalde vlak aangebied.

4. 4.3.4 Die status van die afrigter

Uit finansiële oogpunt beskou is afrigting 'n betalende beroep en alhoewel vrywillige afrigters, veral by massadeelname, diens aan sport lewer sonder dat hulle daarvoor vergoed word, word afrigters wat by kompetisiesport betrokke is, in die reël vergoed.

Onderwysers wat by naskoolse sportafrigting betrokke is, word in die reël daarvoor vergoed. Dit kan geskied volgens 'n persentasie van die normale salaris of volgens 'n vasgestelde bedrag. 'n Hoofafrigter by 'n skool kan byvoorbeeld tussen 4 000 en 5 000 dollar per jaar ekstra verdien (Burton, 1982).

In dié gevalle waar individue voltyds afrigtingsposte beklee, is die vergoeding vergelykbaar met dié in die onderwys.

Soms word die vergoeding bepaal deur die grootte van die sportsoort en dit mag gebeur, soos byvoorbeeld in die geval van duik, dat die afrigter met 'n tweede beroep sy maandelikse salaris moet aanvul. Voltydse tennis- en gholfafriegers verdien tussen 30 000 en 40 000 dollar per jaar, terwyl 'n voetbalafrigter tot 100 000 dollar kan verdien. Die afrigters van professionele voetbal- en bofbalspanne kan tot twee miljoen dollar per jaar verdien (Burton, 1982).

Afrigters doen aansoek om afrigtingsposte en indien hulle aangestel word, word hulle kontraktueel verbind om hul verpligtinge na te kom.


Ook hier hang beroepsekuriteit in groot mate af van die prestasies wat behaal word en in 'n land waar die spanning

van professionele sport en die vergoeding daaraan verbonde so hoog is, is dit dikwels goedkoper om die afrigter af te dank as die sportman wat een of ander probleem met die afrigter het.

Die sukses wat 'n afrigter met spanne of individue wat hy afrig behaal, bepaal in 'n groot mate sy beroepsmoontlikhede en -sekuriteit. Indien hy nie suksesvol is nie, verloor hy dikwels sy afrigtingsopdrag en word 'n ander afrigter in die bepaalde sportsoort vir die spanne of individue aangestel.

Afrigters moet egter by onderwysinrigtings aangestel word en wat die nodige (akademiese) opleiding het, het egter groter beroepsekuriteit en meer bevorderingsmoontlikhede.

Figuur 6 toon die moontlikhede vir beroepsbevordering van 'n Amerikaanse afrigter by 'n onderwysinrigting aan.



FIGUUR 6 ORGANIGRAM OM DIE MOONTLIKHEDE VIR BEROEPSBEVORDERING VIR DIE AMERIKANSE AFRIGTER AAN 'N ONDERWYSINRIGTING AAN TE DUI

4.5 ENGELAND

4.5.1 Inleiding

Die agteruitgang van Groot Brittanje se sportprestasies word toegeskryf aan ongekoördineerdheid in die prestasiesport=situasie (Krüger, 1980:31). Engeland wat voor die wêreldoorlog een van die sterkste sportnasies was, het sy wêreldposisie in die tradisionele sportsoorte prysgegee, ten spyte van 'n beter basis in sportsoorte soos atletiek en swem.

'n Belangrike kenmerk van die sportorganisasies in Engeland is dat daar van die begin af 'n skerp onderskeid gemaak word tussen amateur- en professionele sportlui (Stokvis, 1979:40). Die gedagte dat sport net 'n adellike tydverdryf is, het 'n lang periode 'n geprofessionaliseerde benadering tot sport, waaronder veral afrigting, verhinder. Engeland het in sy sportbeoefening agter geraak by moderne ontwikkelinge, terwyl die Engelse sportlui intussen al verder teruggesak het op die wêreldranglyste (Gilbert, 1980:56).

Met die totstandkoming van die Britse Sportraad in 1972 het daar in Engeland 'n reorganisasie van sport plaasgevind en tans is daar hoofsaaklik twee nasionale liggame wat by die organisasie van fisieke aktiwiteite en sport betrokke is. Die belangrikste hiervan is die voorgenoemde sportraad wat na boontoe 'n adviserende funksie en na ondertoe 'n uitvoerende funksie het. Alhoewel hierdie liggaam deur die staat gefinansier word en alhoewel 'n junior minister (vir sport) in die Departement van Omgewingsake die meerderheid aanstellings op hierdie raad maak, is dit tog 'n outonome liggaam.

'n Tweede liggaam wat op nasionale vlak sport organiseer, is die *Central Council of Physical Recreation* (CCPR). Dit is 'n konfederasie van nasionale sportliggame. Hierdie liggaam verkies lede wat op die sportraad dien en dit dien verder as spreekbuis vir die nasionale sportliggame. Dit het 'n beleidsmakende funksie (borge, politiek), 'n raadgewende funksie, lewer ook diens aan nasionale sportliggame en bevorder fisieke aktiwiteite in die algemeen (Lawson, 1982). Die CCPR word uit staatsfondse gesubsidieer maar is ook 'n outonome liggaam. Die twee genoemde liggame werk saam.

Die *British Association for National Coaches* (BANC) is 'n vereniging uitsluitlik vir afrigters en die nasionale afrigters van die verskillende sportsoorte behoort daaraan. Hierdie vereniging word deur die sportraad gesubsidieer.

4.5.2 Sportwetenskap

Die sportraad stel hom ten doel om ten opsigte van sportnavorsing

- i) sodanige navorsing te onderneem en om instansies wat sportnavorsing doen, aan te moedig en te ondersteun;
- ii) die resultate beskikbaar te stel en raad te gee met die implimentering daarvan;
- iii) met internasionale liggame in hierdie verband saam te werk en
- iv) beurse vir navorsing beskikbaar te stel.

Dit is ook een van die funksies van die sportraad om die betrokke inligting aan diegene te besorg wat hulle vir sportbevordering beywer (RGN, 1982, 7:174). Verskil=

lende projekte is tans aan die gang, waaronder 'n medies-fisiologiese projek en 'n sosio-ekonomiese projek (Jeeps, 1979 (b):10).

Etlike verenigings is gestig om verskillende aspekte, wat betrekking op sport het, in diepte te ondersoek, soos byvoorbeeld die Britse vereniging vir sportpsigologie, die vereniging van sportwetenskappe en die biomeganika-studiegroep (BANC, Junie, 1983:38).

Die *British Association of National Coaches* (BANC) hou jaarliks konferensies oor sport en wetenskap. Sportwetenskaplike onderwerpe vorm deel van die agenda, soos byvoorbeeld spanning, biomeganika en sportkommunikasie, maar dit bly blykbaar nog 'n probleem om die teorie en die praktyk bymekaar uit te bring, "too much time is spent in explaining how conclusions were reached, rather than how the conclusions could be used" (Gleeson, 1982).

4.5.3 Die professionalisering van sportafrigting

4.5.3.1 Die beheer en koördinering van afrigting

Die Sportraad word bygestaan deur sewe komitees en vier adviespanele. Een van hierdie adviespanele wat hoofsaaklik uit sportwetenskaplikes en 'n paar afrigters bestaan, hanteer nasionale afrigting, maar in Engeland bestaan op die oomblik nie 'n gevestigde nasionale afrigtingskema nie (Gleeson, 1982)*. Byna al die nasionale sportliggame bied een of ander

* Vergelyk die RGN Sportverslag 1982 (7: 257) waar gestel word dat Engeland wel oor 'n gevestigde skema beskik.

vorm van opleiding vir hulle afrigters aan, maar daar is tans nog nie 'n oorkoepelende liggaam wat standarde vasstel of die afrigting koördineer en beheer nie. 'n Nasionale opleidingsprogram is aangekondig, maar nog nie in werking nie (Gleeson, 1982).

Met behulp van finansiële steun deur die sportraad stel nasionale sportliggame nasionale afrigters aan wat hoofsaaklik vir die afrigting van die besondere sportsoort verantwoordelik is. By die kleiner sportsoorte word net een nasionale afrigter aangestel, byvoorbeeld by judo, maar ander sportsoorte beskik oor meer, byvoorbeeld swem (ses), atletiek (agt) en sokker (ongeveer twaalf). Hierdie afrigters is self verantwoordelik vir afrigting en die organisasie van die afrigting (Gleeson, 1982). Hulle word volgens vasgestelde skale aangestel. Die sportraad betaal 75 persent van die salaris, terwyl die sportliggame self vir die res verantwoordelik is.

Hierdie voorgenoemde nasionale afrigters is tans verantwoordelik vir die opleiding van afrigters in die onderskeie sportsoorte en ook vir die reël van afrigtingsgeleenthede vir die sportdeelnemers. Die sportsoorte oefen dus tans nog individuele beheer oor hul eie afrigters uit.

Die streeksgaderade van die Sportraad het elk 'n eie plan van afrigtersopleiding uitgewerk en voorsien opleiding aan sportafrigters in hulle eie streke.

Gedurende September 1982 het die minister wat verantwoordelik is vir sport aangekondig dat 'n Nasionale Afrigterstigting deur die sportraad gestig is en dat dit gevestig sal wees

by die Carnegie-kollege vir Liggaamlike Opvoedkunde en Menslike Beweging by die Politechnikon van Leeds. Die hoof funksie van hierdie stigting sal die ontwikkeling van sportafrigting wees (Gleeson, 1982).

Sodra die direkteur benoem is en hy sy program van aksie voorgelê het, sal die aktiwiteite en werkswyse van die stigting bekend word (BANC, Junie 1983:33).

Die Britse Amateuratletiekvereniging is een van die sportsoorte wat reeds ver gevorderd het met die organisasie van atletiekafrigting en hul stelsel word gevolglik kortliks weergegee.

Die Britse Amateuratletiekvereniging is verantwoordelik vir Britse verteenwoordigende spanne en vir individuele kompetisie buitelands. Hierby ingeskakel is 'n afrigtingskomitee wat die Verenigde Koninkryk se afrigtingskema behartig. Bo aan die afrigtingstruktuur is die Britse Amateuratletiekraad, daarna volg die Verenigde Koninkrykafrigterskomitee, dan die streeksafrigterskomitee en die graafskap- en distriksafrigterskomitees. Die lede van die nasionale komitee het sitting op al hierdie komitees.

Voltydse professionele nasionale afrigters word deur die Britse Amateur Atletiekvereniging in diens geneem en toegesê aan elke streekafrigtingskomitee. 'n Gedeelte van hul werk is op nasionale- en 'n gedeelte op streekvlak. Behalwe dat hulle verantwoordelik is vir die organisasie van afrigting en die ontwikkeling van atletiek in hulle streek, is hulle ook op nasionale vlak verantwoordelik vir een gespesialiseerde item van die sport, byvoorbeeld spronge, naellope, worpe,

ensovoorts. Die nasionale afrigters word in elke streek ondersteun deur 'n liggaam van ten volle gekwalifiseerde en ervare seniorafrigters wat óf in afrigtersopleiding werk=saam is, óf in die verbetering van prestasie, of beide.

Op nasionale vlak kan sekere van hierdie afrigters verant=woordelikheid aanvaar vir 'n besondere nommer onder die groepleiding van 'n nasionale afrigter. Op hierdie wyse vorm die nasionale afrigter die skakel tussen die klubaf=rigter en afrigtingsentrums. Dit bied 'n voltydse professio=nele diens aan almal.

4.5.3.2 Die opleidingsisteem vir atletiekafriqters

Die opleidingstelsel van die Britse Amateuratletiekvereniging dien as voorbeeld van afrigtingsopleiding in Engeland.

Die volgende tabel gee 'n samevatting van die voorwaardes vir die opleiding en kwalifisering van afrigters(Tabel 5) (BAAB, 1983:3).

TABEL 5 Voorwaardes vir die opleiding en kwalifisering van afrigters
(BAAB, 1983:3)

VOORWAARDES VAN TOEKENNINGS

Assistent klubafriqter	Klubafriqter	Seniorafriqter
1.	Verwerwing van assis= tentklubafriqtterser= tifikaat.	1. Verwerwing van klub= afriqttersertifikaat.
2. Bywoning van item-teoriekur= sus wat alle items dek.	Bywoning van h item= teoriekursus in h gekose item.	2. Bywoning van h item= teoriekursus in h gekose item.
3. Bywoning van h kursus in die algemene teorie van afriqting.	Bywoning van h kursus in die algemene teo= rie van afriqting.	3. Bywoning van h kur= sus in die algemene teorie van afriqting.
4.	Sukses met alle eksamens.	4. Sukses met alle eksamens.

METODES VIR KWALIFISERING

Assistent klubafriqter	Klubafriqter	Senior afriqter
1. Bevestiging dat die item teorie= elemente voltooi is.	Bevestiging dat die item-teorie elemente voltooi is.	Bevestiging dat die item-teorie elemente voltooi is.
2. Bevestiging dat die afriqtingsteorie= elemente voltooi is	Bevestiging dat die afriqtingsteorie= elemente voltooi is.	Bevestiging dat die afriqtingsteorie= elemente voltooi is.
3. Bevestiging dat ten minste 15 praktiese afriqtingssessies behartig is.	Bevestiging van ten minstens 45 praktiese afriqtingssessies na verwerwing van vorige sertifikaat (+ 1 jaar)	Bevestiging van ten minstens 60 praktiese afriqtingssessies na verkryging van vorige sertifikaat (1-2 jaar)
4.	Sukses in een prak= tiese evaluering	Sukses in meer as een praktiese evaluering
5.	Suksesvolle afleg= ging van objektiewe eksamens met algemene afriqtingsteorie- en itemgerigte teorievrae.	Suksesvolle aflegging van twee eksamens - i) item-teorie en ii) algemene afriqting Suksesvolle aanbieding vir evaluering van af= riqttingsrekord vir een jaar. Dit moet die eie evaluering van sy werk insluit.

Alle afrigters moet by die eerste vlak begin en dan verder vorder. Klub- en senior afrigters wat bekwaam is word betrek by die streekopleiding en topsportafrigtingskema en van daar kan hulle aangewys word as afrigters wat by afrigters=opleiding betrek word. Eventueel kan hulle aangestel word as item- of nasionale afrigters.

Itemafrigters word aangestel om internasionale spanne af te rig en hulle, tesame met personeelafrigters kan vir streek=spanne aangewys word.

Verskeie handleidings word vir die verskillende opleidingsvlakke beskikbaar gestel en volgens moeilikheidsgraad vir die drie kwalifikasies, ingedeel (BAAB, 1983:2).

Die afrigtersopleidingskemas van sowel nasionale sportliggame as die van die streeksportrade sal van hulp kan wees by die samestelling van 'n nasionale afrigtingsstelsel, aangesien dit rigtinggewend kan wees (Gleeson, 1982).

4.5.3.3 Akademiese opleiding vir sportafrigting

Aan verskeie tersiêre opvoedkundige inrigtings bestaan studie=moontlikhede in sport. Enkele voorbeelde word genoem. Aan die universiteit van Loughborough word Liggaamlike Opvoedkunde en Sportkunde in kombinasie met nog 'n hoofvak aangebied. 'n BA-graad in Sport word aan die Politechnikons van Newcastle en Sunderland aangebied. Die kursus duur drie jaar en sluit teoretiese en praktiese werk in asook praktiese afrigtingservaring.

Nagraadse studies is ook moontlik en onder andere kan 'n BA (Honns) graad in sport by die Bedfordkollege vir hoër onderwys gevolg word. Hierdie kursus duur twee tot drie jaar en bestaan uit 'n teoretiese en 'n praktiese afdeling. Die teoretiese afdeling bestaan uit die biologiese en fisiese wetenskappe, psigologie, sosiologie en die filosofie van sport, asook uit vaardigheidsvoorbereiding en die sosiale en kulturele aspekte van sport. Die praktiese deel bestaan uit afrigtingsgeleenthede en ander buitemuurse aktiwiteite. (Petherick, 1982).

Verskeie hoër opvoedkundige inrigtings bied ook graad- en diplomakursusse in Liggaamlike Opvoedkunde aan. Hieronder is ses universiteite en 52 kolleges en die onderwysdepartement van Politechnikons (CCPR, 1982:5). Alhoewel die nasionale afrigters dink dat die sportbeheerliggame meer inspraak ten aansien van sportopleiding moet hê in die opstelling van hierdie leergange, bied hierdie kursusse tog die moontlikheid dat opgeleides as sportafrigters kan werk (CCPR, 1982:14).

Alle onderwysstudente ontvang gedurende hulle professionele opleiding minstens twee uur sportonderrig per week. Dit stel hulle in staat om beter hulp te kan verleen met binne- en buitemuurse bedrywighede (Petherick, 1982).

Daar bestaan 'n groot behoefte aan gespesialiseerde afrigters vir die topsportlui, bejaardes, die jeug en huisvrouens (Gleeson, 1982).

4.5.3.4 Vlakke van deelname en instansies waar sportafrigting plaasvind

a) Sportdeelname aan onderwysinrigtings

Op skoolvlak is die liggaamlike opvoedingsonderwysers normaalweg verantwoordelik vir sportonderrig. Hulle tree as hoofafrigters op en word dan bygestaan deur ongeveer nog sewe liggaamlike opvoedkundiges in 'n skool van ongeveer 600 leerlinge (Petherick, 1982).

Gespesialiseerde sportafrigting begin reeds in primêre skool, veral as gevolg van die feit dat elf- tot dertienjarige al aan die Olimpiese Spele en ander internasionale en nasionale sportbyeenkomste deelneem.

Sportgeriewe in die staatskole is dikwels 'n probleem, maar die privaatskole beskik oor goeie geriewe. Inter-skool en interuniversitêre sportkompetisies is baie gewild en vind gereeld op streek- en nasionale basis plaas. Die Sportraad gee ook finansiële steun aan die Nasionale Raad vir Skoolsport (Jeeps, 1979(b):5.

b) Sport op klubvlak

'n Groot aantal skoolsportlui bly behoue vir klubdeelname (70 persent)(Petherick, 1982). Daar is noue skakeling tussen die klubs en die skole en onderwysers word voortdurend aangemoedig om die kinders aangaande klubdeelname in te lig. Baie klubs maak ook voorsiening vir junior-spanne en kontak word ook vergemaklik, omdat klubs en skoolspanne dikwels dieselfde geriewe moet gebruik.

Sportklubs dra daartoe by om 'n hoë sportstandaard by skoolgaande kinders aan te moedig. Veral gimnastiek en swem lewer 'n groot bydrae (Jeeps, 1979(b):11). Enkele klubs maak voorsiening vir professionele afrigters, maar die meerderheid afrigters werk vrywillig vir sport.

Sportafrigting by die klubs van die weermagte word hoofsaaklik deur eie instrukteurs behartig. Hulle word by Aldershot opgelei en rig ook die spanne van die verskillende afdelings vir kompetisies teen mekaar af.

Die klubs van sakeondernemings ding ook dikwels teen mekaar mee, soos byvoorbeeld die spanne van verskillende de banke en fabrieke. Dit is 'n normale uitvloei-
sel as gevolg van die goeie geriewe wat vir die werknemers beskikbaar gestel word. Die Rank Xeroxgroep in Engeland is bekend daarvoor dat hulle toprugbyspelers in diens neem. Hulle dra dan die maatskappy se naam na buite uit (Petherick, 1982).

c) Nasionale sportsentra

Ses nasionale sportsentra is gestig om goeie residensiële geriewe vir deelname en inoefening in 'n wye verskeidenheid aktiwiteite te voorsien. Voorkeur word gegee aan die bespreking deur nasionale sportliggame vir die inoefening van nasionale spanne, die opleiding van afrigters, sportleiers en beamptes, vir graafskapspanne en individuele groepe wat betrokke is by inoefening vir beter prestasie en vir die aanbieding van nuwe aktiwiteite aan beginners. Die sentra word onderhou deur die Sportraad in samewerking met lokale owerhede.

Die plaaslike gemeenskap word ook aangemoedig om die geriewe te gebruik wanneer dit nie reeds bespreek is nie. Die aandprogramme is dikwels baie vol.

By die Crystal Palace Nasionale Sportsentrum is 'n mini= male lidmaatskapsgeld betaalbaar (op 'n jaarlikse of dag= grondslag) en die geriewe kan dan gebruik word soos reeds vermeld.

Daar is ander sentra wat deur die Sportraad gebruik word vir die aanbieding van nasionale kursusse, soos dié by Windermere en Southampton.

d) Afrigting vir topsportlui

Besondere geleenthede word geskep vir die afrigting van topsportlui. Daar bestaan nie sportskole vir spesiale liste nie, maar die sportraad subsidieer die afrigting en inoefening van nasionale spanne en nasionale- en streekoefengroepe.

Sportsoorte het ook bepaalde sentra waar topsportlui gespesialiseerde afrigting kan kry (Centres of Excellence). So 'n sentrum vir netbal is in Bedford geleë, terwyl een vir hokkie te Loughborough gevestig is.

Uitsonderlike spesialisafrigters word ook gebruik om die topsportlui vir toernooie of kampioenskappe af te rig. Hulle word "supremos" genoem en rig op kontrak, byvoorbeeld drie of vier jaar vir 'n nasionale sport= liggaam af.

4.5.3.5 Die status van die sportafrigter

Individue wat opgelei is as sportafrigters kan in klubs, jeugdienste, spesialis-onderrig in sekondêre skole, by aand-institute, swembaddens, speelgronde, spanne en ontspanning-sentra gaan afrig. Hulle kan ook optree as bestuurders by sportsentra, klubs, parke en swembaddens of kan ook by fiksheidsklubs, gesondheidsklubs of klinieke gaan werk (CCPR, 1982:14).

Afrigters in diens van die nasionale sportliggame word goed betaal. Hulle word op 'n glyskaal aangestel en volgens hierdie skaal betaal die Sportraad 75 persent van hulle vasgestelde salaris. Die sportliggaam kan egter sy bydrae van 25 persent verhoog en dit gebeur ook dikwels in die geval van groot sportsoorte soos sokker. 'n Afrigter begin gewoonlik met ongeveer R12 000 en R15 000 per jaar (Gleeson, 1982). So 'n salaris vergelyk goed met die in die onderwys.

Die sportraad verleen aansienlike finansiële steun aan die nasionale sportliggame vir onder andere die opleiding van afrigters, die afrigting van nasionale spanne, die subsidiering van oefengroepe op verskeie vlakke en gedeeltelike finansiëring van die afrigters. Ook die streekrade van die sportraad kry finansiële steun vir hulle afrigtingskemas. 'n Bedrag van R100 000 is vir 1983/84 vir die nasionale afrigteropleidingskema bewillig.

4.6 OOS-EUROPA

4.6.1 Inleiding

Die sportbenadering van Kommunistiese en Westerse lande verskil radikaal (Botha, 1981:59). Die sportsisteme van eersgenoemde lande moet beskou word teen die raamwerk van hulle eie filosofieë en begrippe, veral met betrekking tot liggaamskultuur.* Hierdie filosofieë en begrippe is dikwels in teenstelling met die meer tradisionele beskouinge van die Westerse lande (Riordan, 1978:x). Sport en liggaamlike oefening word gereken as instrumente in diens van die kommunistiese ideologie en moet dus diensbaar wees aan die opbou van die staat (Van den Heuvel, 1980:11).

Die wêreld wat deur die kommunistiese lande in internasionale sport (veral die Olimpiese spele) behaal is, het daartoe gelei dat daar 'n wêreldwye belangstelling in sport ontstaan het, soos dit deur die lande wat die kommunistiese ideologie aanhang, beoefen word (Riordan, 1978:ix).

Met die toetrede van die lande tot die Olimpiese Spele in 1952 het hulle 29 persent van die medaljes gewen. In 1972 het hulle 47 persent en in 1976 57 persent van die medaljes verower. By die Olimpiese Spele van 1976 te Montreal het die Duitse Demokratiese Republiek met 'n bevolking van minder as sewentien miljoen, meer goue medaljes as die Verenigde State van Amerika (264 miljoen inwoners), Kanada, Brittanje en Frankryk saam verower. Die Oos-Duitse dames alleen het meer medaljes gebuit as die totale aantal medaljes wat deur al die vroue wat in 1976 in Kanada deelgeneem het, verower

* Liggaamskultuur bestaan uit vier komponente: Liggaamlike opvoeding, spelaktiwiteite, vryetydsbesteding en sport. 173

is.

Tydens die Olimpiese Spele in 1980 het die Duitse Demokratiese Republiek hierdie prestasies bly handhaaf, hoewel hier vermeld moet word dat die Verenigde State van Amerika weens politieke redes nie aan die spele deelgeneem het nie (RGN, 1982, 8:256).

Verder het die USSR elke somer- en winter-Olimpiese Spele waaraan hulle deelgeneem het, behalwe die in 1968, "gewen". Rusland is ongetwyfeld die veelsydigste sportnasie in die geskiedenis van die Olimpiese Spele. In Montreal het hulle in negentien van een en twintig sportsoorte medaljes verower (Riordan, 1978:ix).

Alhoewel die krag en gesondheid van 'n gemeenskap nie in terme van die aantal medaljes wat verower is, gemeet kan word, of die aantal rekords wat verbeter is nie, is die inter-nasionale sportprestasies tog 'n bewys van dit wat met sport in die kommunistiese lande bereik word.

Riordan (1978:x) beweer dat geen vorm van ontspanning korrek verstaan kan word sonder om die land se fisiese en sosiale omgewing in ag te neem nie. Daarom kan die sport ook in geen kommunistiese land losgemaak word van die atmosfeer en tradisies, politieke en ekonomiese orde, of van militêre en internasionale oorwegings nie.

Die besondere vorme en mate van sportdemokratisering wat in Oos-Europa, Sjina en Kuba ontwikkel het, is dikwels vir Westerse sportleiers 'n verrassing. Wanneer 'n land besluit dat sportdeelname 'n reg is en nie net 'n voorreg nie, dat

174

sport gelyke status met die wetenskap en die kunste geniet, dat sport nie langer net die voorreg van universiteite en kolleges is nie, moet die regering, om sulke begrippe in werklikhede te verander, noodwendig 'n groot aandeel op beide lokale en internasionale vlak behartig. Wanneer daar betrok= kenheid deur 'n regering is en wanneer 'n finansiële inset deur middel van openbare fondse gemaak word, moet daar ook verantwoording aan die publiek wees. Hierdie toedrag van sake bring mee dat politiek in sport 'n werklikheid word. In elk geval beskou die meeste lande wat tans as sosialisties geklassifiseer word, sport as "gepolitiseer" (Anthony, 1978:5). "De Oosteuropese staten zeggen dat sport alles .. met politiek te maken heeft" (Van den Heuvel, 1980:9). Dit lei daartoe dat 'n regering op die vlak van internasionale en binnelandse sportdeelname betrokke raak.

Alhoewel daar baie gemeenskaplike faktore en gelyksoortige beginsels is waarop die sportstruktuur in die sosialistiese lande gebou is, is daar tog ook groot verskille tussen hierdie state (in terme van bevolkingsgetalle ongeveer 'n derde van die wêreld se bewoners).

Vir die doeleindes van hierdie studie word die opset ten aansien van die sportwetenskap en die professionalisering van sportafrigting in twee Oos-Europese state ondersoek. Hierdie state is die Duitse Demokratiese Republiek en die Unie van Sowjet Sosialistiese Republieke (die DDR en USSR).

Omdat beide die USSR en die DDR van die uitmuntendste sportna= sies ter wêreld is en omdat daaruit afgelei kan word dat die "suksesvolste pogings om nasionale afrigtingsprogramme

te koördineer en doeltreffend aan te wend" (RGN, 1982,8:256) deur hulle onderneem is, moet die struktureienskappe van die verskillende sisteme ondersoek word in soverre as wat dit 'n invloed op die situasie van die afripter en afripting het (Krüger, 1980:99).

In die DDR het die ontwikkelingsdinamiek in prestasiesport vinniger verloop as in enige ander land ter wêreld en veral in die eerste jare na 1945 het hulle baie van die Russe geleer (Krüger, 1980:99). Die Oos-Duitsers is ook in hierdie tydperk baie deur die denkrigtings van die USSR beïnvloed (Anthony, 1978:7).

4.6.2 Die Duitse Demokratiese Republiek (DDR)

4.6.2.1 Inleiding

Volgens die Sosialistiese grondwet van die DDR is die bevordering van gesondheid en liggaamlike opvoeding die grondslag waarop die welsyn van die staat en die gemeenskap gebou word. Hiervolgens werk die bevordering van sport mee tot die gebalanseerde ontwikkeling van die individu. Dit moet ook daartoe lei dat liggaamlike oefening 'n gewoonte word in die alledaagse lewe van die inwoners (Schmolinsky, 1978:13).

Tans is die DDR in kompetisiesport die sterkste nasie ter wêreld. Die DDR neem die leiding met die opleiding van sportleiers vir die derde wêreld en die toonaangewendste sportuniversiteit is in Leipzig. Alhoewel kompetisiesportaktiwiteite belangrik is word dit nie beoefen ten koste van massadeelnemers, aangesien oefenrigters vir die gewone bevolking by be-

huisingsprojekte en in publieke parke beskikbaar is. By hierdie parke is ook fiksheidstoetsapparate aangebring. Die sportskole met koshuisinwoning is ook aanvanklik 'n instelling van die DDR (Anthony, 1978:8).

Belangrike bydraende faktore tot die welslae van die DDR kan gevind word in hulle lang sporttradisie (vanaf F.L. Jahn, 1778-1852), hulle respek vir die wetenskap, hulle selfdisipline en toegewyde werk (Childs, 1978:71).

Ander verklarings is deur verskeie persone en instansies aangebied. Wanneer hierdie verklarings en die verskillende aspekte wat aangeraak word, geëvalueer word, kan sake beklemtoon word wat die Suid-Afrikaanse struktuur tot voordeel mag wees.

Gilbert (1980:9) beweer dat die fenomenale sportprestasies van die DDR toegeskryf kan word aan deeglike regeringsbeplanning. Beplanning van 'n regering wat:

- aan sport 'n hoër prioriteit toeken as enige ander plek ter wêreld,
- die gesamentlike ontwikkeling van massasport vir die hele bevolking, asook topsport vir die deelnemer op internasionale vlak, onderneem,
- wat meer as 7 000 professionele afrigters sedert 1951 by die Leipzig-instituut laat oplei het,
- wat meer as 180 000 vrywillige afrigters vir junior- en massadeelname opgelei het,
- wat die land se mediese navorsingsstelsel tot die beskik-

king van sport gestel het (Gilbert, 1980:9).

Gieseler beweer dat die sportberoemdheid van die DDR toegeskryf kan word "aan die suksesvolle identifisering van sport met die sosialistiese ideologie, die effektiewe gebruik van liggaamsopvoeders en die gekoördineerde aanwending van professionele afrigting met ondersteunende dienste" (RGN, 1982, 8 :257).

Ten aansien van die stelling dat sport in die DDR voortreflik met die sosialistiese ideologie geïdentifiseer is, word daarop gewys dat 'n teenstrydigheid hieroor bestaan (Krüger, 1980:106). Op die terrein van sport-interne faktore, soos byvoorbeeld materiële voorregte, mediese en pedagogiese voorsiening en sosiale status, word daar in die materiële en persoonlike behoeftes van die topsportbeoefenaar voorsien. (Vergelyk die tabel van hoofvariante in die sisteemvergelyking tussen die Bondsrepubliek van Duitsland en die DDR, Krüger, 1980:103). Hieruit kan afgelei word dat die spesiale voorregte wat topsportlui ontvang, 'n sterk motiveringsfaktor tot topprestasie is.

Individue wat op sportgebied presteer, soos dit ook die geval is op ander terreine van die samelewing, word "vergoed" deur bykomende voorregte (Krüger, 1980:34).

'n Verdere verklaring vir die internasionale sportprestasies van die DDR kan gevind word in die feit dat daar geen onderskeid gemaak word tussen amateur en professionele sportlui nie (Krüger, 1980:106). Die bepalinge waarop amateurisme berus, is so verruim dat dit moontlik is vir sportlui, om sonder ander inkomste as dit wat hulle vir hulle sportdeel-

178

name ontvang, te kan bestaan (Stokvis, 1979:158). Topsportlui word, soos wat die geval in ander Oosbloklande is, as "staatsamateurs" gereken al bestee hulle hul tyd ten volle aan sportbeoefening. Hierdie sportlui word ook deur die Internasionale Olimpiese Komitee as amateurs erken (Van den Heuvel, 1980:68). Stokvis (1978:158) beweer ook: "De atleten uit die oostbloklanden word per definisie als amateurs beskouwd".

In die Kommunistiese lande is daar nie 'n voortdurende wisseling van amateursport na professionele sport nie. Gevolglik bly die beste deelnemers deurgaans vir internasionale kompetisie beskikbaar.

4.6.2.2 Sportwetenskap in die DDR

Reeds voor 1915 is 'n komitee wat sport en liggaamlike oefening in die eertydse Duitsland wetenskaplik moes ondersoek in die lewe geroep (Childs, 1978:72). Die Duitse gemeenskap het sedertdien toenemend groot waarde aan die wetenskap geheg en ook gedurende die jare dertig is gepoog om sportprestasies deur middel van die wetenskap en veral sportgeneeskunde* te verbeter. Hierdie tendens was ook 'n kenmerk van die na-oorlogse Duitsland (Childs, 1978:72,75). Sportgeneeskunde is tans hoog aangeskrewe in die Oos-Europese lande "Now sports medicine is completely accepted for its central role in the whole sports system" (Gilbert, 1980:61). Geneeshere is werksaam aan inrigtings van liggaamlike opvoedkunde. Dit is inrigtings met universitêre status waartoe ook sportonderrig behoort. By hierdie institute word medies-wetenskaplike aspekte van sport ondersoek (de Jongste 1980:185).

* Die term "sportgeneeskunde" is misleidend aangesien daarmee in die meeste gevalle sportfisiologie bedoel word.

Dit is 'n wetsbepaling in die DDR dat binne die gesondheidsorganisasie ook 'n organisasie wat verantwoordelik is vir die mediese begeleiding van die sportbeoefenaar, daargestel moet word. In 1954 is sportgeneeshere in veertien Oos-Duitse distrikte asook in Oos-Berlyn self aangestel. Kursusse is gereël om die dokters wat in die sportgeneeskunde belangstel op te lei. Topsportbeoefenaars het spesiale aandag gekry, terwyl vir die deelnemers aan die Olimpiese Spele, spesiale sportgeneeskundige dienste gereël is. Tans word die sportgeneeshere aan universiteite opgelei. Dit is 'n studierigting waar in Sportgeneeskunde gespesialiseer word. Die kursus duur vier jaar na die opleiding as 'n algemene praktisyn en aspekte van die kardiologie, traumatologie, inspanningsfisiologie en algemene sportfisiologie word behandel (de Jongste, 1980:186).

Sportgeneeshere wat met nasionale spanne gemoeid is, moet ook die vierjarige afrigtersopleidingskursus, soos aangebied deur die Deutsche Hochschule für Körperkultur (DHfK) deurloop. Dit word gedoen sodat hulle kennis ten aansien van sportonderrig dieselfde kan wees as die van die afrigters. Hierdie kursus kan per korrespondensie afgelê word, terwyl die geneesheer met sy opleiding, byvoorbeeld hospitaaljaar, besig is (Gilbert, 1980:168).

Daar is tans ongeveer 600 tot 700 sportartse in die DDR (Childs, 1978:91). Hulle het hul eie organisasie, genoem "Die vereniging van sportmedisyne van die DDR". Hierdie liggaam werk nou saam met die DHfK en ander soortgelyke opleidingsinstansies.

Aan die DHfK is 'n instituut vir sportgeneeskunde en saam met ander wetenskappe vorm dit 'n navorsingsinstituut vir sport

en liggaamlike opvoedkunde (Childs, 1978:89).

Die meeste van die sportgeneeshere word in diens geneem deur die vyftien administratiewe distrikte in Oos-Duitsland en hulle opdrag is om toesig te hou oor die mediese aspekte van sport in die skole en verskillende sportorganisasies. Sommiges word deur klubs en organisasies self in diens geneem.

Hierdie medici werk gewoonlik nou saam met die liggaamlike opvoedkundiges en die sportafrigters, alhoewel laasgenoemdes self baie goed onderlê is in die sportmedisyne (Gilbert, 1980: 168). Dit is dus vir die afrigter maklik om die aanbevelings van die sportgeneeshere na te kom.

In Oos-Duitsland is wetenskap en sport baie nou verweef. 'n Belangrike navorsingsprojek naamlik die by die Dynamo Berlynse kliniek in verband met anaboliese steroïede duur al oor 'n tydperk van vyftien jaar (Gilbert, 1980:168). Hierdie navorsing vind meestal in die geheim plaas en die Westerse wêreld kry baie min van die resultate te sien. Wanneer navrae gedoen word in verband met die navorsing en die prestasies wat veral deur die Oos-Duitse dames behaal word, word dit beantwoord deur te wys op die veranderde status van vroue in die sosialistiese gemeenskap.

Behalwe die opleiding in sportfisiologie ontvang die studente wat hulself as sportafrigters wil bekwaam ook intensiewe opleiding in ander afdelings van die sportwetenskap waar vakdisiplines soos onder andere sosiologie, psigologie, ekonomie tereg kom (Gilbert, 1980:64).

Sportwetenskap word ook as 'n aparte dissipline by ander universiteite behalwe die DHfK, aangebied naamlik by die universiteite van Berlyn, Greifswald, Halle, Jena, Rostock, sowel as by onderwysersopleidingsentra by Potsdam, Halle-Kröllwitz en Zwickau (Childs, 1978:90).

Met die oog op topsportdeelname word individue wetenskaplik geselekteer. "In die GDR they bring them along slowly and gently, always looking, always testing and always evaluating" (Gilbert, 1980:116). Aspekte wat in berekening gebring word, is byvoorbeeld die grootte van die individu, die styl in 'n bepaalde sportsoort, houdings, intelligensie, suurstofkapasiteit en algemene gesondheid.

Die afrigters en sportgeneesherse soek verder na individue wat intensiewe oefensessies sal kan hanteer en wat oor 'n metabolismiese samestelling beskik wat wêreldklas oefenladings sal kan verduur. Atlete word dus vir topsportdeelname gekies wat oor uitnemende fisiologiese en psigologiese eienskappe beskik (Gilbert, 1980:117).

Tydens en na oefensessies word bloedmonsters en spierbiopsies gereeld geneem en volgens die uitslag van toetse daarop, word oefendosisse bepaal. Spierontwikkeling en ook die herstel van beserings word bespoedig deur middel van elektriese stimulasie (Gilbert, 1980:75).

In Leipzig bestaan daar 'n gerekaniseerde lêer vir elke topsportdeelnemer, asook 'n mediese afrigtingsboek waarin alle aspekte van afrigting, byvoorbeeld die oefendoelstellings, mediese- en dieetkundige verslae vervat is. In die verband beweer

Gilbert (1980:9) "They have virtually taken the guesswork out of coaching at the international level".

As gevolg van die feit dat van die beste sportgeneeshere met die afrigters saamwerk, is die sportprestasies byna dramaties van aard. Dié sportprestasies getuig van die optimale gebruik van wetenskaplike kennis tydens sportbeoefening (Gilbert, 1980:169).

4.6.2.3 Die professionalisering van sportafrigting

4.6.2.3.1 Inleiding

Die gebruik van die resultate van wetenskaplike navorsing in die afrigtingsmetodes en -benadering van die afrigter dui in 'n groot mate op geprofessionaliseerdheid in afrigting. Tog is daar ook ander faktore wat ten aansien van geprofessionaliseerdheid belangrik is. Hierdie faktore word vervolgens bespreek.

4.6.2.3.2 Die beheer en koördinering van afrigting

In die Westerse wêreld is kennis aangaande die DDR grootliks beperk (Childs, 1978:69). Enkele sportorganisasoriese beginsels is egter tog bekend. Die Duitse Sportkomitee is reeds voor die proklamering van die DDR saamgestel. Dit was die hoogste gesag oor sport en liggaamskultuur in Oos-Duitsland. Alle sportaangeleenthede is deur die komitee gehanteer (Childs, 1978:70).

Die werklike organisasie van sport is deur die vakbonde en die Vrye Duitse Jeugbeweging waargeneem. Elke vakbond moes 'n eie sportvereniging stig. Massadeelname het onder die "Demokratiese Sportbeweging" ressorteer en alle staatsdepartemente moes meehelp tot die bevordering van die funksies van die komitee. Sportkentekens is in 1950 ingestel en hierdie tekens kon deur middel van eenvormige toetse verwerf word. Volgens wetgewing (1950) moes 'n aantal sleutelsportkomplekse ook gebou, herstel of uitgebrei word. Hieronder was die DHfK te Leipzig, verskeie sportskole en ander sportgeriewe (Childs, 1978:77).

Reeds vroeg in die organisatoriese ontwikkeling van sport in Oos-Duitsland het sekere tendense duidelik geword, naamlik:

- dat dit sentraal georganiseer is
- Dit was gebaseer op 'n monopolitiese jeugbeweging, asook vakbonde wat trou gesweer het aan 'n monopolitiese politieke party.
- Die tradisie van die wetenskaplike bestudering van sport is gehandhaaf en dit is met die staat geïdentifiseer.
- Daar was omvangryke politieke betrokkenheid in sport.

Volgens Westerse standaarde is niks in die DDR werklik onafhanklik van regeringsbeheer nie. Tog is die Duitse Gimnastiek- en Sportvereniging in 1957 gestig om die Duitse Sportkomitee te vervang en hierdie vereniging was in staat om 'n verenigde sportsisteen sonder veel inmenging van die staat te beheer.


- Die sportsisteen is op massadeelname gebaseer.

Die Duitse Gimnastiek- en Sportvereniging (DTSB) is feitlik outonoom. Daar bestaan vier organisatoriese vlakke.

Heel bo vind ons die nasionale vlak, dan die provinsiale vlak, daarna die van die distriksverenigings en dan die beheer van die individuele klubs (Gilbert, 1980:53).

Die hoof organisatoriese liggaam van die DTSB is die Gimnastiek- en Sportkongres wat elke vier jaar vergader en wat 'n uitvoerende komitee van 150 lede het. Hierdie komitee word gekies uit 'n lys beamptes, afrigters, instrukteurs en aktiewe sportlui. Daar is enkele voltydse werknemers en professionele afrigters van die DTSB in elke distrik en provinsie om leiding te gee aan die ontwikkeling van sport (Gilbert, 1980:53). Die Presidium is deel van die uitvoerende bestuur en bestaan uit die president en sewe vise-presidente wat onder anderein bevel is van internasionale betrekkings, topsportkompetisie, groot sportfeeste, massasportprogramme en Olimpiese ontwikkeling (Gilbert, 1980:53).

Die organigram (figuur 7) toon samevattend die sportorganisasiestruktuur in die DDR aan. Hieruit kan duidelik afgelei word dat die Presidium die hoof uitvoerende gesag is, terwyl die sportbelange van belanghebbendes op die verskillende organisatoriese vlakke behartig word.



FIGUUR 7 'N ORGANIGRAM OM DIE SPORTORGANISASIESTRUKTUUR IN DIE DDR AAN TE DUI

Volgens Gilbert slaag hierdie infrastruktuur in die praktyk goed (Gilbert, 1980:54). Die skakeling vind tussen die presidium en die verskillende uitvoerende komitees op die verskillende vlakke, asook die klubbestuur plaas, terwyl die uitvoerende bestuur en ook die klubbestuur weer horisontaal met die beheer-komitees en sportklubs, asook die sportkomitees en afdelingsleiers van elke sportsoort skakel.

Tans is die DTSB in beheer van meer as 8 000 sportklubs, 2,7 miljoen lede (16% van die totale bevolking), 191 000 opgeleide en gesertifiseerde vrywillige afrigters, 93 000 beoordelaars en skeidsregters en 300 000 verkose ampsdraers op alle vlakke van beheer, dit wil sê van die nasionale vlak af tot by die kollektiewe plase (Gilbert, 1980:42).

Professionele sportklubs wat op winsbejag ingestel was, is in die na-oorlogse tydperk verbied en die DTSB oefen tans beheer uit oor alle finansies, beplanning en besluitneming.

Een van die eerste en sekerlik die belangrikste sportpolitieke skuiwe was om "die reg tot sport" in die konstitusie van die DDR op te neem. Hierdeur is die waarde en nut van sport beklemtoon en die reg tot deelname vir elke lid van die bevolking verseker.

4.6.2.3.3 Die opleiding van afrigters

Dit is belangrik dat 'n land se mense oor kernbeginsels aangaande sport moet besin, veral wanneer noë ideale met betrekking tot die sport gekoester word. Die DDR het by hulle besinning oor sport besluit om by die opleiding van afrigters te begin

(Gilbert, 1980:56). Aanvanklik moes die afrigters bereid wees om met ontoereikende geriewe sportlui vir topsportdeelname af te rig. Daar was egter weerstand van die bevolking teen die beleid om voorsiening te maak vir die opleiding van afrigters en teen die voorsiening van sportgeriewe ten koste van die voorsiening in die basiese lewensbehoefte van die meerderheid inwoners van die land.

Die DTSB is verantwoordelik vir die opleiding van afrigters (Gilbert, 1980:86). Sportafrigters word opgelei om hoofsaaklik op twee vlakke te werk, naamlik die van topsportdeelname en die vlak van massadeelname. Hierdie sportleiers word ook onderskeidelik afrigters en oefenleiers genoem. Die twee groepe voer vergelykbare take uit, maar op die genoemde verskillende prestasievlakke (Botha, 1981:64).

a) Massadeelname

Tans is meer as 191 000 vrywillige afrigters en instruksors (oefenleiers) wat almal een van drie sertifikate vir afrigting behaal het, by sportafrigting in die DDR betrokke. Hierdie afrigters kom uit alle beroepsgroepe (Gilbert, 1980:42).

Op die eerste vlak van opleiding woon die voornemende afrigters tien studiesessies en lesings in een sportsoort by. Na die onderrig afgehandel is word h eksamen afgelê, en dan kan die individu as h assistentafrigter onder die jeug werk. Na h dienstrydperk van een jaar op hierdie vlak kan die tweede vlak van opleiding aangedurf word.

Die tweede vlak van opleiding geskied by 'n universiteit en duur 40 uur. Dit word gewoonlik in 'n week (vyf agtuur=

sessies) ingepas en aan die einde hiervan moet ook eksamen afgelê word. Nadat die kwalifikasie (vlak II) behaal is, kan die afrigter optree as hoofafrigter onder jong sportlui en na een tot twee jaar in hierdie hoedanigheid, kan hy toegelaat word tot die meer gevorderde 40-uurkursus vir die vlak III-sertifikaat.

Al die koste van die toekomstige afrigters tydens opleiding word deur die DTSB gedra. Indien die afrigters gedurende werksure die afrigterskursusse moet bywoon, moet die werkgever dit as spesiale verlof reken en die normale vakansieverlof mag nie daarvoor gebruik word nie (Gilbert, 1980:54).

Die graad III-sertifikaat verleen die voorreg aan 'n afrigter om nagraadse kursusse aan 'n universiteit by te woon, sodat hy op hoogte kan bly met die nuutste ontwikkelings in die sportwetenskap.

Hierdie graad III-afrigters werk nou saam met gegradueerde afrigters van die DHfK. Tans beskik 55.1% van alle vrywillige afrigters in die DDR oor die vlak I-sertifikaat, 26,3% beskik oor die vlak II-sertifikaat, terwyl 17,8% tot by vlak III gevorder het.

Die voordeel van hierdie stelsel is dat sportlui afrigting ontvang van kundige persone, dat die opgeleide afrigters belowende sportlui kan identifiseer en vir topsportdeelname kan aanbeveel. Hierdie sisteem bied ook eenvormigheid in die afrigting van 'n bepaalde sportsoort.

b) Topsportdeelname

Die opleiding van afrigters vir topsportdeelname vind aan universiteite plaas. Soos reeds genoem word sportwetenskap by verskeie universiteite as 'n aparte dissipline aangebied.

Tans is die toonaangewendste sportuniversiteit in die wêreld die DHfK wat in 1950 in Leipzig tot stand gekom het (Bechtholdt, 1982). Hier word voorsiening gemaak vir die opleiding van professionele afrigters.

Sedert die aanvang van die lesings te Leipzig in 1950, het reeds meer as 7 000 studente gegradueer, waarvan meer as 300 reeds doktorsgrade verwerf het. Tans is meer as 2 000 hoofafrigters betrokke by prestasiesport (Krüger, 1980, 142). Die eerste lesings is aan 96 studente aangebied en tans is meer as 2 000 studente by 'n verskeidenheid programme betrokke.

Die vierjarige studie aan die Leipziguniversiteit bied twee spesialiseringsopties, naamlik in 'n besondere sportvak en in die beroepspraktyk (Botha, 1981:64). Die spesialisering vind tydens die laaste twee/drie semesters van die opleiding plaas. Die beroepsopleiding word in drie rigtings aangebied, naamlik die vir die prestasiesportpraktyk, die vir diens in bestuursliggame en die vir diens in die ministerie van volksopleiding. 'n Afrigter wat die vierjarige kursus geslaag het, kan ook as liggaamsopvoedkundige kwalifiseer indien hy nie as afrigter geslaag het nie (Botha, 1981:66).

Die leergang van die vierjarige studierigting omvat alle moontlike vertakkinge van afrigting (Gilbert, 1980:64 en Krüger, 1980:133). Die studietydperk word verdeel in agt semesters en vir die eerste sewe semesters kry die studente tussen 37 en 44 lesse per week. Byna die helfte hiervan is gerig op toegepaste praktiese werk in gimnasia en op die sportvelde.

Wanneer na die tydstoekenning per vak in die leerplan gekyk word, val dit op dat veral vier afdelings besondere aandag kry. Aan die teorie en metodologie van afrigting in 'n aantal sportsoorte (basiese en besondere afrigting) word die meeste tyd bestee naamlik

- 1 302 uur (mans) en 1 206 uur (dames)
- Tweedens word 585 uur aan afrigting bestee
- Derdens word 324 uur aan praktika bestee.

Hierdie drie afdelings wys daarop dat die Oos-Duitsers baie klem lê op die praktiese benutting van die studiemateriaal. Dit is in teenstelling met die Amerikaanse benadering waar die klem merendeels op die teoretiese voorbereiding val. In die DDR is dit die algemene mening dat as 'n afrigter nie weet hoe om self 'n sport te beoefen nie, hy nie veel vordering sal hê in die onderrig daarvan nie. Alhoewel die prestasie ver te kort mag skiet, moet die uitvoeringswyse 100 persent korrek wees (Gilbert, 1980:63).

'n Vierde beginsel wat in die Oos-Duitse stelsel baie aandag geniet, is die onderrig in Marksistiese en Leninistiese filosofie. Dit kan verklaar word vanweë die siening dat sportafrigting kan bydra tot die vorming van die

sosialistiese persoonlikheid van die sportman (Harre, 1970:15). Die bereidheid van die sportman om ter wille van die staat, met groter inspanning, groter sportprestasies na te streef, word beskou as 'n belangrike kriterium van sy politieke-ideologiese rypheid. Die vorming van die sportman ten opsigte van sy prestasievermoëns en die opvoeding wat gerig is op prestasiebereidwilligheid, is in sportaktiwiteite onskeibaar. Harre (1970:16) beweer: "Bildung und Erziehung sind im Trainingsprozess untrennbar verbunden".

In Oos-Duitsland word die afrigter beskou as iemand wat saam met ander opvoeders meewerk aan die fisieke, morele en ideologiese voorbereiding van sportlui. In hierdie opsig vervul hy 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die totale sosialistiese persoonlikheid van die sportman (Botha, 1981:62). Die skoling van die afrigter in die grondslae van die Marksisme en Leninisme bring dus mee dat sportlui geïndoktrineer word met betrekking tot die politieke sisteem. Dit lei tot 'n fundamentele begrip en aanvaarding van die sisteem en dit is 'n vereiste vir beroepsbevordering en sukses in die DDR.

Die opleiding van afrigters in die sportwetenskap is reeds bespreek, maar hier kan vermeld word dat 'n gewone afrigter na die voltooiing van sy opleiding te Leipzig 'n beter kennis van sagte weefselfisiologie en die tegniese toepassing daarvan het, as enige gekwalifiseerde algemene praktisyn na voltooiing van sy studies in Noord-Amerika. (Gilbert, 1980:62).

Alhoewel sistematiese beplanning vir die Oos-Duitsers baie belangrik is, is daar tog ook buigsame moontlikhede in die maniere waarop afrigters en onderwysers opgelei kan word, soos byvoorbeeld deur middel van korrespondensiekursusse en vakansie-opleidingsgeleenthede.

Die korrespondensiekursusse word deur universiteite en vakskole aangebied en kan oor 'n periode van vier jaar strek (Gilbert, 1980:60). Hierdie korrespondensiekursus dek alle belangrike terreine van afrigting (Botha, 1981: 64).

c) Buitelandse afrigters

'n Verdere program in die opleiding van afrigters behels belowende afrigters uit die buiteland. Veral kandidate uit die derde wêreldlande kom na Leipzig vir agt maande tot twee jaar intensiewe opleiding. Die DDR dra alle koste vir hierdie buitelandse studente. Klasse word aangebied in Engels, Frans of Duits en is beskikbaar vir die inwoners van die lande wat op regeringsvlak met die DDR sekere ooreenkomste bereik het.

4.6.2.3.4 Instansies wat afrigting behartig en vlakke van deelname

a) Sportklubs vir massadeelname

Daar is meer as 8 000 ontspanningsportklubs waar sport op massavlak beoefen word. Klubs is die basiese eenheid van die DTSB. Hierdie klubs word oral in die land aangetref en almal het die reg om aan te sluit. Sewe lede is voldoende

om 'n klub te stig. Wanneer 'n klub gestig is, word maandelikse geldelike bydraes gevorder (minimale bedrae)(Gilbert, 1980:50). Alle klublede kan gebruik maak van die beskikbare DTSB-geriewe en apparaat. Daar kan selfs deelgeneem word aan duur Olimpiese sportsoorte soos seiljag en perdesport. Opgeleide beamptes word vir wedstryde voorsien, asook 'n klein vergoeding vir die afrigter as hy die DTSB-vereistes vir een van die verskillende sertifikate geslaag het.

Die sportklubs word aangetref in fabriekke, kollektiewe landbouplase, koöperasies, administratiewe eenhede, universiteite en kolleges, tegniese skole, stedelike en platelandse residensiële areas, in die leër en by polisiestasies.

Die aktiwiteite vind op massavlak plaas en die grootste deel van die finansies benodig, kom uit die begrotings van die industrieë. Aangesien alle industrieë staatseiendom is, ontvang die inwoners almal 'n gedeelte van die winste. Ongeveer sewe persent van hierdie winste word in 'n bepaalde area aan sport bestee. Besluite oor die aanwending van die geld berus by die komitees van die DTSB in die verskillende distrikte.

b) Sport in die skole

Die skole bly die belangrikste inrigtings waar die kinders met die verskillende sportsoorte kennis maak. Liggaamlike opvoeding is in alle skole verpligtend en bestaan hoofsaaklik uit sportbeoefening. In die eksamens wat afgelê moet word, word die kinders getoets ten opsigte van krag, spoed, ratsheid, stamina en soepelheid. Verder word onderrig gegee in sokker, handbal, basketbal of vlugbal, atletiek

en swem (Childs, 1978:87).

Sportfeeste (Spartakiaden) word gereeld gehou ten einde die belangstelling van die jeug vir sport te behou. Hierdie kompetisies word ook gebruik om jong talent te ontdek sodat die geleenthede geskep kan word dat hulle 'n sportskool kan bywoon. Hierdie jong sportlui kan ook deur 'n onderwyser na klubs verwys word waar gekwalifiseerde afrigters beskikbaar is.

In die DDR bestaan bepaalde sportskole waar sportlui gehelp word om hulle sporttalent ten volle te ontwikkel. Die kinders ontvang hier intensiewe afrigting in 'n sportsoort van hulle eie keuse - alhoewel die keuse beperk is tot enkele Olimpiese sportsoorte (Childs, 1978:88). By sommige van hierdie skole is inwoning ook beskikbaar en daar word ook omgesien na die opvoedkundige behoeftes van die kinders. So word die onderwysdepartement direk by die sportontwikkelingsproses betrek.

Daar word egter soveel tyd aan sport bestee dat die meeste leerlinge wat die eindeksamen wil slaag ten einde universiteitstoelating te verkry, een of selfs twee jaar langer op skool moet bly ten einde die eksamen te kan slaag. Volgens Gilbert (1980:107) blyk die sportskole 'n belangrike toevoeging tot enige land se afrigtingsbeplanning vir die topsportlui te wees.

c) Sportklubs van die magte

Sportorganisasies in die Oos-Duitse weermag beklee 'n belangrike plek in die sportsisteem van die DDR. Individuele

lede van hierdie klubs behaal dikwels medaljes op die Europese kampioenskappe en die Olimpiese Spele. Die twee klubs "Vorwärts" (Magte) en "Dynamo" (Polisie) is sleutelkomponente in die DDR se stelsel vir die afrigting van topsportatlete. In hulle finansiële behoeftes word voorsien deur fondse wat uit die onderskeie begrotings bekikbaar gestel word.

d) Sport aan die universiteite

Behalwe die studente van sport en Liggaamlike Opvoedkunde moet ook alle ander fisieke gesonde studente tydens die eerste drie jaar van hulle studies aan liggaamlike oefeninge deelneem. Die inoefeningsprogramme word gebaseer op internasionale standaarde. Die verpligte sportdeelname geskied om twee redes, naamlik ter wille van militêre weerbaarheid, maar veral ter wille van die verbetering in die algemene liggaamlike vermoëns van die studente. Belangrik is ook die karakteropvoeding wat hiermee gepaard gaan en dan veral ten opsigte van spangees, uithouvermoë, dissipline, eerlikheid en andere (Childs, 1978:91).

e) Elite sportklubs

Daar is tans 27 elitesportklubs in die DDR. Hier word individue intensief vir topsportdeelname voorberei. By negentien hiervan bestaan van die reeds genoemde sportskole. Al die sportdeelnemers wat 'n bo gemiddelde talent het, ontvang afrigting by hierdie eliteklubs (Childs, 1978: 92).

Hierdie klubs is oor die hele land versprei, op plekke waar die inwoners die meeste nut daaruit kan kry en waar natuurlike geriewe deelname vergemaklik.

4.6.2.3.5 Die status van die sportafrigter

In die DDR is die afrigtingsberoep gelykstaande aan die status van die ander opvoedkundige beroepe. Dit maak van afrigting 'n gesogte beroep.

Jaarliks verlaat 300 gegradueerde afrigters die DHfK en daar is reeds 7 000 gekwalifiseerde afrigters.* Om werksgeleenthede vir hulle te voorsien is egter nie 'n probleem nie aangesien afrigting in 10 000 skole en 8 000 werkers-sportklubs, benodig word. (Krüger, 1982:145).

4.6.3 Die Unie van Sowjet Sosialistiese Republieke (USSR)

4.6.3.1 Inleiding

'n Aansienlike hoeveelheid mense in die USSR beoefen sport.* In 1975 was daar 52 miljoen sportdeelnemers, 16 miljoen draers van sportkentekens, 14,2 miljoen jeugdige kompetisiesportlui, 6 000 meesters van sport, 1 200 meesters van sport van internasionale standaard en 3,9 miljoen afrigters en oefenleiers (Krüger, 1980:99). Die toetrede van Sowjetatlete tot internasionale sport het Westerse amateursportlui gekonfronteer met goedgeoefende teenstanders en nuwe uitdagings om die wêreldkroon in sport.

* Die betroubaarheid van die bronne waarvolgens die aantal deelnemers bepaal word, kan nie vasgestel word nie, vergelyk p.187.

Sportkundiges uit Westerse lande het tot dusver relatief min navorsing oor die Sowjet-Unie se sportbenadering gedoen terwyl Sowjetsportleiers wel inligting ten aansien van sportnavorsing in die Weste bestudeer het en bruikbare gegewens in die Russiese stelsel, waar moontlik, toegepas het. So het hulle onnodige duplisering in hulle eie stelsel vermy (Shneidman, 1979:2).

Gegewens oor die stelsel waarmee die kommuniste reeds soveel welslae behaal het, word geheim gehou. Dit gebeur dikwels dat inligting in verband met byvoorbeeld spesiale afrigtingskole vir jong sportlui, die gebruik van stimulant en sportborgskappe, geheim gehou word (Freeman et al., 1980:7).

Sport staan in die Sowjetunie totaal in diens van die kommunistiese owerheid (Van den Heuvel, 1980:11). Sowel liggaamlike opvoeding as sport word in die kommunistiese onderwys gebruik as hulpmiddele tot hoër produktiwiteit, om in die landsverdeling doeltreffender te wees en om glorie vir die staat in te bring. Die vier komponente in die Sowjetraamwerk, naamlik georganiseerde liggaamlike opvoeding, spelaktiwiteite, aktiewe vryetydsbedrywighede en sport vorm liggaamskultuur en dit word deel van die algehele kultuur van 'n gemeenskap beskou en staan gelyk met die geesteskultuur. Die nastrewing van die reeds genoemde doelstellings bring mee dat liggaamlike sportaktiwiteite nie net vir plesier beoefen word nie.

Sport word beskou as 'n uiters belangrike komponent in die gebalanseerde ontwikkeling van die mens en uiteindelik vir die gesondheid van die gemeenskap. Meer nog, dit is al bewuslik deur Sowjetleiers gebruik om die gemeenskap te verander (Riordan, 1978:51).

4.6.3.2 Sportwetenskap in die USSR

Navorsing in die liggaamlike opvoedkunde en sport vorm 'n integrerende deel van Sowjetsport. Hierdie navorsing word by 'n groot aantal inrigtings vir hoër onderwys (ingeslote al die institute van liggaamskultuur en fakulteite van Liggaamlike Opvoedkunde), by mediese kolleges en politechnikons gedoen. Verder word sportnavorsing ook gedoen by die Akademie vir Mediese wetenskappe van die USSR (veral by een van laasgenoemde se institute naamlik die Navorsingsinstituut vir Fisiologie en Liggaamlike Opvoedkunde) en by vier afsonderlike liggaamskultuur navorsingsinstitute (Riordan, 1977:281). 'n Dokumentasiesentrum vir boeke, tydskrifte en films wat uitsluitlik met sport en liggaamlike opvoedkunde te make het, is te Minsk gevestig.

Hieruit kan afgelei word dat 'n wetenskaplike en tegnologiese studie van sport en sy verwante wetenskappe noodsaaklik beskou word vir die ware begrip van sport in die alledaagse lewe en werk, as 'n basis vir verbeterde prestasie. "Medicine is breaking into practically all areas of sport. The same can be said of sport science as a whole which is extensively developed in the Soviet Union (Kirillylik, 1980:14).

Die ekstensiewe navorsing ten aansien van die tegniese aspekte van sport getuig van die erns waarmee sport by die verkryging van internasionale welslae bejeen word.

Soos ook in ander navorsingsvelde word geldbonusse en goue medaljes vir uitsonderlike navorsing toegeken in:

- i) teoretiese en sosiologiese probleme van liggaamskultuur en sport
- ii) navorsing in afrigting en onderwys en
- iii) medies-biologiese werk in liggaamlike opvoedkunde en afrigting.

Die meeste gevorderde navorsing in liggaamlike opvoedkunde word in die sentraal gelokaliseerde inrigtings uitgevoer en veral omdat die meeste gekwalifiseerde spesialiste in Moskou of Leningrad woon. Sowjetinstitute vir liggaamskultuur het 3 523 voltydse instrukteurs, lektore en professore in diens.

Die ontwikkeling van navorsing in liggaamlike opvoedkunde word nie aan die toeval oorgelaat nie. In die Sowjetunie is navorsing 'n geïntegreerde poging waarin 'n departement, fakulteit, universiteit en selfs 'n republiek 'n gemeenskaplike opdrag kry wat hulle moet ontleed en ontwikkel. In 1970 het die Komitee vir Liggaamskultuur en Sport en die Komitee vir die Wetenskap en Tegnologie van die USSR Raad vir Ministers, 'n vyfjaarplan vir navorsing in liggaamskultuur en sport goedgekeur. Al 25 institute vir liggaamskultuur was hierby betrokke asook ongeveer 4 500 navorsingspersoneellede.

Alle navorsing in liggaamskultuur word tans in die volgende rigtings gedoen:

- i) Om die wetenskaplike basis van die Sowjetsisteem vir Liggaamlike Opvoedkunde te vervolmaak;
- ii) om die stelsel van sportafrigting te vervolmaak;
- iii) om probleme ten aansien van die geskiedenis van die liggaamskultuur, organisasie en toesig op 'n gesonde basis te plaas;

- iv) om die standaard van die opleiding van spesialiste verder te ontwikkel en om die standaard van almal wat diens lewer aan liggaamskultuur en sport te verhoog;
- v) om wetenskaplike apparaat, toerusting en geriewe te verbeter;
- vi) om die ontwikkeling van sportgeriewe wetenskaplik te verantwoord.

Doelbewuste pogings word gemaak om die teorie en die praktyk bymekaar te laat uitkom en dit gebeur dikwels dat leiers en afrigters van Sowjet-nasionale spanne beskik oor gevorderde akademiese kwalifikasies en wetenskaplike publikasies wat deur hulle gelewer is (Shneidman, 1979:84). Finansiële steun vir sportnavorsing het ook die afgelope tyd drasties toegeneem (Shneidman, 1979:84).

4.6.3.3 Die professionalisering van sportafrigting

4.6.3.3.1 Beheer en koördinering van afrigting

Die Sowjetregeringsstelsel is 'n hoogs gesentraliseerde en beheerde burokrasie en drie verskillende vlakke kan onderskei word. Daar is 'n groot ooreenkoms tussen die organisatoriese struktuur van

- i) die sentrale regeringsliggame;
- ii) die in die unie en outonome republieke en
- iii) die in die streke, distrikte en stede.

Daar is partykomitees en rade van ministers of uitvoerende komitees op al die regeringsvlakke en net soos op die sentrale

vlak word die wetgewende en uitvoerende liggame van die lokale administrasie gerig en beheer deur plaaslike partykomitees.

Liggaamskultuur is op al die vlakke van regering van belang en die praktiese organisasie, toesig en koördinerings van liggaamskultuur, sport en ontspanning in die Sowjetunie word uitgevoer deur komitees vir liggaamskultuur en sport op elk van die drie vlakke. Die algehele beheer van Sowjetliggaamskultuur val onder die komitee van liggaamskultuur en sport van die USSR-Raad van Ministers.

Hierdie komitee is 'n groot organisasie met honderde werknemers: spesialiste op verskeie terreine van die liggaamlike opvoedkunde, sport, pedagogiek, wetenskap en die ekonomie. Die komitee bestaan verder uit groter en kleiner departemente wat alle aspekte van sportaktiwiteite behartig asook departemente wat toesig hou oor en leiding gee vir opleiding van liggaamlike opvoedkundiges, sportnavorsers, die bou van sportgimnasia en geriewe, internasionale sportbane, propaganda, organisasie, ekonomie en finansies (Shneidman, 1979:30).

Die afdeling van die komitee vir liggaamskultuur en sport wat verantwoordelik is vir die ontwikkeling van verskillende sportsoorte, werk nou saam met die verskillende sportfederasies van die USSR en hou in werklikheid toesig oor hulle werk. Hierdie sportfederasies wat lede is van die toepaslike internasionale sportorganisasies, is veronderstel om amateurliggame te wees. In die praktyk word hulle egter gefinansier en beheer deur die "Komitee vir Liggaamskultuur en Sport" en dikwels is dit moeilik om te bepaal waar die funksies van die sportfederasies eindig en die van die Komitee begin (Shneidman, 1979: 30). In die Sowjetunie is dit dan ook onmoontlik om 'n klub te

te stig sonder die goedkeuring van die staat (Stokvis, 1979:158). Dit bring mee dat daar weinig onverbonde onafhanklike volwasse sportgroepe in die Sowjetunie is.

Uit die voorafgaande sportinfrastruktuur is dit duidelik dat liggaamlike opvoeding en sport in die Sowjetunie ten volle in diens van die kommunistiese owerheid staan. "Ze moeten bydragen aan de definitiewe zege van het communisme" (Van den Heuvel, 1980:11). Soos in ander Oos-Europese state "loopt de sport aan de leiband van de communistische party" (Van den Heuvel, 1980:129). Vir die kommuniste is internasionale sport 'n politieke strydterrein.

Die sukses van Sowjetsport kan gevind word in sentrale beplanning, die algehele koördinasie tussen die onderwysstelsel, lokale- en nasionale regeringsvakbonde en industrieë "to provide coaches and organisation first, facilities second" (Louis, 1980:23).

4.6.3.3.2 Die opleiding van afrigters

a) Inleiding

Die Sowjetsisteen vir die opleiding van spesialiste in liggaamskultuur en sport berei individue voor op die vlakke van sekondêre en hoër onderwys. Opleiding vind by verskeie inrigtings plaas, byvoorbeeld

- 'n aantal sekondêre spesialiseringsskole,
- by liggaamlike opvoedkunde departemente van opvoedkunde fakulteite,
- by institute van universiteite en
- by institute vir liggaamskultuur.

Hierdie studente word instrukteurs, afrigters en beamptes in skole, kolleges, sportverenigings, klubs, fabriek en plase. Die verskeidenheid inrigtings en die aantal inrigtings waar opleiding in liggaamlike opvoeding en sport gegee word, word in tabel 6 aangetoon (Riordan, 1977:275).

TABEL 6 LIGGAAMLIGE OPVOEDING EN SPORTINRIGTINGS IN DIE USSR (1972)(Riordan, 1977:75)

Inrigting	Aantal
1. Instituut vir liggaamskultuur	20
2. Liggaamlike Opvoedkunde departemente by hoër opvoedkundige inrigtings	78
3. Sekondêre spesiale liggaamskultuur-onderwysinrigtings	25
4. Sekondêre spesiale kolleges vir onderwysers wat spesialiseer in Liggaamlike Opvoedkunde	33
5. Skole vir afrigters wat verbonde is aan liggaamskultuur institute of sekondêre spesiale onderwysinrigtings	18
6. Liggaamskultuur-navorsingsinstitute	4

b) Inrigtings vir hoër opvoeding

'n Toelatingseksamen moet afgelê word indien studente na sekondêre onderrig verder in die liggaamlike opvoedkunde wil studeer. Hierdie eksamen bestaan uit 'n eksamen in liggaamlike opvoedkunde en die aflegging van praktiese toetse in sekere sportsoorte. Voornemende studente aan institute vir liggaamskultuur moet 'n moeiliker praktiese toets slaag as diegene wat by fakulteite van liggaamlike opvoedkunde verder wil studeer.

Daar is noue ooreenkoms tussen die leergang en metodologie van laasgenoemde twee inrigtings, maar verder verskil hulle heelwat. Institute vir liggaamskultuur het gewoonlik twee afdelings:

- i) onderwys
- ii) sport.

Die Moskouse Instituut vir Liggaamskultuur beskik egter slegs oor 'n sportafdeling en lei spesialiste op in spanspele, individuele sportsoorte, massasport, winter- en tegniese gekompliseerde sportsoorte. Die onderwysafdelings lei studente op as liggaamlike opvoedingsonderwysers en instrukteurs vir sekondêre gespesialiseerde skole en inrigtings vir hoër onderwys. Die sportafdelings aan die ander kante lei individue op as hoogs gekwalifiseerde afrigters, oefenleiers, instrukteurs en spesialiste in verskeie areas van liggaamlike opvoeding en sport.

Na toelating volg die studente 'n vier- tot vyfjaarprogram in hulle spesialiseringsrigting met weinig keuse van die vakke wat bestudeer word. Die leergang word opgestel volgens vasgestelde tydsindeling en volgorde waarin vakke gevolg moet word. Die student se werkslading in die tyd en aantal toetse, referate en eksamens word ook duidelik voorgeskryf.

Alle studente aan Sowjetinrigtings vir hoër onderwys ongeag hul spesialiteitsrigting word verplig om voorgeskrewe politieke en sosio-ekonomiese kursusse, nie verbind aan hulle studierigting nie, te volg. Hierdie kursusse behels die Marksistiese-Leninistiese filosofie, politieke ekonomie en die geskiedenis van die kommunistiese party van die USSR (Shneidman, 1977:74).

h Uiteensetting van die leerplan word deur Krüger (1980:100) aangegee. In hierdie verband moet op die volgende gelet word. Uit h totale studieduur van 4 786 uur, is die vier afdelings waaraan die meeste tyd bestee word, die volgende: opleiding in die verskillende sportsoorte 2 048 uur (42,8%), opleiding in die metodologie en praktika, 1 002 uur (23%), sportmedisyne* 532 uur (11,1%) en grondslae van die Marksisme en Leninisme 454 uur (9,5%).

Die praktiese uitvoering van aktiwiteite in die verskillende sportsoorte is belangrik en studente moet die praktiese eksamens slaag voordat hulle die teoretiese deel kan aflê. Dertig weke van die studietydperk moet aan die onderwyspraktyk by h sekondêre skool, h sportskool, h sportklub of sportvereniging bestee word (Riordan, 1977:277).

Wanneer die student afstudeer word h diploma gelykstaande aan h graadsertifikaat aan hom toegeken as bewys van die studietydperk wat voltooi is. Die studente is ses dae per week met meer as dertig uur van teoretiese en praktiese sessies per week, by klasaktiwiteite betrek. Die akademiese jaar strek van 1 September af tot die einde van Junie. Onderrig is gratis en die studente wat goed presteer kry h toelaag van tussen 25 en 50 roebels per maand.

Gegradueerdes in liggaamlike opvoedkunde moet voortdurend kontak met hulle vak hou. Dit word vergemaklik deur spesiale afdelings vir professionele bevordering wat by die leidende institute vir liggaamskultuur gevestig is. h Spesiale stelsel is in werking waardeur liggaamlike opvoedingsonderwysers, afrigters en spesialiste, periodiek moet rapporteer om spesiale

*Sportmedisyne-sportfisiologie

kursusse te volg, sodat hulle vertrouwd kan bly met die nuutste ontwikkelinge in hulle veld (Shneidman, 1979:79).

Die meeste Sowjetinrigtings vir hoër onderwys bied ook korrespondensiekursusse aan. Dit is gewoonlik 'n baie gewilde studiemetode en ongeveer 18 000 studente aan institute vir liggaamskultuur studeer op hierdie wyse. Die studietydperk duur in hierdie gevalle vyf jaar* en twee keer per jaar moet studente die inrigtings besoek vir eksaminering en praktiese lesse. Afwesigheid van werk in hierdie gevalle word nie as normale verlof gereken nie en volle betaling deur die werkgever is verpligtend. Alhoewel hierdie studente dieselfde diploma as die voltydse studente ontvang, word tog algemeen aanvaar dat die standaard veel laer is. Hierdie studiewyse bied egter opleidingsgeleenthede aan studente wat dit andersins nie sou kon doen nie (Shneidman, 1979:80).

c) Graadstudies en navorsing in Liggaamlike Opvoedkunde en sport

Gevorderde studente kan na graduering vir nagraadse studie by 'n instituut vir liggaamskultuur, 'n universiteit of 'n instituut vir die ontwikkeling van nuwe kennis inskryf. Toelatingsvereistes moet nagekom word. Nie meer as drie jaar sonder 'n voltydse werk, mag hier deurgebring word nie. Verskeie eksamens moet in die tydperk geslaag word en eksaminering vind plaas ten opsigte van vakke soos die teorie van liggaamlike opvoedkunde en 'n besondere spesialiseringsrigting. Voordat die graad "Kandidaat van die Wetenskappe" egter toegeken kan word, moet die student bewys lewer dat hy volkome die Marksisme

* Riordan, 1977:278: ses jaar.

tiese-teorie bemeester het, dat hy aktief werksaam is in politieke en opvoedkundige werk en psigologiese en opvoedkundige beginsels bestudeer het. Die hoogste akademiese graad wat behaal kan word, is 'n Doktorsgraad in die Wetenskappe.

d) Sekondêre, gespesialiseerde skole in Liggaamlike Opvoeding en sport

Die aantal mense wat professioneel in diens van liggaamlike opvoedkunde en sport staan, is ongeveer 250 000. Institute vir hoër onderwys kan nie aan die groeiende vereistes voldoen om genoeg spesialiste op te lei nie. Gevolglik neem die bogenoemde gespesialiseerde skole ook opleiding waar. Hierdie skole sluit die teknikons en afrigterskole in. Tans bestaan daar 25 teknikons en 10 afrigterskole in die USSR en die studietydperk aan eersgenoemde is 3 jaar en aan laasgenoemde 2 jaar* (Shneidman, 1979:85).

Eksamen moet afgelê en geslaag word in verskeie vakke, en die kandidaat moet ook 'n fiksheidskenteken besit voordat toelating geskied. Diegene wat tot die afrigterskole toegelaat word, moet ook 'n erkende en vasgestelde uitvoeringsvlak in die sport van hulle keuse kan handhaaf. Wanneer 'n korrespondensiekursus gevolg word, duur die studietydperk 'n jaar langer (Shneidman, 1979:87).

Hierdie afrigterskole vorm normaalweg deel van 'n insituut vir liggaamskultuur of skakel in by 'n Technikon (Riordan, 1977:279). Studente van vyftien tot sestienjaar oud kan toela-

* Volgens Riordan (1978:280) duur hierdie kursus 4 jaar.

lating verkry. Dikwels kwalifiseer erkende sportlui deur middel van die korrespondensie- of aandkursusse as afrigters terwyl hulle nog aktief deelneem.

Die kursusse by die afrigtingskole is nie van dieselfde akademiese gehalte as die wat by die institute vir liggaamskultuur vir afrigters aangebied word nie.

e) Nie-professionele werkers in liggaamskultuur

Saam met die klem wat gelê word op die professionele opleiding van spesialiste in die veld van liggaamskultuur, word ook tyd bestee aan die voorbereiding en opvoeding van nie-professionele werkers. Toepaslike komitees van liggaamskultuur en sportverenigings lei spesiale kursusse, seminare en klinieke. In die praktyk is die inset van hierdie vrywillige nie-professionele werkers egter nie groot nie. "There are indeed very few coaches and instructors who work regularly from sheer enthusiasm and love of sport" (Shneidman, 1979:86).

In die Sowjetunie is liggaamskultuur en sport onder die beheer en toesig van beide die regering en die kommunistiese party, en professioneel opgeleide spesialiste in liggaamskultuur en sport hanteer alle praktiese sake. Daar is dus min ruimte vir vrywillige werkers wat nie dieselfde kwalifikasies of ervaring het as die professioneel opgeleide kandidate nie*.

* Vergelyk statistieke volgens Riordan en die benutting van vrywillige afrigters. (p.218).

f) Samevattende opmerkings oor opleiding

Die leergang van die Sowjet gespesialiseerde skole in liggaamlike opvoedkunde beklemtoon geprofessionaliseerde spesialisasie terwyl die meeste graduandi van die teknikons onderwysgerig gaan werk. In die hoër onderwysinrigtings word ook hoogs gekwalifiseerde spesialiste in verskillende sportsoorte opgelei. Hierdie spesialiste word later as afrigters en administrateurs in diens geneem. Op die graadvlak word klem veral op navorsing gelê en as gevolg van die gesentraliseerde administrasie van Sowjetsport, is dit maklik om nuwe teoretiese bevindinge na die sportpraktyk deur te voer. Sowjetmetodes van inoefening word internasionaal erken en teen Junie 1977 het 95 Sowjetspesialiste in 22 lande op langtermynkontrakte gewerk. 62 in ontwikkelende lande, 24 in sosialistiese en 9 in kapitalistiese lande (Louis, 1980:26).

4.6.3.3.3 Instansies wat afrigting behartig en vlakke van deelname

In 1935 is 'n sportklassifikasiesisteen ingestel. Dit behels 'n rangorde van sportbeoefenaars volgens gelewerde prestasie. Daar bestaan drie grade vir jeugdige en ses grade vir volwassenes. Die hoogste toekenning is die van internasionale sportmeester. Hierdie sisteem is ingevoer om sportbeoefenaars steeds tot beter prestasies aan te spoor.

a) Die Sowjet Algemene Opvoedkundige skool

Fisieke inoefening deur skoolkinders vind by verskeie geleenthede plaas, naamlik tydens liggaamlike opvoedingsklasse (meeste

tyd en hoofsaaklik sportaktiwiteite), tydens ander geleenthede wat geskep word vir fisieke aktiwiteite (byvoorbeeld net voor skool en gedurende pouses), tydens na-skoolse sportaktiwiteite (onder direkte beheer van die liggaamsopvoedingonderwyser) en tydens fisieke aktiwiteite wat gereël en beheer word deur organisasies buite skoolverband (Shneidman, 1979:34).

Naskoolse bedrywighede sentreer hoofsaaklik

- i) om die voorbereiding en organisasie van sportspanne vir sportkompetisies,
- ii) om individue te help voorberei vir die vereistes van die GTO-program* en
- iii) om kinders af te rig vir interskoolsportkompetisies.

Die Sowjetowerhede heg groot waarde aan die liggaamlike opvoeding van elementêre en sekondêre skoolkinders. (Ongeveer 20% van die totale Sowjetbevolking woon hierdie skole by). Tog blyk dit dat daar groot tekortkominge bestaan, naamlik dat 65% van alle sport nie in die elementêre behoeftes vir die aanbieding van liggaamkultuur kan voorsien nie, dat die onderwysers wat liggaamlike opvoeding en sport moet aanbied nie voldoende gekwalifiseer is nie en dat leerlinge in baie gevalle afwesig is van klas. "The level of fitness and physical preparation of most secondary school students is indeed inadequate" (Shneidman, 1979:35). As gevolg van die ekonomiese toestand in die land kan baie ouers ook nie die nodige toerusting voorsien nie.

* Die GTO-program is 'n nasionale fisieke aktiwiteitsprogram en bevat 'n aantal essensiële vaardigheidseise, aangepas by vyf verskillende leeftydsgroepe.

By sportskole word aan leerlinge met sportbegaafdheid, die algemene onderwys saam met onderrig in 'n besondere sportsoort aangebied. Hier word gewoonlik baie klem gelê op buitekurrikulêre aktiwiteite en spesiale afrigting in die gekose sportsoort. By hierdie skole is normaalweg voldoende geriewe vir sportbeoefening asook gekwalifiseerde onderwysers. Afrigterspesialisasie in skerm en atletiek begin op die sesde graad en in ander sportsoorte op graad vier. Slegs gesonde kinders met goeie ontwikkelingsmoontlikhede met die toestemming van hulle ouers en afrigters word na toetsing toegelaat. Hierdie skole het al by verskeie geleenthede USSR-kampioene opgelewer.

b) Jeugsportskole

Hierdie sportskole beskik selde oor hulle eie geriewe en die meeste praktiese werk word gedoen by die geriewe van verskillende organisasies wat onder die jurisdiksie van die beheerliggaam van die sportskool val. Tog is daar sportlui wat oor goeie geriewe beskik, soos byvoorbeeld die fietsryklubs van Lokomotiv (Van den Heuvel, 1980:44). Sommige sportskole bied slegs een sportsoort aan, terwyl ander weer 'n verskeidenheid sportsoorte aanbied; maar vir ten minste elke sportsoort bestaan voldoende sportskole wat reëlmatig topsportlui oplei. In 1972 was daar meer as 4 000 sulke skole in die USSR, en ongeveer twee miljoen kinders (5% van die totale jeug) woon hierdie skole by (Van den Heuvel, 1980:44). Die instrukteurs vir hierdie skole word gehuur. Baie van hulle word op 'n deeltydse uurlikse basis aangestel, terwyl hulle elders 'n voltydse betrekking beklee. Soms gebeur dit dat by die skole in groot stede voltydse instrukteurs (spesialiste op hierdie gebied) in diens geneem word. Van die 25 000 afrigters wat in 1967 by hierdie skole werksaam was, was 80% gekwalifiseer, verge-

leke met 55% gekwalifiseerde liggaamlike opvoedingsinstrukteurs in sekondêre skole en 58% van alle voltydse liggaamlike opvoedingsinstrukteurs en afrigters in die hele land (Riordan, 1977(a):45). Sportlui wat by hierdie skole ekstra onderrig ontvang neem vir hulle eie skole, klubs of organisasie aan kompetisies deel. Die instrukteurs by sportskole word aangemoedig om gewone skoolkompetisies te besoek en talentvolle sportlui uit te nooi om die sportskole te besoek. Inoefening by hierdie skole is gratis en die deelnemers word ook voorsien van die nodige toerusting. Die aktiwiteite van hierdie skole mag egter nie inmeng met die algemene onderwys van die individue nie.

Honderde Sowjetatlete wat al wêreldroem behaal het, het onderrig by hierdie sportskole ontvang. Tog moet gemeld word dat talle van die sportlui andersins ook opleiding laat vaar of nie die gewenste standaard bereik nie.

c) Sekondêre gespesialiseerde- en beroepskole

Sekondêre gespesialiseerde skole (4½ miljoen studente) skakel in by sakeondernemings en industrieë, beroepskole (2 miljoen studente) by aanlegte en fabriekke. Liggaamlike opvoeding is by hierdie skole verpligtend en klem word veral gelê op gimnastiek, atletiek, spele en ski-aktiwiteite.

d) Liggaamskultuur in inrigtings vir hoër onderwys

In die Sowjetunie is daar meer as 4½ miljoen studente wat aan meer as 800 inrigtings vir hoër onderwys studeer. Fisieke aktiwiteite word volgens 'n voorgestelde program aangebied en is verpligtend vir alle eerste- en tweedejaars, terwyl

derde-, vierde- en vyfdejaars aangemoedig word om dit vrywillig te doen. Hierdie programme is hoofsaaklik gerig op fiksheid in sport (onder andere gimnastiek, atletiek, ski, swem en spanspele).

Belowende sportlui word uitgenooi om spesiale afrigtingssessies by te woon. Die standaard van die studente word gemeet aan die norme wat in die sportgraderingstelsel vasgestel is, asook deur die uitslae van kompetisies.

e) Sportdeelname in die Magte

Daar word nie veel aandag aan kompetisiesport in die militêre eenhede vir aktiewe diens gegee nie. Hierdie taak word aan die onderskeie sportklubs opgedra.

Die beste sportlui word by die Magte se sportklubs aangetref. Die Sowjetweermagte aspireer om 'n leidende rol in Sowjetsport te speel en daarom word die soldate en offisiere wat goed presteer in sport, van militêre pligte vrygestel en kan hulle al hul tyd aan die beoefening van hulle sportsoort wy. Behalwe finansiële belonings en ander voordele na 'n uitmuntende sportprestasie, word militêre sportlui ook vergoed deur verhoging in rang (Van den Heuvel, 1980:40). Die beste weermagklub is die Sentrale Weermagklub in Moskou. Hierdie klub het al etlike Olimpiese kampioene opgelewer.

Soortgelyk aan laasgenoemde klub is die Dinamo-sportklub. Dit is 'n para-militêreklub en die veiligheids- en grensmagte behoort hieraan. Dinamo is 'n uiters suksesvolle klub met groot finansiële bates en die beste sportgeriewe in die USSR. Hierdie klub het ook al etlike Olimpiese kampioene opgelewer.

Hierdie twee klubs dien as voorbeelde waar topsportbeoefening plaasvind. In die Sowjetunie word baie geld aan die bevordering van topsport bestee. Almal wat besondere sporttalent openbaar kry voldoende geleentheid om dit te ontwikkel, voldoen=de oefentyd, ekstra geld vir reise, klere en voedsel.

"En dat alles gebeur omwille van die medailles by internasio=nale wedstrijden, omwille van de nationale glorie van de Sow=jetunie" (Van den Heuvel, 1980:69). ' Die sportlui wat aan topsport deelneen, word ook verseker van 'n loopbaan na die afhandeling van hul kompetisietydperk. Hulle word dikwels afrieters met akademiese kwalifikasies, of word betrek by sportorganisasies of sportnavorsing.

Wedywering tussen die topatlete en topspanne is in binnelandse kompetisie sterk, veral omdat sportlui deur die lewering van goeie prestasies en wenuitslae ekstra geriewe en voordele bekom.

f) Vakbondsportverenigings

Die vakbondsportverenigings maak voorsiening vir die algemene sportdeelname van die Sowjetvolk. Daar bestaan tans vyf van hierdie sportverenigings met takke in die meeste Sowjetrepublieke. Lede van die vakbonde kan by hierdie klubs aansluit. Die Sowjetregering beveel liggaamlike oefening aan by mense van alle ouderdomsgroepe en hulle maak daadwerklike pogings om almal by een of ander fisieke oefening of sport te bereik. Volgens die Russiese pers word liggaamlike oefening steeds meer en meer deel van die lewe van die Sowjetmens.

Tog word aan massasport veel minder aandag as aan topsport gegee. Die vakbonde gee byvoorbeeld veel meer finansiële steun aan massasport as die staat (Van den Heuvel, 1980:24). Dikwels word finansiële steun teruggehou ten koste van prestasiesport en talle werkers het geen geleentheid vir deelname nie, omdat daar nie genoeg geriewe en afrigters beskikbaar is nie. Owerhede vereis prestasies van die klubs en op die afrigters word ook druk uitgeoefen om prestasies te lewer. Gevolglik het hierdie afrigters nie die tyd om aandag aan minder begaafde sportlui te verleen nie.

g) Kompetisies

Verskeie sportkompetisies word vanaf lokale tot nasionale vlak aangebied om die belangstelling in sport te prikkel, maar ook om standarde voortdurend te evalueer. Hierdie kompetisiestruktuur maak voorsiening vir toernooie waartydens verskeie sportsoorte aangebied word, asook individuele sportsoorte. Die Spartakiade is die grootste van die kompetisies waartydens verskeie sportsoorte aangebied word. Dit is soortgelyk aan die Olimpiese Spele en word elke vier jaar in die jaar net voor die Olimpiese Spele gedurende die winter en die somer aangebied. Die kompetisie word in verskillende fases afgehandel en volgens Sowjetbronne neem meer as twintig miljoen inwoners per kampioenskap deel (Riordan, 1977(a):249).

4.6.3.3.4 Die status van die sportafrigter

Individue wat in sport werksaam is, kan voltyds of deelyds in diens geneem word. Van die voltydse sportpersoneel is sommige direk by sport betrokke as: afrigters, instrukteurs en sportspesialiste, terwyl andere weer by administrasie en

die oprigting van geriewe betrokke is.

Die professionele afrigter is materieel beter daaraan toe as die liggaamlike opvoedinginstrukteur. Talle van die leidende afrigters is voormalige sportlui. Die grootste aantal van die professionele sportafrigters is spesiaal opgelei vir hulle afrigtingstaak.

Vir die land se top afrigters kan die beloning groot wees en eretoekennings word gemaak wanneer topsportlui afgerig word.

Die basis van vergoeding word vasgestel volgens die afrigter se opleiding, dienstydkperk, enige ere-titels en die welslae wat deur sy sportlui behaal is. Vanaf 1967 word goue medaljes en bonusse aan afrigters toegeken wanneer hul atlete internasionale roem verwerf. Aan die ander kant word afrigters wat nie sukses behaal nie, summier afgedank.

Professionele afrigters word op 'n voltydse basis in diens geneem en hulle ontvang min of meer 'n vasgestelde salaris. Afrigters kan ook deelydys in diens geneem word en word dan betaal volgens die aantal ure wat hulle afrig. Hierdie deelydse afrigterskorps vorm ongeveer 67% van die totale aantal professionele afrigters.

Behalwe die professionele afrigters is daar ook talle afrigters wat op 'n vrywillige, onbetaalde basis by fabriek, plase, kantore en sportverenigings werk. Hulle word betrek by die afrigting van 'n bepaalde sport, by verskeie sportsoorte of by fisieke oefenaktiwiteite deur die werknemers van maatskappye.

Gewoonlik word geen beloning gegee nie, maar verskeie kentekens kan verwerf word. Hierdie deeltydse instrukteurs word aangemoedig om hulle kwalifikasies te verbeter. Dit kan dikwels met vrystelling van werk (volle betaling) geskied. In 1970 was bykans vier miljoen van hierdie vrywillige instrukteurs werk=saam in Sowjetsport (Riordan, 1977:272).

Die betaling van 'n Sowjetafrigter wissel gewoonlik tussen twee bedrae, afhangende van die individu se afrig=terskategorie (III, II, I en hoër graad) en die gehalte van die atlete wat afgerig word. Die vergoeding vergelyk goed met ander soortgelyke beroepe in die USSR (Shneidman, 1979:80).

Finansiering vir sportaktiwiteite word bewerkstellig uit toeken=nings van die staat en staatsloterye. 'n Staatsorganisasie wat sportverbintenisse het, ontvang geld van die staat om aan sport te bestee. Om die kostes van die instrukteurs te kan dra, ontvang die sportkomitees staatstoekennings en dit word toegeken onder die toesig van die Komitee vir Liggaamskul=tuur en sport.

Sport in die Sowjetunie is dus onder staatsbeheer, en dit word voortdurend gekeur deur sekere nuttigheids- en ideologiese filosofieë (Riordan, 1977(b):398).

Dit is in Rusland goedkoop om aan sport te kan deelneem en vir 'n klein bedrag kan 'n individu deur die vakbondsport=unie, aan alle sportsoorte deelneem. Ook sportsoorte soos perdry, motorriesies, valskermspring en die skietkuns waaraan dit volgens Westerse standaarde duur is om deel te neem val

hieronder (Van den Heuvel, 1980:32). Die Sowjetsportverenigings diskrimineer nie met betrekking tot lidmaatskap as gevolg van geslag, nasionaliteit, inkomste of sosiale herkoms nie (Riordan, 1977(b):401).

4.7 WES-EUROPA


4.7.1 Inleiding

In die bespreking aangaande sportafrigting in Wes-Europa word slegs die belangrikste aangeleenthede na vore gebring. Aangesien die verskillende lande geografies relatief naby mekaar geleë is, is daar ooreenkomste ten aansien van lewensomstandighede en ook sportdeelnamepatrone, maar tog is die organisasie van sport en ook van sportafrigting aangepas volgens eie prioriteite, aard en behoeftes.

In die struktuur van die Raad van Europa word voorsiening gemaak vir 'n komitee vir sportbevordering en deur middel van hierdie komitee word gepoog om gemeenskaplike aspekte ten aansien van sport in Wes-Europa te koördineer.

Die volgende organigram toon die struktuur van die Raad van Europa aan (Van Lierde, 1982)(Figuur 8). 'n Raad wat dus tot stand gekom het om algemene sake van belang vir die Wes-Europese state te koördineer, word ook vir sportbevordering gebruik. Algemene sportbelange word op ministeriële vlak, bespreek.

RAAD VAN EUROPA (SPORTAANGELEENTHEDE)



FIGUUR 8

STRUKTUUR VAN DIE RAAD VAN EUROPA (SPORTAANGELEENTHEDE)
(Van Lierde, 1982)

* Inligtingsentrum

Al ses die Wes-Europese lande onder bespreking is lede van die Raad van Europa. In die struktuur van die Raad vervul die "Clearing House" (h inligtingsentrum) h belangrike funksie ten opsigte van die koördinerings van sportnavorsing. Dit dien ook as h inligtingsentrum vir die beleidsake van ledelande, dit huisves die Europese Sportdatabank, dit werk aktief mee in studieprogramme wat opgedra word deur die komitee vir die bevordering van sport, dit verleen raad en organisatoriese steun aan sportgebeure en dien ook as h inligtingsentrum vir individue (Van Lierde, 1982).

4.7.2 Sportnavorsing in Wes-Europa

In 1979 het die sportnavorsingskomitee van die Raad van Europa besluit om die tendense van sportnavorsing in Europa na te gaan. Die "Clearing House" het hierdie oorsig hanteer. Sewentien van die 22 ledelande het navorsingsprojekte gedurende die tydperk 1976-1979, onderneem (Van Lierde, 1982).

Wes-Duitsland het kwantitatief die grootste bydrae gelewer, naamlik 37%. Projekte in sportgeneeskunde (ongeveer 24%) het die meeste voorgekom, gevolg deur psigologie en fisiologie. Die eksakte wetenskappe toon gewoonlik hoër persentasies as die para-wetenskappe, terwyl sportwetgewing, vergelykende liggaamlike opvoedkunde en filosofie onder aan die lys is.

Sommige lande het voorkeur verleen aan sekere navorsingsaspekte en die volgende gegewens dui die verbintenis van sekere lande met sekere onderwerpe aan:

1. Afhangende van die land, fluktueer sportmedisyne tussen die eerste plek (België, Italië en Switserland) en die

negende plek op die voorkeurlys.

2. Kinantropologie beweeg tussen die tweede- (België) en twaalfde posisie.
3. Psigologie wissel tussen die eerste (Frankryk, Swede en Oostenryk) en die agtste plek.
4. Fisiologie kom die meeste op die eerste posisie voor (België, Noorweë, Finland, Denemarke, Nederland en Griekeland). Dit is hoofsaaklik die Skandinawiese lande en die lae lande met Griekeland as die uitsondering.
5. Sosiologie fluktueer tussen die tweede- en sewende posisie.
6. Die grootste variasie word gevind in
 - Kinantropometrie (tussen derde in België en sewentiende in Frankryk)
 - Sportadministrasie (tussen eerste in Engeland en elfde in België)
 - Kinantropologie (tweede in België en sestiende in Finland)
 - Biomeganika (eerste in Brittanje en dertiende in Denemarke)
 - Biochemie (derde in Brittanje en vyftiende in Frankryk)
 - Motoriese leer (vierde in Nederland en vyftiende in Engeland)


Ten slotte word die gegewens van die persentasie navorsing in sportmedisyne, gesien teen die totale aantal navorsingsprojekte deur Wes-Europese lande, weergegee (alleen die lande wat in hierdie ondersoek nagevors word).

België:	15,1%;	Wes-Duitsland:	40,7%;
Frankryk:	9,2%;	Nederland:	29,4%
Oostenryk:	11,6% en	Switserland:	40%

3.6.3 België

3.6.3.1 Die beheer en koördinerings van afdigting

Met betrekking tot sportorganisasie hanteer die Vlaamse- en Franssprekende gemeenskappe hulle eie sake. Die volgende organigram toon die samestelling van die departemente wat onder die minister vir die Vlaamssprekende gemeenskap ressorteer. (Van Agten, 1982)(Figuur 9).



FIGUUR 9 DEPARTEMENTE WAT ONDER DIE MINISTER VIR DIE VLAAMSE GEMEENSAP RESSORTEER (Van Agten, 1982)

* BLOSO: Bestuur vir Liggaamlike Opvoeding, Sport en Opeluglewew

Een van die ses onderafdelings van BLOSO hanteer kompetisie-sport en hierdie afdeling koördineer die afrigtersopleiding vir kompetisiesport in samewerking met die verskillende sportbonde (Van Agten, 1982).

4.7.3.2 Die opleiding van afrigters

Met betrekking tot kompetisiesport word drie vlakke van opleiding in 'n verskeidenheid sportsoorte, naamlik hulpafrigter, klubafrigter en bondsafrigter, aangebied. Die klasse word saans en gedurende naweke aangebied (Van Agten, 1982).

Die opleiding tot hulpafrigter is tegnies-pedagogies gerig: hy tree as hulpafrigter saam met 'n afrigter op en word opgelei om beginners met bepaalde sportsoorte vertrouwd te maak.

Basiese agtergrondskennis vir sportsoorte wat tegnies moeilik is (soos seil, tennis en ski) word voorsien, sodat die hulpaf-rigter as instrukteur die eerste kontak van die jong sportlui met die aktiwiteite, oordeelkundig kan lei.

Die opleiding tot klubafrigter omvat alles wat die afrigter moet weet om aan klublede die nodige afrigting te kan voorsien, naamlik inleidende aktiwiteite, inoefening en voorbereiding vir topprestasie. Hy moet tegnies en taktiese afrigting kan waarneem en oefenskemas en jaarplanne kan opstel.

Voordat die kursus as afrigter aangepak kan word, moet die hulpafrigter eers 'n kursus in algemene basisopleiding (suiwer teoreties) volg. Hierdie kursus word gemeenskaplik vir alle voornemende afrigters eenmaal per jaar georganiseer en duur

van September tot Februarie.

Om as bondsafrigter te kwalifiseer moet die afrigter ekstra afrigtingsessies en studie inpas. Hierdie kwalifikasie is tydsgebonde en verval as die bondsafrigter nie gereeld klinieke bywoon nie.

Naas die voorgenoemde kompetisiesportopleiding organiseer BLOSO ook 'n reeks rekreasiesportkursusse vir rekreasie-atletiekleier, -vlugballeier, -tennisleier ensovoorts. Voordat hierdie kursus gevolg kan word moet die kandidate eers 'n kursus in algemene opleiding in rekreasiesport volg.

Ten slotte kan gemeld word dat opleiding in administratiewe en tegniese sake vir sportbestuurders ook aangebied word, byvoorbeeld as 'n swembadbestuurder, 'n swembadtegnikus of 'n sportfunksionaris (Van Agten, 1982).

Mense wat in opleiding belangstel registreer by die BLOSO-kantoor en word dan in kennis gestel wanneer die volgende kursus 'n aanvang neem. Alle kursusse word beplan na aanleiding van die aantal kandidate wat belangstel en word aangebied in die omgewing waar die grootste aantal kandidate is. Normaalweg begin die algemene basisopleidingskursusse en sekere rekreasieopleidingskursusse in September, terwyl die van klubafrigter gewoonlik in Maart begin. Die ander kursusse kan enige tyd gedurende die jaar aangebied word. Aanvangsdatums word ook deur die pers aangekondig.

Met die opstelling van die inhoudelike van die opleidingsprogram skakel die tegniese direkteure wat vir elke sport aange-

stel is, regstreeks met BLOSO en deur hierdie tegniese direkteure verskaf die sportfederasies die vereiste sportkennis vir hulle sportsoort, terwyl BLOSO die organisatoriese en finansiële sake behartig.

In hierdie samewerkingspatroon word jaarliks meer as honderd opleidingskursusse aangebied en is meer as 12 000 sertifikate in die tydperk 1975 tot 1980 toegeken (Lams, 1981).

Sportdeskundiges word ook by die instituut vir Liggaamlike Opvoedkunde aan drie Vlaamse universiteite (te Leuven, Brussels en Gent) opgelei vir sporttake wat buite die gewone skoolleergang val. Alhoewel die samewerking tussen die universiteite aan die een kant en die sportbonde en BLOSO aan die anderkant nie altyd na wense is nie, word tog tot beter samewerking en medeverantwoordelikheid met betrekking tot sportopleiding nagestreef (Lams, 1981).

As gevolg van finansiële probleme is daar in België 'n hoë persentasie werkloses en BLOSO het met 'n projek begin om van hierdie werklose onderwysers in sportafrigting op te lei. Deur middel van intensiewe opleiding raak hulle gespesialiseerd in sekere sportsoorte en word ingeskakel by mobiele sportskole (Lams, 1982).

4.7.3.3 Instansies en vlakke van deelname waar sportafrigting plaasvind

a) Sportafrigting in die skole

Deur middel van die mobiele sportskole word ekstra afrigtingsgeleenthede aan skoolkinders (buite skoolverband - liggaamlike

opvoeding) geskep. Opsieners in verskillende sportsoorte word aangestel en hulle reël afrigtingsgeleenthede. Water= sportopsieners in roei, seil en windseil, probeer sport= klasse in skoolverband organiseer. Deur middel van spesiale projekte word minderbevoorregtes in werksinkels vir beskutte arbeid, dagverblyfsentra, tehuise en skole vir buitengewone onderwys by sportafrigting betrek.

Die opsieners en mede-afrigters skakel ook in by die 29 sport= sentra waar hulle sportbegeleiding vir die deelnemers waarneem.

'n Verdere aksie om sportdeelname op skool te bevorder setel in die kompetisie vir "sportiefste klas" en "sportiefste skool". Hierdie aksie funksioneer in die skole vir basison= derwys, laer-sekondêre en sedert 1980, ook in die hoër-sekon= dêre skole. Die klem val in hierdie verband op die struktu= rering van naskoolse sportbedrywighede en gevolglik moet elke deelnemende sportiewe skool 'n sportraad stig, 'n skool= sportleier aanstel en 'n jaarprogram met 'n minimum van vyf aktiwiteite opstel en uitvoer.

Die aksie "Sportiewe skool" verloop in noue samewerking met die skoolsportfederasies, met die vereniging van Belgiese stede en wyke en met die inspektoraat vir nasionale opvoeding.

b) Sportafrigting van klub- tot nasionale vlak

Baie klem word gelê op die uitbouing van klubdeelname. Klubs hoef nie noodwendig aan 'n sportfederasie te behoort nie, alhoewel dit voordele inhou soos goedkoop versekering en 'n jaarlikse subsidie vir lopende uitgawes. Die meeste sport=

klubs beskik oor afrigters wat verantwoordelik is vir spanne of individuele sportlui.

Nasionale spanne beskik oor aangestelde afrigters wat deur die sportbonde vergoed word. Hierdie afrigters is nie noodwendig volgens die opleidingstruktuur gekwalifiseer nie.

4.7.3.4 Die status van die sportafrigter

Die gesertifiseerde afrigters kan veral in drie sektore 'n rol speel:

- i) op die sporttegniese vlak in die klublewes (as afrigter by sportverenigings of as afrigter van een of meer sportdeelnemers);
- ii) met betrekking tot sommige funksies in die raamwerk van BLOSO-projekte (by sportkampe, opleidingskursusse, klinieke en
- iii) by sportkampe en vakansiesentra waar die leiding meer informeel is.

Gekwalifiseerde afrigters bestee gemiddeld 5¹/4 uur per week aan afrigting (alle vlakke, span- en individuele sportsoorte) (Agten, 1982).

Nege en vyftig persent van die gekwalifiseerde afrigters wat in sportklubs as afrigters werksaam is, ontvang nie finansiële vergoeding vir hulle dienste nie. Twee persent ontvang glad nie kostevergoeding nie en die oorblywende 39% wat aktief op klubvlak afrig, word betaal. In sommige sportsoorte word 'n groter persentasie afrigters betaal as in ander en sportsoorte waarin meer as vyftig persent van diegene wat diens

lewer, betaal word is vlugbal, tafeltennis, basketbal, voetbal en tennis.

Die gemiddelde verdienste van afrigters wat vergoed word kan ongeveer soos volg aangedui word:

gemiddeld per uur	240 Belgiese frank (+ R5,50)
gemiddeld per week	1 000 Belgiese frank (+ R22,00)
gemiddeld per maand)	4 200 Belgiese frank (+ R90,00)

In die meeste gevalle word die afrigters deur die klub vergoed, en verder help borgskappe die sportlui self, die federasie of 'n offisiële instelling met die betaling. Die aanstelling van die afrigter hang nou saam met die prestasies wat hy behaal.

Deelnemers aan opleidingskursusse moet aan die begin van opleiding hulle eie kursuskoste betaal.

Inskrywingsgelde vir 1982 was soos volg:

- i) Algemene basisopleiding, hulpafrigter en afrigter: elk 700 Belgiese frank (+ R15,00)
- ii) Swembadbeheer: 1 000 Frank (+ R22,00)
- iii) Swembadtegnikus, sportfunksionaris: 4 500 Frank (+ R99,00)
- iv) Rekreasiesportleier: 300 Frank vir algemene opleiding rekreasiesport en 400 Frank vir gekose spesialiteit (Totaal R15,00)
- v) Menseredder: 400 Frank (+ R9,00)
- vi) Swembadbestuurder: 700 Frank (+ R15,00)

Verder ontvang BLOSO regeringsteun vir die projekte.

4.7.4 Die Bondsrepubliek Duitsland

4.7.4.1 Die beheer en koördinerings van afrigting

In sportorganisasie word onderskei tussen selfregering van sport (klubs en federasies) en publieke administrasie (op nasionale-, streeks- en lokale vlak) (Duitse Sportbond, 1979). Hierdie onderskeid word in die Bondsrepubliek van Wes-Duitsland noukeurig gehandhaaf, want alhoewel nasionale sportbeheerliggame, wat onder die oorkoepelende beheer van die Duitse Sportbond val, in ruime mate deur die staat gefinansier word, is hulle ten volle outonoom. Die staat funksioneer op ander terreine as die sportbeheerliggame (gesondheid, sosiale welstand, onderwys). Die sportliggame werk deur middel van die Duitse Sportbond, in volle vertroue saam met die publieke administrasie van sport. Staatsgeorganiseerde of staatsbeheerde sport word heeltemal deur die regering verwerp. (DSB, 1981). Dit is ook die standpunt van die Duitse Sportbond "Needless to say, the Deutscher Sportbund is firmly determined to defend its autonomy under all circumstances" (DSB, 1981).

Dit bring mee dat die Duitse Sportbond as oorkoepelende sportbeheerliggaam sportsake hanteer en sportafrigting is een van die aspekte wat op 'n goed georganiseerde basis funksioneer.

Ten aansien van sportafrigting bestaan baie noue skakeling tussen sportbeheerliggame en die Sportbond. Hierdie samewerking raak veral die terrein van opleiding, maar ook aspekte soos indiensneming en besoldiging van afrigters en identifisering van topsportlui vir doelgerigte afrigting en voorbereiding. Afrigting word dus in samewerking

met sportliggame deur die Duitse Sportbond gekoördineer en alhoewel beheer en kontrole op sekere vlakke deur die sportbeheerliggame self behartig word, berus die finale verantwoordelikheid ook by die Sportbond.

Die klubs is die kleinste organisatoriese eenheid en hulle skakel in by die distrik of provinsiale vereniging van hulle sportsoort. Hierdie laasgenoemde vereniging skakel weer in by die federale of nasionale sportbeheerliggame. Die provinsiale vereniging vorm dan die provinsiale sportfederasies soos die nasionale sportbeheerliggame weer die Duitse Sportbond vorm. Die nasionale beheerliggame het sportsentra op federale vlak met federale afrigters wat deur die Duitse Sportbond in diens geneem word. Op distrik- of provinsiale vlak is ook afrigters wat in hulle eie area die verskillende sportsoorte bevorder.

4.7.4.2 Die opleiding van sportafrigters

Sportopleiding word aangebied deur die Deutsche Sporthochschule Köln, 'n hoër opvoedkundige inrigting, (met universiteitstatus) en deur verskillende instansies onder die beheer van die Duitse Sportbond.

4.7.4.2.1 Die Deutsche Sporthochschule, Köln (DSHS)

Dit is 'n inrigting vir sportwetenskap. Die minimum studietydperk is ses semesters en die doel van die opleiding is

- i) die kwalifisering vir sportloopbane buite skoolverband (byvoorbeeld by fabriek, volkshoërskole en die Duitse Sportbond) en

- ii) kwalifisering vir 'n loopbaan as liggaamlike opvoedkundige.

Na voltooiing van die basiese opleiding (vier semesters) kan die student in een van twee rigtings spesialiseer, naamlik

- a) in algemene sport (massasport) en topsport en
- b) in rehabilitasie en sport vir gestremdes (Van der Schoot, 1982).

Daar is tans meer as 5 000 studente waarvan ongeveer 320 buitelanders is. Dit is die derde grootste inrigting van sy soort in Europa (na dié te Leipzig en Moskou)(Kutifel, 1982).

Die Bondsinstituut vir sportwetenskap is by die Deutsche Sporthochschule Köln gevestig en 'n doktorsgraadkursus in Sportwetenskap (minimum studietydperk vier semesters) kan ook aan dié DSHS gevolg word.

Liggaamlike Opvoedkunde (waarin die studente as deel van die leerplan sportopleiding ontvang) word aan agt inrigtings vir hoër onderwys in die Bondsrepubliek van Duitsland aangebied (DAAD, 1978).

4.7.4.2 Sportopleiding deur die Duitse Sportbond (DSB)

- a) Inleiding

Binne die raamwerk vir opleiding in die Duitse Sportbond wat in 1977 deur die hoofkomitee vir die Duitse Sportbond voorgelê is, ken die Trainerakademie te Keulen die hoogste afrigterslisensie toe.

Die volgende skema gee 'n oorsig oor die struktuur van die opleiding van sportmedewerkers van die DSB (Duitse Sportbond, 1980).


Status	Vlak	Tyd	Oefenleier/Afrigter		Jeugleier	Organisasieleier
ere amptenaar	1. Lisensie	120=OE	Oefenleier (Basis massa= sport)	Spesifieke Sportsoort Oefenleier in spesifieke sport= soort	Jeugleier	Organisasieleier
	2. Lisensie	150=OE	Oefenleier Afrigter B		Jeugleier A	Organisasieleier A
	3. Lisensie	240=OE		Afrigter A		
semi- profes= sioneel	4. Lisensie	18 maande 3 semesters	Sportonderwyser vryetyds sportonderwyser	Afrigter		Organisasieleier Sportorganisasie werknemer
Professio= neel	Staatseksa= men en Di= ploma van die Duitse Sport= bond					

0-E Onderrig-eenhede (45 minute)

FIGUUR 10 'N OORSIG OOR DIE STRUKTUUR VAN DIE OPLEIDING VAN SPORTMEDEWERKERS VAN DIE DUITSE SPORTBOND (DSB, 1980)

Die diploma van die Trainerakademie is gebou op die B- en A-kursusse van die nasionale sportbeheerliggame en dit sit ook die opleiding van die nasionale liggame voort (Duitse Sportbond, 1982). In figuur 10 word 'n oorsig oor die struktuur van die opleiding van sportmedewerkers van die Duitse Sportbond weergegee (DSB, 1980).

Met betrekking tot kompetisiesport is die opleiding as afrigter van belang en die verskillende vlakke kan kortliks soos volg voorgestel word (DLV, 1981:9)(Figuur 11).



FIGUUR 11 OPLEIDINGSVLAKKE VIR SPORTAFRIGTERS (DLV, 1981:9)

c) Die Nasionale sportbeheerliggame

Die opbou van die opleidingsvlakke en die tydsverdeling soos dit voorgestel word vir die afrigtersopleiding van die Duitse Sportbond, word weergegee (DLV, 1981:10) (Figuur 12).

Afrigter:

A-afrigter:

B-Afrigter: Semi-professioneel en ere-amptenaar

Oefenleier: Semi-professioneel en ere-amptenaar

Top sport * * Bondsafri gter

Spe= siale items

Pro= vin= siale afri gter

Alle af= delings

Kompetisie sport Spesiale items Blokspesiali= sering

Bondsafri gter Pro= vinsiale afri gter Klubafri gter

Inleidende sportaktiwiteite Jeug- en Juniorvlak Blokspesialisering

Klubafri gter

Basiese afri gting Kinder- en jeug aktiwiteite alle items

Kluboefenleier

18 maande

+ 90 onderwyseen= hede = 240

= 150 + 30

120 onderrig= eenhede

Die tegniese komitees van die onderskeie nasionale liggame stel die leergang tot op die vlak van Afri gter A op en stel toepaslike handleidings saam. Die oefenstof sluit alle afdelings van sportafri gting in.


FIGUUR 12 DIE OPLEIDINGSVLAKKE EN TYDSVERDELING VIR DIE OPLEIDING VAN SPORTAF- RIGTERS IN WES-DUITSLAND

d) Trainerakademie - Keulen

Die hoë vlak van moderne kompetisiesport en die ontwikkeling in internasionale topsport, vereis die sorgvuldige opleiding van die sportafrigter. Die verkryging van wetenskaplike kennis en praktiese ervaring is onontbeerlik vir die vordering van die sportafrigter en die ontwikkeling van sy individuele vaardigheid. Dit word in die Bondsrepubliek van Duitsland beseef en tans is tien provinsiale sportbonde (net dié van Bremen nie) en dertig nasionale sportbonde, lede van die vereniging van die Trainerakademie. Die sokkerbond behoort onder andere nie aan die vereniging nie en maak tot op die hoogste vlak voorsiening vir die opleiding van hul eie afrigters (Siric, 1982). Tussen die vereniging van die Trainerakademie, die Bondsinstituut vir sportwetenskap en die Deutsche Sporthochschule Köln bestaan 'n samewerkingsooreenkoms dat die navorsing van hierdie inrigtings vir mekaar beskikbaar gestel word (DSB, 1982).

Die leerplan van die Trainerakademie word opgestel deur 'n leergangkommissie en die agtien maande leergang is tot dusver vyfkeer herhaal en deur 120 kandidate, waarvan sewentien buitelanders is, met welslae afgelê. Slegs vyftig kandidate kan per kursus toegelaat word. Vir die kursus wat gedurende Maart 1983 geëindig het, het slegs 26 kandidate aangemeld. Kandidate wat as afrigters opgelei wil word, moet deur hulle nasionale sportbeheerliggame aanbeveel word. (Budinger, 1982).

Die struktuur van die Trainerakademie word in figuur 13 weer-gegee.



FIGUUR 13 DIE STRUKTUUR VAN DIE TRAINERAKADEMIE

Die vaste personeel van die Trainerakademie bestaan uit vier lede, naamlik die direkteur (leiter), adjunk-direkteur, iemand verantwoordelik vir audio-visuele hulpmiddele en 'n sekretaresse. Al die ander afrigters wat vir die onderrig benodig word, word op deeltydse basis in diens geneem. Hulle is dikwels op die personeel van die Sporthochschule Köln, maar kan ook van die nasionale afrigters wees wat in Keulen of omstreke woonagtig is (Budinger, 1982).

Dié afdelings van die afrigtersopleiding wat op ál die afrigters van toepassing is, word gesamentlik aangebied, maar vir die besondere sportafdelings word kundiges op die besondere terreine gebruik. Sportliggame skakel vrywillig by die opleidingsprogram in (Fornoff, 1982).

* Kuratorium: Minister van Binnelandse sake, kultuurminister van die provinsie Noordryn-Wesfale, die Deutsche Sporthochschule Köln, die Duitse Sportraad, 'n verteenwoordiger van die nasionale sportbeheerliggame en die provinsiale sportbonde, 'n verteenwoordiger van die afrigters.

Die vereniging van die Trainerakademie het beplan om vanaf 1983 groot dele van die leerstof deur korrespondensie aan te bied.

Die geriewe by die Trainerakademie is baie doelmatig en binnenshuise geriewe sluit die nasionale en provinsiale judo- en hokkiesentrum in, 'n atletiekskaal en Olimpiese-grootteswembad. Verder is voldoende buitenshuise oefenruimte beskikbaar.

Jaarliks word 'n simposium vir gegradueerdes van die Trainerakademie aangebied.

4.7.4.3 Die vlakke van deelname waar sportafrigting plaasvind

a) Klubsport

Deelname aan klubsport vorm 'n belangrike deel van sportbeoefening in die Bondsrepubliek van Wes-Duitsland en nasionale klubkampioenskappe in baie verskillende sportsoorte kom jaarliks voor. Afhangende van sportsoort en die aard van die klub, beskik hierdie sportlui oor klubafrigters wat as ere-ampsdraers of semi-professionele en professionele sportleiers optree. In 1980 was daar 53 451 klubs in Wes-Duitsland (DSB, 1980(a)).

As die statistiek van Desember 1970 (DSB, 1973) met dié van Desember 1978 (DSB, 1981) vergelyk word, blyk dit dat daar 'n vermeerdering was ten opsigte van onbetaalde oefen- en jeugleiers (284 500 in 1970 en 377 810 in 1978), asook deeltydse oefenleiers en afrigters (86 800 'n 1970 151 916 in 1978), maar daar was 'n vermindering ten aansien

van voltydse sportinstrukteurs en afrigters (5 800 in 1970 en 5 316 in 1978).

Die Deutsche Sportjugend is by verre die grootste jeugorganisasie in die Bondsrepubliek (Duitse Juniorsportvereniging). Die lede, jongmense tot een en twintig jaar oud, behoort tot die 55 000 klubs van die Duitse Sportbond. Dié vereniging het egter meer te make met die sosiale waarde van sport as met die bevordering van topsportdeelname onder die Duitse jeug (Pieper, 1972:83).

In die Duitse skole beklee wedstrydsport 'n belangrike plek. Die opleiding en afrigting van die skool- en naskoolse sportlui is verbonde aan mekaar (Krüger, 1980:22).

b) Die klassifisering van sportlui in prestasiegroepe(kader)

Omdat die sportleiers in die Bondsrepubliek besef het dat topsportkompetisie nie slegs aan geluk of die lukraak talente van die sportdeelnemers oorgelaat kan word nie, het hulle besluit om kompetisiesport sistematies te beplan. Met die doel om alle aspekte verbonde aan kompetisiesport te koördineer, is die Nasionale komitee vir die bevordering van kompetisiesport in die Duitse Sportbond gestig (Meyer, 1972:74). Die program van hierdie komitee het onder andere die volgende behels:

- i) om alle organisasie en beplanning in kompetisiesport te koördineer;
- ii) om moderne kompetisie- en afrigtingsisteme te ontwikkel;
- iii) om die resultate van sportnavorsing en praktiese afrigting te koördineer en

iv) om om te sien na die finansiële sake van sportbevoordeling.

Een van die projekte van hierdie komitee was om die prestasievlakke van elke sportsoort volgens internasionale kriteria vas te stel en om daarvolgens vir die kort- en langtermyn te beplan.

Die eerste vereiste in die praktiese beplanning was om toonaangewende atlete in prestasiegroepe (kader) te klassifiseer en volgens dié klassifikasie die afrigting te beplan.

4.7.4.4 Die status van die sportafrigter

Gekwalifiseerde afrigters kan op baie terreine aan sport diens lewer. As vrywillige of semi-professionele afrigters kan hulle by verenigings, klubs, prestasiegroepe of gevorderde groepe werk. As voltydse professionele afrigters kan hulle gespesialiseerde groepe afrig, 'n bondsafrigter wees, of 'n afrigtersassistent op nasionale vlak, 'n nasionale afrigter, 'n sportkontroleur, 'n direkteur of 'n opleidingskontroleur (RGN, 1982, 12:39).

Afrigters wat deur die Duitse Sportbond in diens geneem word as bondsafrigters, gaan 'n volledige dienskontrak met die Sportbond aan. In hierdie kontrak is alle diensvoorwaardes vervat. Die besoldiging geskied na gelang van die kwalifikasies, ervaring en vorige prestasies van die afrigter, op een van sewe skale. Die volgende skale is vanaf 1 Mei 1982 geldig: (Tabel 7)(DSB, 1982(a)).

TABEL 7 MAANDELIKSE VERGOEDING AAN BONDSAFRIGTERS VOLGENS
SEWE SKALE (Duitse Mark, Randwaarde by benadering)
(DSB, 1982(a))

1.	3 101,--	(R1 350,99)
2.	3 676,--	(R1 600,00)
3.	4 250,--	(R1 850,00)
4.	4 825,--	(R2 100,00)
5.	5 399,--	(R2 400,00)
6.	5 974,--	(R2 600,00)
7.	6 548,--	(R2 850,00)

Die afrigters word verder vergoed vir suksesse wat hulle met afrigting behaal. Vir hierdie doel word sportbyeenkomste in sekere kategorieë ingedeel, naamlik:

Kategorie I Olimpiese Spele

Kategorie II Wêreldkampioenskappe wat eenkeer elke vier
jaar plaasvind

Kategorie III a) Wêreldkampioenskappe wat meer as vierjaar=
liks plaasvind
b) Wêreldbekerwedstryde
c) Europese kampioenskappe

Volgens hierdie kategorieë word die vergoeding dan ooreenkomstig prestasiewaarde betaal. Die skale is tans soos volg: (Tabel 8).

TABEL 8 VERGOEDING VAN AFRIGTERS (PRESTASIE)

Goue medalje DM	Silwer medalje DM	Brons medalje DM
Kategorie I tot 6 000,-- (R2 610,00)	tot 4 500,00 R1 957,50)	tot 3 000,-- (R1 305,00)
Kategorie II tot 4 500,--	tot 3 000,--	tot 1 500,-- (R 625,50)
Kategorie III tot 3 000,--	tot 1 500,--	tot 1 000,-- (R 435,00)

By die aanstelling van die afrigter kan een van twee soorte kontrakte gesluit word. Die eerste moontlikheid bied meer beroepsekuriteit daarin dat die kontrak nie maklik opgesê kan word nie, veral nie as die afrigter nie die nodige prestasies lewer nie. Die salaris hiervan vergelyk met die van sekondêre onderwysers en word aangegaan deur diegene wat met jeuggroepe werk, of wat nie maklik waag nie. Die tweede moontlikheid bied 'n hoër salaris gelykstaande aan persoonel aan tersiêre onderwysinrigtings). Dit word vir ongeveer vier jaar gesluit. As die afrigter suksesvol is, kry hy na twee jaar verhoging en kan die kontrak hernu word. Indien hy nie uitmunt nie, word die verhoging teruggehou en die kontrak nie hernu nie (Bechthold, 1982). Hierdie kontrak word gewoonlik deur die jongere, avontuurliker afrigters aangegaan.

Die sportbeheerliggame, die Duitse Sportbond en in 'n geringe mate, die afrigters self dra by tot die koste verbonde aan die opleidingsprogramme.

4.7.5 Frankryk

4.7.5.1 Die beheer en koördinerings van afrigting

Inligting oor die Franse sportsisteem is onvolledig en dit is moeilik om die nodige kennis te bekom, omdat die sport deur die staat gekontroleer en bestuur word (Krüger, 1980:22).

Die staatsbeheerde Nasionale Instituut vir Sport en Liggaamlike Opvoeding (INSEP) is aan die buitewyke van Parys geleë en bestaan uit vier hoofdepartemente, naamlik navorsing, topsport, medisyne en studente. Hierdie inrigting word deur die staat gefinansier en ontvang min borgskappe, alhoewel dit beskikbaar is indien dit benodig word (Humphreys, 1979:15).

Die staatsbeheer oor sport het daartoe gelei dat die staat reeds in 1948 vereis het dat afrigters wat in sekere sportsoorte vergoeding ontvang het, eers 'n staatseksamen in afrigting moet aflê. In 1963 is hierdie regulasie in alle sportsoorte deurgevoer (Krüger, 1980:25).

Frankryk is in 23 streke en 99 departemente verdeel, en dit beteken dat daar 'n groot behoefte aan sportleiers vir prestasiesport bestaan (Krüger, 1980:30). Vir elke departement word daar in elke sportsoort 'n streeksraadgewer aangestel (Donna-dieu, 1982).

4.7.5.2 Die opleiding van afrigters

Uit ondervinding het die Franse geleer dat goeie afrigters goeie sportprestasies tot gevolg het, en sedert 1974 vind

die opleiding van afrigters in ses vlakke plaas (Donnadieu, 1982). Die eerste drie vlakke word deur die sportliggame self behartig.

Die staatseksamen op vlak een bestaan uit twee dele, naamlik 'n sportspesifieke en 'n algemene afdeling. Die sportspesifieke afdeling kom ooreen met die eksamen van die derde vlak van die ooreenstemmende sportsoort. Die moontlikheid bestaan dat 'n sportstudent, sportonderwyser of prestasiesportonderwyser op die eerste vlak van die staatsdiploma kan begin sonder die vooraangaande opleiding as oefenleier. Die minimum ouderdom vir toelating is agtien jaar. Hierdie kursus word sentraal aangebied. Daar is geen direkte voorbereidingskursusse nie, maar die kandidate kan altyd na die tyd seminare bywoon. Alle aspekte met betrekking tot prestasiesport word by die leergang ingesluit. Tot dusver het 3 000 afrigters hierdie staatsdiploma verwerf.

Na een* jaar praktiese ervaring kan die vlak drie afrigter inskryf vir vlak twee (Donnadieu, 1982). Hierdie kursus bestaan uit drie dele, naamlik die sportspesifieke afdeling, 'n afdeling oor organisasie en 'n sportwetenskaplike (sportaanverwante natuurwetenskap en pedagogiek) deel. Ook in hierdie kursus is daar geen voorbereidende kursus nie en dit word ook sentraal aangebied. Ongeveer 1 000 afrigters het reeds dié kwalifikasie behaal.

* Vergelyk Krüger, 1980:26 en 27, waar gestel word dat twee en vier jaar ervaring tussen vlakke een en twee en twee en drie onderskeidelik nodig is.

Na twee jaar praktiese ervaring kan die afrigter vir die derde vlak aanmeld. Hierdie opleiding duur twee jaar. Gedurende die eerste jaar word die afrigter se wetenskaplike kennis afgerond. Aan die begin van die tweede jaar gaan die afrigters vir 'n studietydperk van ses maande na die land waar hulle eie sportsoort die verste ontwikkel is, byvoorbeeld na Japan vir Judo, of Sjina vir tafeltennis (Donnadieu, 1982). Gedurende die laaste ses maande van opleiding werk die afrigter drie maande en hy moet ook 'n opname maak van wat gedoen kan word om sy sportsoort te bevorder. Die finale eksamen bestaan uit twee dele, naamlik 'n wetenskaplike en 'n sportspesifieke afdeling.

Tot dusver het ongeveer 100 afrigters reeds hierdie eksamen geslaag (Krüger, 1980:27). Gedurende 1982 was daar slegs twaalf afrigters by hierdie opleiding betrokke (Donnadieu, 1982). Dit dui daarop dat dit hoogs gespesialiseerde opleiding is waarvoor slegs die beste kandidate uitgesoek word (Donnadieu, 1982).

Hierdie afrigters doen praktiese ervaring op deur afrigtingsessies wat vir die sportstudente gegee word, by te woon en ook te help met die afrigting.

Die verskillende sportbeheerliggame wys diegene aan wat tot die onderskeie vlakke van afrigtingsopleiding te INSEP toegelaat word. Sommige nasionale sportliggame het vir die staatsdiploma hul eie tradisionele selfstandige opleiding ingebou. Intussen is daar ook sportsoorte wat nog hulle eie opleidingsleergange aanbied, naamlik onder andere skerm, boks, judo, gimnastiek, tennis, gholf en sokker (Krüger, 1980:27).

4.7.5.3 Die status van die sportafrigter

Afrigters word gekwalifiseer vir afrigting in een sportsoort. Die met die eerste kwalifikasie rig af op klubvlak, die tweede vlakafrigters werk op streeksvlak en die verskillende departemente en is hoofsaaklik met die opleiding van afrigters behulpsaam. Verder bestaan ook nog beroepsmoontlikhede om as streeksafrigter, stadssportleier, departementsportleier en sportorganiseerder werksaam te wees. Hierdie afrigters is semi-professioneel. Die hoogste vlak opleiding berei afrigters voor om as nasionale afrigters en nasionale sportdirekteure te werk. Daar bestaan 24 direkteure vir 24 verskillende sportsoorte.

Die aantal afrigters wat in die verskillende sportsoorte werksaam is, verskil. Skerm beskik oor vier nasionale afrigters, een assistentnasionale afrigter en veertig streeksafrigters, terwyl dit weer anders by ander sportsoorte is (Donnadieu, 1982).

Afrigters met die hoogste sportbeheerliggaamkwalifikasie of die eerste staatsdiploma kan in die klubs of selfstandig as afrigter geld verdien. Die afrigter op vlak twee verdien byna soveel as 'n onderwyser, maar kry nog 'n toelaag van tot selfs R2 550,00 per jaar ekstra vir ongerief soos onreëlmatige werksure, naweek- en sondagwerk en min vrye tyd.

Vlak twee gediplomeerdes kan tussen R14 000,00 en R17 500,00 per jaar verdien, terwyl afrigters van vlak drie tussen R21 7500,00 en R28 275,00 kan verdien. Dit gebeur ook in sommige sportsoorte soos sokker dat ekstra bonusse vir afrig-

ters wat hoë prestasies behaal, gegee word (Krüger, 1980:28).

Dit word bereken dat die aantal afrigters op vlak drie persentasiegewys meer sal styg as die op vlak twee, aangesien die behoeftes op vlak twee byna versadig is.

So 'n staatsbeheerde sportsisteem bied aan die afrigters 'n hoë mate van sosiale sekerheid. Met so 'n gesistematiseerde opleidingsprogram wat aan bepaalde wetenskaplike eise voldoen, kan die afrigter as verteenwoordiger van die "anti-intellektueles" volgens die tradisionele siening, die vooroordeel teen hom uit die weg ruim.

Die bewuste skeiding tussen die beroep as sportpedagoog en afrigter het bygedra tot die professionalisering van die afrigter (Krüger, 1980:29).

4.7.5.4 Die instansies waar afrigting plaasvind en vlakke van deelname

Frankryk beskik tans oor baie goeie afrigters, fasiliteite en geriewe, maar die liggaamlike opvoedingprogram op skool ondersteun nie die afrigting nie en gevolglik beskik Frankryk oor min sportlui van wêreldgehalte (Gilbert, 1980:56). Volgens Lempart het Frankryk van die negende posisie op die 1968 Olimpiese Spele teruggesak na die dertiende in 1972 te München en na die vyftiende in 1976 te Montreal (Krüger, 1980:22). Die rede vir hierdie swakker prestasies in prestasiesport ten spyte van vergelykende wyse groter staatsuitgawes, kan gevind word in die aard van die sportonderrig en die inhoud van die prestasiesportprogram (Krüger, 1980:22). As gevolg

van die beskouing dat liggaamlike opvoeding natuurlik moet wees, word prestasiesport nie deur middel van die vak bevorder nie.

Daar is egter sederteinde 1977 begin met 'n nasionale afrigtingsskema om belowende topsportlui by die Nasionale Instituut vir Sport en Liggaamlike Opvoedkunde saam te trek met intensiewe gespesialiseerde afrigting as hoofdoelstelling. In 1978 was daar 350 topsportlui bymekaar en hierdie getal het gestyg tot ongeveer 500 in 1982 (Donnadieu, 1982). Hierdie deelnemers is ongeveer tussen die ouderdom van twaalf en 27 en is na intensiewe toetse toegelaat. Ongeveer 170 van hierdie getal is van skoolgaande ouderdom.

Hierdie Franse studente, verteenwoordigend van ongeveer 21 sportsoorte, ontvang intensiewe teoretiese en praktiese opleiding vir een tot drie jaar. Korter kursusse is egter ook beskikbaar. Daar is ongeveer 150 hoogs gekwalifiseerde afrigters wat op deeltydse en voltydse basis afrig nadat hulle deur die verskillende sportbeheerliggame aangewys is. Baie van die ouer atlete studeer vir 'n INSEP*diploma in afrigting, terwyl hulle vir afrigting daar is.

Die mediese afdeling by die instituut beskik oor verskeie voltydse en deeltydse mediese dokters wat behalwe eie sportnavorsing, gereeld die sportlui toets.

Dit kos ongeveer R120,00 per maand alles ingeslote om afrigting te kan ontvang. In die meeste gevalle word hierdie bedrag deur die staat betaal (Humphreys, 1979:15).

* INSEP: Nasionale Instituut vir Sport en Liggaamlike Opvoeding

4.7.6. Nederland

4.7.6.1 Die beheer en koördinering van afrigting

Die basis van georganiseerde sport in Nederland word gevorm deur 87 sportbeheerliggame (ongeveer 29 000 klubs). Hierdie sportbeheerliggame is ingeskakel by die Nederlandse Sportfederasie wat die grootste oorkoepelende organisasie vir sport in die land is (Timmer, 1982).

Die Sportfederasie funksioneer op sewe verskillende vlakke, naamlik:

- i) algemene sake
- ii) finansies
- iii) geriewe
- iv) leiding aan topsportlui
- v) publieke betrekkinge, publisiteit, 'n biblioteek en audio-visuele dienste
- vi) sportmedisyne, en
- vii) die afdeling vir ontwikkeling, opleiding en afrigting (Timmer, 1982).

Die afdeling vir ontwikkeling en afrigting is verantwoordelik vir afdelings van sport wat te make het met topsport, kompetisies, skoolsport, die desentralisasie van die geriewe vir fisieke ontspanning, die opleiding van instrukteurs, organiseerders, groepleiers en onderwysers.

Een van die hoof funksies van die Sportfederasie behels die organisasie en die koördinering van opleiding wat deur 'n groot aantal van die sportbeheerliggame waargeneem word.

In die opleiding van sportafrigters is die Sportfederasie verantwoordelik vir die algemene basisopleiding, terwyl die sportliggame die verskillende vlakke van die spesifieke opleiding behartig. Die sportbonde oefen die beheer en kontrole uit oor die afrigters in hulle onderskeie sportsoorte met betrekking tot opleiding en afrigting.

4.7.6.2 Die opleiding van afrigters

In Nederland bestaan twee strukture vir die opleiding van sportleiers, naamlik

- i) die opleiding deur middel van Liggaamlike Opvoedkunde, wat skoolgerig is en
- ii) die sportopleiding vir die vrywillige medewerkers van sport.

Die opleiding van die diverse takke van sport berus totaal by die nasionale sportbonde (Timmer, 1982).

a) Skoolgerigte opleiding

Opleiding in dié verband word by drie soorte inrigtings aangebied, naamlik

- i) die vier sentrale institute vir die opleiding van sportleiers (laer onderwyskwalifikasie of instrukteurs by polisie en gevangenis).
- ii) die vyf akademies vir Liggaamlike Opvoedkunde (praktiese opleiding gerig op die skoolsituasie) en
- iii) die inter-fakulteit Liggaamlike Opvoeding van die Vrïe Universiteit (n eensydig teoretiese inslag). n Soortge=

lyke fakulteit word by Maastricht beplan (Timmer, 1982).

b) Sportopleiding deur die nasionale sportbonde

Byna alle sportorganisasies of sportbonde organiseer gereeld kursusse vir diegene wat in hulle organisasie of bond leiding neem, soos byvoorbeeld vir die afrigters en oefenleiers, die organiseerders en skeidsregters of beamptes.

Kursusse wat deur die verskillende sportbonde vir die afrigters en oefenleiers aangebied word, bestaan gewoonlik uit verskillende vlakke. Voordat 'n voornemende afrigter egter in 'n sportsoort opgelei kan word, moet hy eers 'n kursus in algemene basisopleiding deurloop. Liggaamlike opvoedkundiges word egter vrygestel van die kursus. Die algemene basisopleidingskursus word deur die Nederlandse Sportfederasie aangebied. Dit duur 30 uur (byvoorbeeld 10 x 3 uursessies) en dit bestaan hoofsaaklik uit twee afdelings, naamlik

- i) algemene aspekte met betrekking tot sportleiding en
- ii) sportgesondheidsleer. Aan die einde van die opleiding word nie eksamen afgelê nie, maar 'n diploma word vir bywoning uitgereik.

Die kursus is al per geleentheid oor die televisie (ope universiteitskanaal) aangebied (Timmer, 1982).

Die verskillende sportbeheerliggame stel self die aantal kursusse vir verskillende vlakke van opleiding vas. Die omvang van die opleidingskursusse van al die sportbonde is

in die Nederlandse Sportalmanak^{*} vervat. Die almanak is in die vorm van 'n ringlêer sodat veranderings en aanvullings voortdurend aangebring kan word. Dit is 'n standaardinligting=stuk wat benewens die inligting oor opleidingskategorieë en -vereistes ook alle ander verwante inligting vir die algemene sportbeoefenaar in Nederland bevat (adresse van sportorganisasies, klubs, geriewe en internasionale sportliggame).

4.7.6.3 Die vlakke van sportdeelname en instansies waar afrigting plaasvind

Alhoewel die kinders aanvanklik in die skool met sportaktiwiteite kennis maak en hulle in die verband verskillende vaardigheidsertifikate kan verwerf (byvoorbeeld in swem), vind die eintlike sportbeoefening by die klubs plaas. Die kinders sluit reeds op jeugdige leeftyd by die klubs aan waar verskillende kategorieë afrigters met die sportleiding help. Die meeste klubs neem aan nasionale en selfs internasionale klubkampioenskappe deel.

Die Nederlandse sportlui moet van 'n vroeë leeftyd af aan internasionale kompetisies deelneem, aangesien nasionale juniorspanne, O/21 spanne en nasionale A en B-spanne voortdurend by internasionale kompetisies betrokke is. Die verskillende sportbonde beskik gewoonlik oor nasionale of bondsafrigters wat by hierdie spanne afrig.

Nasionale spanne kom gewoonlik voor belangrike kompetisies in oefenkampe (ongeveer twee tot drie weke) bymekaar en oefen verder een of twee keer per week. (Omdat Nederland geografies 'n klein land is, kan individue vir sulke oefeninge weekliks

^{*}Uitgegee deur die Nederlandse Sportfederasie

bymekaar kom).

4.7.6.4 Die status van die sportafrigter

Die meeste van die ongeveer 350 000 persone wat met sport behulpsaam is, doen dit vrywillig en word nie daarvoor vergoed nie. In baie gevalle word hulle onkoste nie eers verhaal nie.

Baie van die nasionale afrigters is ook slegs deelyds betrokke, alhoewel sommige sportbonde voltydse afrigters in diens het.

Baie afrigters moet hulle dienste aan sport staak wanneer dit vir hulle te duur geword het om af te rig, aangesien dit hulle nie van lewensmiddele voorsien nie.

In sekere sportsoorte soos byvoorbeeld sokker waar die sport op amateur- en professionele vlak gespeel word, kom die afrigters in 'n voltydse professionele beroep tereg (Timmer, 1982).

Alhoewel die sportbonde 'n subsidie (spesifiek ook vir afrigting en die afrigters) van die staat ontvang, kom die grootste hoeveelheid geld wat vir sport aangewend kan word van die loterye. Hierdie loterye het gedurende 1982 400 miljoen Hollandse gulde ingebring en twee vyfdes daarvan is vir sport aangewend.

4.7.7 Oostenryk


4.7.7.1 Die beheer en koördinering van afrigting

Sportorganisasie in Oostenryk is uniek in die sin dat die verskillende sportklubs enersyds volgens hulle eie sportsoort by een van die 46 nasionale sportbeheerliggame inskakel en andersyds ook by een van drie oorhoofse politieke sportorganisasies kan inskakel. Laasgenoemde organisasies verleen geldelike steun aan die klubs, skep afrigtingsgeleenthede vir hulle lede en opleidingsgeleenthede vir die afrigters. Hulle gebruik egter ook die kontakgeleenthede ter bevordering van hulle politieke idees. Ongeveer 9 000 klubs behoort aan een van die drie organisasies. Daar is egter talle klubs wat nie by die politieke organisasies geaffilieer is nie, maar slegs by die onderskeie sportliggame. Beide die sportbeheerliggame en die politieke organisasies skakel by die Oostenrykse Sportbond as oorkoepelende liggaam in.

Alhoewel die politieke organisasie afrigting steun, word die beheer en koördinering van afrigting deur die sportbeheerliggame behartig. Die grootste gedeelte van die afrigtersopleiding word deur staatsinrigtings vir sportopleiding deurgevoer en in die verband beheer hulle opleiding, alhoewel die sportspesifieke deel deur die sportliggame self behartig word. Hierdie opleiding skakel in by die Departement van Onderwys en Kuns. Die staat se betrokkenheid by afrigtersopleiding bring mee dat 'n staatsdiploma ná voltooiing van die opleiding deur die Oostenrykse Sportbond toegeken word (Holzweber, 1982).

Sportwetenskaplike navorsing word ook gedoen en hierdie afdeling skakel in onder die Ministerie vir Wetenskap en Navorsing.

Die volgende organigram gee nie 'n volledige beeld van die sportstruktuur in Oostenryk weer nie, maar slegs die afdelings wat met sportafrigting en sportdeelname te make het (Figuur 14).



** Bundesanstalten für Leibeserziehung: Institute vir Opleiding

FIGUUR 14 ORGANIGRAM OM DIE STRUKTUUR VAN OOSTENRYKSE SPORT RAKENDE AFRIGTING EN SPORTDEELNAME UIT TE BEELD (Holzweber, 1982)

4.7.7.2 Die opleiding van afrigters

Die opleiding word deur vier institute vir opleiding in samewerking met die nasionale sportbeheerliggame waargeneem. Die institute (BAFL) is te Wene, Graz, Linz en Innsbruck gevestig en is soortgelyk aan beroepskole (Gloggnitzer, 1982).

Die meeste van die lesings word deur universiteitsreferente gelewer en word saans en oor naweke aangebied. Die oefenstof

word per eenheid aangebied. 'n Eksamen volg sodra 'n eenheid afgehandel is. Die volgende diagram gee 'n oorsigtelike beeld van die opleidingsprogram waar oefenleiers en afrigters opgelei word (Figuur 15) (Gloggnitzer, 1982).

VLAK I OEFENLEIER	
Een semester - 142,5 uur	Waargeneem deur BAfL-personeel
Voorbereidende kursus	
VLAK II AFRIGTER	
Twee semesters: basiese afrigtersopleiding	
Eerste semester - 95 uur	Waargeneem deur BAfL-personeel by vier institute
Tweede semester - 95 uur	Eksaminering vind sentraal plaas
Een jaar ervaring as afrigter	
VLAK III	
Een semester: sportspesifieke opleiding	
Derde semester - minstens 86 uur tot 150 uur.	Word waargeneem deur spesialiste van die onderskeie sportliggame
Week- en naweekaanbiedings	

FIGUUR 15 DIE OPLEIDING VAN OEFENLEIERS EN AFRIGTERS IN OOSTENRYK (Gloggnitzer, 1982)

Daar bestaan 'n groot ooreenkoms tussen die lesinhoud van die opleidingsprogramme vir oefenleiers en afrigters - en dit ten opsigte van die koördinasie van die leerplanne, die opstelling van termynplanne en die aanbieding van lesse (Cischek, 1982).

Die leergang sluit 'n verskeidenheid sportwetenskaplike en sportpraktiese studiegeleenthede in en maak ook voorsiening vir godsdiens, Duits en Engels as tale, asook vir politieke

bou en organisasieleer (Gloggnitzer, 1982).

Die teoretiese gedeeltes wat op algemene afrigtingsbeginsels van toepassing is, word op die onderskeie vlakke vir alle studente gesamentlik aangebied. Die sportspesifieke afdelings word per sportsoort afgehandel.

Die sportliggame het gewoonlik iemand in die organisasie wat vir afrigting verantwoordelik is en hierdie persoon reël 'n kursus (derde semester) sodra ongeveer vyftien afrigters vir so 'n kursus geregistreer het. Die kursusse word gedesentraliseer aangebied, maar die eksaminering word gesentraliseer.

Liggaamlike Opvoedkundiges kan na 'n toelatingseksamen vir die instudering van kursusse, soos byvoorbeeld massage direk by die derde opleidingsvlak inskakel (Gloggnitzer, 1982).

Die leerplanvoorskrifte en -inhoude van al die vlakke van opleiding, asook die voorskrifte van die spesifieke sportsoorte is op skrif beskikbaar (Cischek, 1982).

'n Klasbywoningsyfer van 75% is nodig voordat eksamen afgeleë kan word.

Sommige sportsoorte soos sokker en perdry is nie by die voorge-noemde opleidingstelsel ingeskakel nie en volg hulle eie programme.

4.7.7.3 Instansies wat afrigting behartig en vlakke van deelname

In die skole is die liggaamlike opvoedkundiges verantwoordelik vir sportafrigting. Geen afrigters van buite rig in die skole af nie. Die onderwyspersoneelle skakel dikwels in by

kursusse van die nasionale sportliggame - selfs 3 000 per jaar (Andrecs, 1982). Die klem op skool sportdeelname val op algemene ontwikkeling.

Die kinders kry geleenthede om afrigtingskursusse by te woon. Sportweke in bepaalde sportsoorte word by die skoolprogram ingepas (Andrecs, 1982). Tot selfs 250 000 kinders kan oor die hele Oostenryk per een week by sulke skikursusse betrokke wees en hiervoor word ongeveer 1 000 personeelafrigters benodig.

Die skoolkinders kry ook geleenthede vir interskool sportkompetisies en hulle word aangemoedig om by klubaktiwiteite in te skakel.

Die afrigting op klubvlak word waargeneem deur ere-afrigters, semi-professionele en professionele afrigters. Sommige sokkerklubs (25), atletiekklubs (3) en verskeie tennisklubs beskik oor voltydse professionele afrigters. Voltydse afrigters is ook by die tien sokkerskole werksaam, maar die grootste aantal afrigters werk deelyds (Gloggnitzer, 1982).

Nasionale spanne kom vir sekere tydperke voor belangrike internasionale kompetisie in oefenkampe byeen.

In Oostenryk is daar twee sporthandelskole, 26 sporthoërskole, drie skoolskihostels, vier skisportskole, tien sokkerskole en vyf staatsporthostels en -skole.

4.7.7.4 Die status van die sportafrigter

Daar bestaan geen wetlike beskerming vir sportafrigters in Oostenryk nie en beide gekwalifiseerde en ongekwalifiseerde

afrigters kan in diens geneem word (Zeh, 1982). Die afrigters wat 'n hoë standaard handhaaf word in 'n mate deur die sosiale stelsel beskerm. Hulle kry ongevalleversekering en betaal inkomstebelasting.

In Oostenryk bestaan die verskynsel nie dat sportafrigters as individue afrig nie. Almal rig binne die verband van 'n sportklub af. Dit bring mee dat 'n mate van beskerming aan gekwalifiseerde afrigters gegee kan word, as daar goeie samewerking tussen die nasionale afrigterskomitee en die sportliggame bestaan. Dit kan beteken dat die sportliggame nie ongekwalifiseerdes op hulle bane vir afrigting toelaat nie (Zeh, 1982).

Goeie afrigters verdien genoeg uit hulle afrigtingswerk om as professionele mense 'n goeie bestaan te kan maak (Zeh, 1982).

Die staat finansier die opleiding van afrigters. In die geval van die sportspesifieke opleiding is 'n klein bedrag betaalbaar. Die kandidate wat hulself vir afrigting aanmeld is verantwoordelik vir verblyfkostes en die aanskaffing van die nodige handleidings.

4.7.8 Switserland

4.7.8.1 Die beheer en koördinering van afrigting

Sport in Switserland is op vier pilare gebou waarvan twee op die burgerlike terrein funksioneer (die Switserse Nasionale sportfederasie en die nasionale sportbeheelliggame) en twee daarvan val op die terrein van die staat (die Switserse konfederasie en die verskillende kantons)(Schilling, 1982).

Van staatsweë word Switserse sport verteenwoordig deur die komitee vir liggaamlike opvoedkunde en sport, die Switserse sportskool, die kantonkantore vir sport en die verskillende onderwysinstellings. Hier moet gemeld word dat onderwysaan= geleenthede ressorteer onder die departement van militêre sake, aangesien daar nie 'n departemewnt van onderwys bestaan nie. Onderwys word egter binnekort oorgedra aan die departement van kultuursake (Ringli, 1982).

Die Switserse skool vir Liggaamlike Opvoedkunde en Sport (Eid= genössische Turn- und Sportschule, ETS) is die enigste amptelike sportskool in Switserland (Inligtingskantoor ETS, 1979). Hier= die sportskool volvoer verskeie funksies, naamlik: dit dien as 'n onderrig- en opleidingsinstansie, dit is 'n sentrum vir nasionale sportbeheerliggame, dit huisves 'n navorsingsinstituut, dit voorsien geriewe vir sentrale sportadministrasie, dit is 'n instansie vir die verdere opleiding van onderwysers en onderwyseresse in Liggaamlike Opvoedkunde en dit dien ook as tegniese outoriteit vir sport in die leër.

Die ETS vervul 'n belangrike rol in die beheer en koördinering (veral ten opsigte van opleiding) van afrigting.


'n Verdere instansie, die Komitee vir Elitesport (NKES) 'n orgaan van die sportfederasie, vervul ook laasgenoemde funksie ten aansien van topsportaangeleenthede. Die uitsluitlike doel van hierdie komitee is die bevordering van topsport op alle vlakke. Dit is onder andere ook verantwoordelik vir die beplan= ning van afrigting en die aanstelling, opleiding en gevorderde opleiding van sportafrigters (Strähl, 1982).

Opleiding van sportonderwysers word ook aangebied by institute van universiteite te Basel, Bern, Genève, Lausanne en die Teg-niese Universiteite te Zürich. In hierdie opsig het hierdie inrigtings ook 'n funksie met betrekking tot beheer en koördine-ring van afrigting.

Die Switserse sportfederasie en die nasionale sportbeheerlig-game verrig hierdie funksie op die terrein van praktiese afrig-ting. Sportafrigting vind ook plaas by die nasionale sportsen-trum van die Sportfederasie te Mürren, die sport- en vakansie-sentrum vir sokker te Klosters, die inoefeningsentrum van die NKES vir topsportlui te St. Moritz en die oefenfasiliteite vir nasionale sportliggame te Magglingen. Indiensopleidingskursusse vir afrigters word deur die land deur die nasionale sportlig-game aangebied.

4.7.8.2 Die opleiding van afrigters

Sportopleiding in Switserland word deur die ETS en die voorge-noemde universiteite onderneem. Beide groepe lei sportonderwy-sers op, maar vir dienslewering op verskillende vlakke. Dit word voorgestel deur die volgende figuur.(figuur 16).




FIGUUR 16 DIE OPLEIDING VAN SPORTONDERWYSERS AAN UNIVERSITEITE EN DIE ETS

4.7.8.2.1 Sportopleiding aan die universiteite

Ten einde as sportonderwyser te kwalifiseer kan twee diplomas verwerf word, naamlik:

- i) die Sportonderwysdiploma I, vir dienslewering aan skole van die eerste tot die negende skooljaar en aan beroeps skole, met 'n opleidingstydperk van vier tot ses semesters;
- ii) die Sportonderwysdiploma II, vir dienslewering aan hoër middelbare skole, aan hoër opvoedkundige inrigtings en beroepsskole; opleidingstydperk is ses tot agt semesters (insluitende die eerste diploma).

Die volgende figuur gee 'n beeld van die verskillende komponente wat in die opleiding ingesluit word (figuur 17).



FIGUUR 17 SPORTMETODOLOGIE STAAN SENTRAAL IN DIE OPLEIDING (SWITZERLAND)

Voortbouend op die genoemde diplomas kan verdere studie in die sportwetenskap ook gevolg word (doktorsgraad), vir diens=

lewing aan die institute vir liggaamlike opvoedkunde en sport aan die universiteite en verdere navorsing (Hochschul-institute für Leibeserziehung und Sport, 1982: 4).

4.7.8.2.2 Sportopleiding aan die ETS

Die sportopleiding aan die ETS word deur die departement van opleiding waargeneem. Tans is daar 25 sportkundiges en sewe administratiewe personeellede werksaam (Leuba, 1982). Korttermynkursusse van drie dae tot vier weke (opleiding en verdere opleiding van instruksors) en langtermynkursusse vanaf enkele maande tot dertig maande word aangebied.

Vir alle kursusse is teoretiese en praktiese hulpmiddels beskikbaar.

Die opleidingsdepartement bestaan uit verskillende afdelings, naamlik die vir jeug en sport, sportonderwys, verdere opleiding vir liggaamlike opvoedkunde studente aan universiteite, die opleiding van afrigters, sport in die leer en die teorie van sport. Die verskillende departemente onderneem die opleiding van die sportleiers in hulle spesifieke afdelings. Volledige handleidings is beskikbaar. Die volgende opleidingsmoontlikhede word aangebied:

a) Oefenleiers en instruksors vir die Jeug- en Sportbeweging

Verskeie kursusse word in samewerking met liggaamlike opvoedkunde- en sportverenigings aan instruksors- en assistentinstruksors aangebied. Tans is daar dertig sportliggame by hierdie opleiding betrokke (Leuba, 1982). Alle sportsoorte word in twee afdelings aangebied, naamlik 'n algemene en sport-

spesifieke afdeling. Die vakkomitees van die sportliggame is verantwoordelik vir die handleidings vir die sportspesifieke opleiding.

Die opleidingstydperk wissel van enkele dae (drie-, ses-tien dae) tot 'n sekere aantal sessies.

b) Die opleiding van sportonderwysers

Hierdie kursus duur twee jaar en die minimum toelatingsouderdom is agtien jaar. Kursusse begin elke tweede jaar. Die leerplan behels algemene teorie, seminare, algemene sport, spesifieke sportsoorte, vrye keuse sportsoorte, asook sportmetodologie. 'n Toelatingseksamen moet geslaag word voordat studie 'n aanvang kan neem.

c) Verdere opleiding vir liggaamlike opvoedkundestudente van universiteite

Die kursus duur vyf tot ses weke en word een keer per jaar aangebied. Die studente word vertrouwd gemaak met jeug en sportaktiwiteite. Verskillende praktiese en tegniese probleme met betrekking tot sport word bespreek, algemene sportonderwerpe word aangebied en hul eie vaardigheid word ingeoefen.

d) Die opleiding van afrigters

Die leerplaninhoud word opgestel deur die NKES en die diploma wat verwerf word, word ook op hul gesag toegeken. Die kursus word by die ETS aangebied.

Die kandidate vir hierdie kursus word deur die onderskeie sportbeheerliggame aangewys en die doel van opleiding is om nasionale afrigters, assistentafrigters, streekafrigters en nuwe instrukteurs vir die afrigting van topsportlui, nasionale spanne en belowende jong sportlui op te lei.

Die volledige kursus duur 24- tot 30 maande en word in twee afdelings aangebied. Die eerste deel vir die eerste diploma duur een jaar. Vir die tydperk 1982/83 het veertig kandidate uit twintig sportsoorte ingeskryf. Die tydsduur van opleiding vir die tweede diploma is een jaar tot agtien maande.

Die opleiding bestaan uit ongeveer tien seminare van drie- tot vier dae elk, aangevul deur tuisstudie. Daar vind kontak tussen die studente tydens die tussentydse periode plaas en dit word ook aangemoedig (Strähl, 1982). Hierdie wyse van afrigtersopleiding is vir die Switsers aanvaarbaarder as die opleiding van die Duitse Sportbond waar die voornemende afrigters hul voltyds aan die studie moet wy en 'n beroep moet prysgee. Die Switserse studente kan voortgaan met hul voltydse beroepe, terwyl hulle hulself as afrigters kwalifiseer (Schilling, 1982).

Volgens die leergang word die eerste jaar gewy aan basiese opleiding. Alle aspekte van belang word veral in die tweede afdeling intensief bestudeer, soos byvoorbeeld die grondwetenskappe van die afrigtingsleer, organisatoriese en administratiewe aspekte, sportmetodologie en belangrike sportsake. Die sportliggame is vir die handleidings van die sportspesifieke afdeling verantwoordelik. Diploma II-afrigters moet vir ten minste twee jaar met die afrigting van nasionale spanne vir die sportbeheerliggame help.

Tot dusver het die NKES 374 sertifikate toegeken en dit in 48 sportsoorte waarvan 267 somersportsoorte en 107 winter=sportsoorte is (Switserse Sportfederasie, 1982:6).

Die uitmuntende prestasies wat die Switserse sportlui tydens die Olimpiese Speles van 1976 en 1980 behaal het, word terug=gevoer na die intensiewe en deeglike deurvoering van dié opleidingsprogram (Schilling, 1982).

Die minimum toelatingsouderdom tot hierdie kursus is 25 jaar.

In diens opleidingskursusse word oral in die land deur die sportliggame aangebied om afrigters op hoogte van afrigtings=ontwikkelings te hou.

e) Sport in die leër

Professionele leërinstrukteurs word deur middel van kort kursusse vertrouwd gemaak met sport in die leër, terwyl hulle persoonlike vaardighede ook bevorder word. Opleiding vind in twee fases plaas naamlik vier weke (I) en twee weke (II).

Reeds gekwalifiseerde leërinstrukteurs word verder ook opgelei om sportafrigting tydens militêre opleidingskursusse te kan waarneem. Die kursus duur vier weke en word een keer per jaar aangebied.

4.7.8.3 Instansies wat afrigting behartig en die vlakke van deelname

Behalwe die sportonderrig in skole word besondere geleenthede vir intensiewe afrigting vir leerlinge met sportpotensiaal geskep. Hierdie leerlinge woon byvoorbeeld 'n skool vir hulle

akademiese skoling naby 'n sportsentrum by. Die jong sportlui kan byvoorbeeld by die inwoongeriewe van die nasionale gimnastiekunie te Magglingen (by die sportskool) tuisgaan, daar onder toesig van die nasionale afrigter oefen en hulle akademiese opleiding by Biel (vyftien minute per motor) bywoon (Ringli, 1982).

Gespesialiseerde afrigting is ook vir volwasse sportlui by sportsentra moontlik. Die nasionale sportliggame kan die geriewe by Magglingen ook bespreek en huur vir die aanbieding van kursusse, die inoefening van nasionale spanne of individue. Buitelandse sportlui maak ook van hierdie geriewe gebruik (Ringli, 1982).

Daar vind ongeveer 250 kursusse van nasionale liggame, met ongeveer 10 000 deelnemers, per jaar by Magglingen plaas.

4.7.8.4 Die status van die sportafrigter

Die beroepsmoontlikhede van die verskillende kategorieë sportleiers is reeds genoem. Hier kan net weer genoem word dat veral in die Jeug en Sportbeweging baie afrigters benodig word. Die meeste tree in semi-professionele hoedanigheid op en word volgens kwalifikasie vergoed. Afrigters kan ook met individuele sportdeelnemers werk. Die vergoeding is ongeveer twee Switserse frank per individu vir elke tweeuursessie. Met 'n groep tot twaalf deelnemers verdien 'n afrigter byvoorbeeld 24 frank per sessie.

Die nasionale sportafrigters word deur die nasionale beheerliggame betaal (geld afkomstig van die lotery en die staat).

Die opleiding van sportinstrukteurs en oefenleiers vir die Jeug- en Sportbeweging, asook die afrigtersopleiding is gratis en word gesubsidieer deur die sportorganisasies, die ETS en die NKES.

Opleiding as sportonderwysers' kos 1500 Switserse frank per semester vir Switserse burgers en 1750 vir buitelanders. Beurse is beskikbaar. Ekstra kursusse wat gedurende die twee jaar aangebied word beloop van 600 tot 1 000 Belgiese frank (Hochschul institute für Leibeserziehung, 1982).

4.8 AUSTRALIË

4.8.1 Inleiding

Na die Olimpiese Spele in 1956 te Melbourne is Australië as die sterkste sportnasie ter wêreld gereken, maar na die Olimpiese Spele van 1976 te Montreal het die Australiërs teruggesak na die 32ste posisie op die ranglys van wêreldsportlande. Op die wêreldranglyste van verskeie sportsoorte het die name van Australiërs gereeld voorgekom en in sportsoorte soos tennis en swem het hulle gereeld die sporttoneel oorheers (Daly, 1979:26). Verskeie redes word teen die einde van die sewentigerjare aangebied om hierdie terugslagting gemeet aan internasionale prestasies, te verklaar. In hierdie verband kan onder andere die volgende genoem word:

- As gevolg van die geografiese ligging van die land is die afstande wat afgelê moet word ten einde gereeld internasionale kontak te maak, baie groot en dit bring finansiële implikasies mee.
- Baie tyd en/of salaris moet ingeboet word wanneer lang

reise onderneem word;

- Klimaatverskille bring mee dat Australiërs dikwels buite hul eie kompetisieseisoen aan internasionale kompetisies moet deelneem;
- Die geïsoleerdheid veral ten opsigte van groot sentra vir sportwetenskaplike navorsing en die probleme om afri-gingstendense waar te neem, bring mee dat daar nie tred gehou kan word met die nuutste ontwikkeling op sportgebied nie;
- In sommige sportsoorte word teen vrouedeelnemers gediskrimineer;
- Die grootte van Australië bring ook mee dat daar baie groot afstande tussen bevolkingsentra en sportlui in die land self voorkom en dit bemoeilik inoefening en kompetisiegeleenthede (CAS, 1981(b):33).

Asgevolg van die bogenoemde redes het baie belowende deelnemers en sportafrigters die land verlaat, om beter geleenthede elders te gaan soek omdat dit nie in hulle eie land beskikbaar is nie. Gevolglik moet 'n land met 'n relatiewe klein bevolking sonder hul beste sportlui klaarkom. Volgens Daly (1979: 26) het daar ook 'n houding onder die Australiërs posgevat dat alles maar in elk geval tog sal regkom en dit kan nie meer in die hedendaagse internasionale sportwêreld geduld word nie.

As gevolg van die probleme met betrekking tot sport wat in Australië ontstaan het, is 'n omvattende "Master Plan for Sport" deur die Konfederasie van Australiese sport in 1980 aan die regering voorgelê. Hierin is 'n nasionale sportbeleid vervat (RGN, 1982, 9:100). Hierdie meesterplan moet

alle sportvlakke insluit, die sakesektor, die regering en die algemene publiek (CAS, 1980(b):5)*.

4.8.2 Die beheer en koördinerings van sportafrigting

4.8.2.1 Die Departement Binnelandse Sake (Tak Sport en Ontspanning)

Op regeringsvlak is die Departement van Binnelandse Sake, Tak Sport en Ontspanning verantwoordelik vir die finansiering van sport en sportprogramme op nasionale vlak. Een van die doelstellings van hierdie departement is om afrigtingstandaarde te verbeter en om die prestasies van Australiërs te probeer verbeter deur middel van betrokkenheid by internasionale en nasionale kompetisies.

In Australië bestaan daar nie 'n nasionale struktuur vir sport nie, alhoewel sommige organisasies daarop aanspraak maak dat hulle ringting gee aan sport. Die gebrek aan so 'n struktuur beteken dat daar nie sinvolle beplanning vir bevordering of ontwikkeling is nie (Talbot, 1981:2).

4.8.2.2 "The Australian Coaching Council"

Die "Australian Coaching Council" (ACC) is gestig om die ontwikkeling en implimentering van die "National Coaching

* Gedurende 1983 het Australië weer op tennisgebied presteer deur die Davisbekerkompetisie te wen en op krieketgebied het die nasionale span gedurende 1983 ook goed presteer.

Accreditation Scheme", 'n opleidingstelsel vir sportafrigters, te koördineer. Die ACC is 'n nasionale liggaam wat sport deur die Konfederasie van Australiese sport, die Australiese Olimpiese Federasie, die federale regering sowel as die regerings van die verskillende state, verteenwoordig*.

4.8.2.3 Die Konfederasie vir Australiese Sport

Die Konfederasie vir Australiese Sport is 'n oorkoepelende sportorganisasie met 'n voltydse administratiewe personeel.

Die Sportkonfederasie stel sigself onder andere ten doel om sportdeelname te bevorder, om die standaard van sportafrigting dwarsdeur Australië te verhoog, om sportnavorsing te inisieer of self uit te voer en om hom te beywer vir liggaamlike opvoedingsprogramme (insluitende sport) in skole wat op 'n breë basis gegrond is (CAS, 1980(b):1). Al die nasionale sportbeheerliggame kan aansoek doen om as lede van die konfederasie toegelaat te word.

Die Nasionale sportliggame verteenwoordig alle sportafdelings en vertak van nasionale vlak af verder in staatsportliggame waarby klub- en skoolsport geaffilieer is**. Teen 1979 het sewentien sportsoorte nasionale afrigtersverenigings gestig. Hierdie verenigings het in sommige gevalle in die struktuur van die nasionale liggaam ontwikkel en in ander gevalle is die vereniging deur afrigters buite die organisatoriese struktuur van die nasionale liggaam gestig (CASC, 1979:10).

* Background document: Sport in Australia, 1980:2.

**Background document: Sport in Australia: 1980:4)

4.8.2.4 "The Confederation of Australian Sport Coaches Assembly"

Die "Confederation of Australian Sport Coaches Assembly" (CASCA) is deur die Konfederasie van Australiese sport ingestel, is by laasgenoemde geaffilieer en dien as 'n spesialisasietsorganisasie om die doelstellings van die moederliggaam met betrekking tot afrigters en sportafrigting ten uitvoer te bring (CASCA, 1980(b):3).

Die doelstelling van hierdie liggaam is:

- Om die status, welvaart en belange van sy lede te beskerm;
- om die professionele ontwikkeling en status van sportafrigters te bevorder;
- om te skakel en saam te werk in die ontwikkeling en bevordering van 'n nasionale afrigtingsakkrediteringskema;
- om by die betrokke nasionale en internasionale liggame te affilieer;
- om met instansies op alle regeringsvlakke, nasionale sportbeheerliggame en die private sektor saam te werk in die bevordering van die ontwikkeling van sport in Australië (CAS, 1980(b):3).

Alle individue wat deur geaffilieerde nasionale sportbeheerliggame van die Konfederasie van Australiese Sport as afrigters van hulle spesifieke sportsoort voorgestel word, is as lede verkiesbaar, mits hierdie persone aan die volgende vereistes voldoen:

- Hulle moet voor of op 'n datum soos vasgestel deur die uitvoerende bestuur 'n kwalifikasie by 'n afrigtingskursus

wat goedgekeur is deur hulle nasionale sportbeheerliggaam, verwerf het en

- die aansoek om lidmaatskap moet skriftelik gerig word, terwyl al die nodige inligting voorsien word.

Noue skakeling word met die Konfederasie behou, aangesien die voorsitter van die afrigtersliggaam op die uitvoerende bestuur van die Konfederasie is en deur laasgenoemde die afrigtingstaak opgelê is.

CASCA het gedurende 1979 nasionale afrigtingseminare in die verskillende state gehou. Hierdie stelsel is verkies bo 'n eenmalige nasionale seminaar op 'n sentrale plek in Australië.

4.8.3 Die opleiding van sportafrigters

Die Australiërs het besef dat die opleiding van afrigters noodsaaklik is om die standaard vir sportafrigters te kontroleer, te hou en te verbeter. Volgens Beitzel (1979:29) verdien kinders nie om afgerig en beïnvloed te word deur mense wat nie weet hoe om af te rig nie.

Ten einde met die opleiding van sportafrigters te kan begin is die "National Coaching Accreditation Scheme" geloods. Hierdie skema bied 'n deurlopende opleidingsprogram vir afrigters aan, en dit geskied deur middel van afrigterskursusse op drie vlakke. Die kursusse is uitsluitlik vir elke sportsoort en sluit die algemene beginsels vir afrigting en menslike prestasie in, asook wetenskaplike vaardighede, tegnieke en taktieke wat direk op elke sportsoort gerig is, tesame met afrigtingservaring (Background document - Sport in Australia, 1980). Met hierdie skema is dit moontlik dat afrigters van

alle sportsoorte en op alle vlakke van deelname die geleentheid kan kry om hulself as afrigters te bekwaam.

Die minimumkursusvereistes vir elk van die drie vlakke van die skema is soos volg:(tabel 9):

TABEL 9 DIE MINIMUM KURSUSVEREISTES VIR DIE DRIE AFRIGTERS-OPLEIDINGSVLAKKE*

Vlak	Aard van kursus	Minimum voor= gestelde duur van kursus	Ervaring wat van praktiserende afrig= ters ver wag word
1	-Algemene begin= sels van afrig= ting -Sportspesifieke teorie en prak= tika	25% 14uur 75%	Een seisoen (of 'n ge= lyke tydperk daaraan soos vasgestel deur nasionale sportlig= game)
2	-Algemene begin= sels van afrig= ting -Sportspesifieke teorie en prak= tika	50% 60uur 50%	Twee seisoene (of 'n gelyke tydperk soos vasgestel deur nasio= nale sportliggame)
3	Gevorderde sport= spesifieke inlig= ting oor die teo= rie en praktyk van afrigting	100uur	Drie seisoene (of gelyke tydperk soos vasgestel deur nasio= nale sportliggaam tesame met die vorige twee seisoene soos vir vlak 2 vereis

* Sports Coach: National Coaching Accreditation Scheme, 3(3):
49

Die kursusse is nie bedoel om eenvormigheid van afrigting onder die afrigters teweeg te bring nie. Dit bied egter die geleentheid aan afrigters om hulle kennis oor sportafrigting te verbreed en dit sal verseker dat sporttalent beskerm en ontwikkel word deur bedrewe afrigters.

Afrigterskursuse wat goedgekeur is deur die Australiese Afrigtersraad (ACC) word deur die nasionale sportbeheerliggame in samewerking met die staatsportliggame en in medewerking met staatsregeringdepartemente wat verantwoordelik vir sport is, aangebied. Dit word aangebied vir diegene wat groepe op

- lokale- en gemeenskapsvlak;
- klub- en streekvlak en
- staat- en nasionale vlak wil afrig.

Die nasionale sportbeheerliggame wat aan die skema vir afrigtersopleiding wil meedoen, moet die volgende stappe volg:

- 'n Nasionale afrigtersopleidingsprogram wat geskik is vir hulle sportsoorte, moet volgens voorgestelde riglyne (neergelê deur die ACC) saamgestel word;
- die program moet dan deur die staatsportliggame met die hulp van die staatsregeringsdepartemente geïmplimenteer word.

Die sportbeheerliggame is verantwoordelik vir die leerstof van die sportspesifieke afdeling vir die verskillende opleidingsvlakke. Die ACC verwys al die programme wat deur die nasionale sportbeheerliggame vir goedkeuring aan hulle voorgelê word, na 'n tegniese komitee. Hierdie komitee koöpteer

kundiges om die kwaliteit en geskiktheid vir elke program te beoordeel.

Die ACC is verantwoordelik vir die leerstof met betrekking tot die algemene beginsels van afrigting.

Op die eerste vlak bevat die algemen beginsels van afrigting onderwerpe soos die rol van die afrigter, persoonlike bekwaamheid in die afrigtingsrol, afrigtingshulpmiddele en probleme wat tydens afrigting teëengekom word. Op die tweede vlak word die volgende sake by algemene beginsels ingesluit: die rol van die afrigter, die aanleer van vaardighede, sport=psigologie, sportfisiologie, biomeganika, sportmedisyne.

Die akkreditering van die afrigters is die verantwoordelikheid van 'n bepaalde sportsoorte self. Ten einde die kwalifikasie te verwerf, moet die afrigters aantoon dat hulle die algemene beginsels van afrigting begryp, dat hulle die vaardighede en tegnieke van hulle sport volgens die spesifieke vereistes van die sport ken en dat hulle die toetse en evaluerings wat betrekking het op die spesifieke vlak, geslaag het.

Die afrigters wat reeds afrig, kan deur hulle sportliggame geakkrediteer word indien laasgenoemde beoordeel dat hulle reeds die standaard van 'n bepaalde vlak bereik het.

Die federale en staatsregerings ondersteun die nasionale afrigters akkrediteringskema met:

- leiding en tegniese raad aan nasionale sportbeheerliggame wat met 'n eie opleidingskema wil begin;

- kursusleerstof;
- administratiewe hulp soos toegang tot geriewe en die beskikbaarstelling van gekwalifiseerde onderwyspersoneel;
- akkrediteringsmateriaal (sertifikate, en wapens).

Die afrigters wat die vereiste kwalifikasies bereik het, ontvang 'n sertifikaat wat die vlak van opleiding bevestig en wat orals in Australië geldig is. Hierdie kwalifikasiedokument word in 'n maklik hanteerbare houer beskikbaar gestel en die afrigter ontvang ook 'n wapen wat op 'n sweetpak aangebring kan word om te getuig van status en bekwaamheid.

Tydens 'n afrigterseminaar in 1979 (CASCA, 1979:13) is besef dat CASCA baie kan help met die beskikbaarstelling van kennis aan die afrigter wat in die afrigtingsveld werksaam is. Dit kan gedoen word deur:

- die beskikbaarstelling van kundiges aan sportsoorte wat inligting en hulp nodig het;
- die daarstelling van 'n naslaanbiblioteek waar inligting van nasionale en oorsese kursusse en kursusmateriaal bekikbaar gestel word;
- die aktiwiteite van diegene wat in die sportwetenskap in Australië werksaam is, te koördineer en aan afrigters beskikbaar te stel;
- fondse te in sodat besoekende afrigters uit die buiteland Australië kan besoek.

Nasionale afrigterseminare speel ook 'n belangrike rol in die verbetering van die kwaliteit van sportsoorte en die indiensopleiding van afrigters (Owens, 1979:2).

4.8.4 Vlakke van deelname en instansies wat afrigting behartig

4.8.4.1 Sportdeelname op skoolvlak

Tydens 'n seminaar wat deur die Konfederasie van Australiese sport (CASCA, 1979:31) gehou is, is konsensus oor verskeie aspekte van skoolsport en deelname op skoolvlak bereik. Die volgende onderwerpe is vir die onderhawige studie van belang.

Die skoolsportprogramme het op daardie stadium veel te wense oorgelaat. In die gevalle waar sport heeltemal buite die kurrikulêre stelsel aangebied is, het sake nie vlot verloop nie, terwyl sekere liggaamlike opvoedingonderwysers ook kompetisiesport veroordeel het. 'n Skoolsportprogram is essensieel en behoort voort te kan bou op 'n geskikte liggaamlike opvoedingsprogram. Op skool kan die potensiële talente van kinders ontwikkel word. Ten einde die skoolsportprogram te verbeter en welslae te verseker, moet daar:

- groter samewerking tussen liggaamsopvoedingonderwysers en plaaslike sportorganisasies wees;
- beter gebruik gemaak word van die besondere talente van liggaamlike opvoedkundiges;
- meer gebruik gemaak word van onderwysers wat ander vakke doseer, maar wat 'n besondere belangstelling en ook kennis van besondere sportsoorte het.

Afrigters van sportverenigings kan ook met die skoolsportprogram tydens skoolure en naskools behulpsaam wees.

Goed opgeleide liggaamlike opvoedkundiges kan gebruik word om gespesialiseerde programme vir 'n groep skole of in een skool aan te bied.

Gespesialiseerde sportskole en sportkursusse kan ook oorweeg word.

In die meesterplan van sport (CAS, 1980:18) is dit beklemtoon dat die basis vir sport gelê kan word in die aanleer van vaardighede deur jong kinders. Dit is daarom noodsaaklik dat die liggaamlike opvoedingsprogram op skool voorsiening behoort te maak vir die ontwikkeling van fiksheid en die verwerwing van vaardighede wat tot bedrewenheid in sport sal lei. Die liggaamlike opvoedingsprogram moet ook kennis en begrip van die waarde en effek van oefening en die bydrae daarvan tot die gesondheid by die leerlinge tuisbring. 'n Verdere belangrike punt wat beklemtoon is, is dat die liggaamlike opvoedingsprogram op die primêre skool oor 'n breë front aangebied moet word, sodat daar volgens die belangstelling van die individu tydens die sekondêre en tersiêre onderrigfase op voortgebou kan word.

Omdat opvoedingsaangeleenthede primêr die verantwoordelikheid van die verskillende state is, verskil die beleid met betrekking tot skoolsport van staat tot staat. In baie gevalle is die onderwysers egter nie gekwalifiseer om sportaktiwiteite op primêre skoolvlak te onderrig of toesig daarvoor te hou nie. In die basiese opleiding van onderwysers, behalwe die wat in die liggaamlike opvoeding opgelei word, kom baie min van liggaamlike oefening of sportvaardighede tereg.

Tydens die sportseminaar wat deur die Australiese Konfederasie vir Sport in 1979 gehou is, is besef dat skemas om talentvolle sportlui te identifiseer nodig was en noukeurig beplan moes word. Toetse kan in hierdie verband gebruik word, terwyl die liggaamlike opvoedingonderwysers en ander sportkenners ook hiermee kan help. "We need to locate talent in the country with an efficient talent identification scheme" (Daly, 1979:26). Sportskole, sportbeurse en sportkampe bied geleenthede vir die ontwikkeling van die geïdentifiseerde talent tesame met die gespesialiseerde inoefening vir liggaamlike opvoedkunde studente wat belowende sportlui is op tersiêre vlak.

4.8.4.2 Die Sportinstituut van Australië

Die Australiese Instituut vir Sport (AIS) is 'n openbare instansie wat in Januarie 1981 begin funksioneer het. Hierdie instituut is deur die regering gestig en in Canberra gevestig om aan die Australiese sportlui die volgende te voorsien:

- 'n Hoë standaard van afrigting en intensiewe inoefening, terwyl opvoedkundige geleenthede ook aangebied word;
- wêreldstandaardgeriewe en toerusting en die dienste van kundiges in die sportwetenskap en sportmedisyne;
- voldoende reisgeleenthede binne- en buitelandse, ten einde die nodige hoëvlakkompetisie te bekom.

Hierdie instituut het sy beslag gekry omdat die meeste van Australië se beste en belowendste atlete nie voorheen die geleentheid gehad het om onder die beste afrigters te oefen nie. Die topatlete moes dikwels ook sonder die nodige geriewe toerusting en finansiële steun vir hulle reiskoste klaarkom. Baie sportlui moes ook kies tussen die beoefening van hulle

sport en die voorbereiding vir 'n beroep. Dit het meegebring dat baie van die belowendste sportlui óf hulle sportsoort laat vaar het, óf na die buiteland vertrek het om die beste en nodige afrigting te ontvang (Talbot, 1981:2).

Die Direkteur van die Australiese Instituut vir Sport, John Talbot (1981:2) stel dit dat: "the Australian Institute of Sport was established to help the elite athlete in this country".

Die regering het 'n "National Training Centre"-skema goedgekeur en dit stel sportsoorte wat nog nie by die instituut ingeskakel het nie, in die geleentheid om gebruik te maak van die geriewe en sportwetenskaplike kennis van die Instituut. Verder is sportbeurse ook in 1982 vir atlete uit die ontwikkelende state=bondslande goedgekeur. Sportlui uit die buiteland kan die AIS ook vanaf 1983 besoek.

Daar is tans agt sportsoorte wat by die AIS te Canberra aangebied word. Sportlui van albei geslagte en van tussen twaalf en 28 jarige ouderdom tel reeds 188 en hulle word daar deur 26 afrigters afgerig. Behalwe die deelnemers uit Australië, is daar ook agt deelnemers en twee afrigters uit ander state=bondslande.

Van die genoemde aantal deelnemers ontvang 109 sportbeurse wat al hulle koste dek terwyl die res (79) se kostes gedeeltelik deur sportbeurse gedra word. Dit is vir die Instituut van Sport noodsaaklik dat daar 'n goeie verhouding met die sportbeheerliggame moet bestaan. Om sy doelstellings te bereik, sal die sportbeheerliggame van die instituut met die liggaam en sy afrigters moet saamwerk. 'n Saak wat egter probleme skep, is dat die Instituut outonoom moet wees om doeltreffend

te kan funksioneer en dit laat die vrees by die sportliggame bestaan dat hulle van hul eie gesag oor hulle sportsoorte sal moet prysgee (Talbot, 1981:2). Die sportbeheerliggame sal aangemoedig moet word om in te sien dat vryheid van besluitneming aan sportlui in sportspanne van die Instituut toegelaat moet word. Die doelstellings van die Instituut met betrekking tot Australiese sport is duidelik uitgestip, maar daar is nog baie probleme wat opgelos moet word (Talbot, 1981:2).

4.8.5 Die status van die sportafrigter

Afrigters in Australië is oorwegend vrywillige, deeltydse en onbesoldigde werkers vir sport. Baie van hulle bestee baie ure aan afrigting en moet daarby nog hulle gewone beroep beoefen. Dit is baie ongelukkig dat sommige pogings van hierdie afrigters onproduktief is of in elk geval nie so produktief is as wat hulle self dit sou wil hê nie. Dit gebeur selfs dat die afrigting nie tot voordeel van die betrokke sportsoort is nie en dikwels waardeloos vir afrigting of die sportgemeenskap in die algemeen, is (CASCA, 1979:1). Baie van hierdie afrigters werk hard, maar het nog nie 'n ware begrip van afrigting nie. Dit gebeur dikwels dat hierdie afrigters stagneer en stagnasie in afrigting word gewoonlik teweeggebring deur isolasie. (CASCA, 1979:1).

Volgens Beitzel (1979:2) het afrigters verskillende behoeftes, soos byvoorbeeld om opgelei te word vir hulle taak en om hulp te ontvang van mense wat in ander gebiede van sport diens lewer. Afrigters besef dat hulle ander persone se hulp nodig het en dat ander hulle hulp weer nodig het. Die afrigters in Australië besef die noodsaaklikheid vir die implimentering

282

van die Nasionale Afrigtersakkrediteringskema en is bewus van die voordele wat so 'n skema sal meebring. Die standaard van afrigting sal verhoog word wanneer die afrigters die nodige kennis en begrip van die sportsoorte en vaardighede het om doeltreffender te kan afrig en nuwe talent te kan identifiseer.

Selfs wanneer die akkrediteringskema in Australië op volle dreef is, sal vrywillige opgeleide afrigters in sport steeds noodsaaklik en nuttig wees. "In an accredited coaching society, there is a place for voluntary unqualified people. Without such people many sports would collapse as these are recruits for the coaching process" (Beitzel, 1979:2). Hierdie vrywillige afrigters is dus dikwels potensiële rekrute vir afrigting in 'n land waar die tekort aan afrigters ernstig is. Dit is egter noodsaaklik dat selfs hierdie werkers inligtingsessies oor hulle sportsoorte bywoon en gebruik word vir take waarvoor hulle bekwaam is.

Afrigtersverenigings word in elke sportsoorte benodig en hierdie verenigings kan baie doen om

- professionele insig te vestig;
- kwaliteitsbeheer deur kundiges te verseker;
- professionele geloofwaardigheid te bevorder;
- geskikte standaarde vir toelating tot die geakkrediteerde afrigtersgeledere daar te stel;
- diegene wat as professionele afrigters optree te beheer.

Die Federale Regering het teen die einde van die sewentigerjare besluit om voltydse nasionale afrigtingsdirekteure aan te stel: een vir elke sportsoort. Hierdie nuwe kode van professionele afrigters sal afrigters oplei en nie individuele sport-

lui afrig nie. In enkele sportsoorte (byvoorbeeld atletiek) is wel 'n voltydse sportafrigter aangestel. Dit is egter te betwyfel of een afrigter per sportsoort werklik sukses sal kan behaal, as probleme soos die groot afstande wat afgelê moet word, die baie verantwoordelikhede, min aanmoediging van die administrateurs in die verskillende sportsoorte en gebrekkige finansies om die akkrediteringskema te implimenteer, in aanmerking geneem word (Daly, 1979:26). 'n Mens kan egter veronderstel dat wanneer die akkrediteringskema in volle gang is, sportafrigting die status van 'n professie sal verkry en ook as sodanig erken sal word (Daly, 1979:27).

In Australië word van 'n stelsel vir die uitruil van afrigters gebruik gemaak. Afrigters van buite Australië rig in Australië af terwyl Australiese afrigters weer by geleentheid in die buiteland gaan afrig*.

In die Meesterplan van Sport (1980) word aanbeveel dat die finansiële steun van die sentrale regering vergroot moet word, sodat sportadministrasie en die standaard van afrigting bevorder kan word. Soos reeds genoem voorsien die staat finansiële steun vir die voltydse indiensneming van nasionale sportafrigters (RGN, 1982, 9:94).

Gedurende die 1979/80 finansiële jaar het die regering 'n bedrag van 2,7 miljoen dollar aan sport bewillig. Hiervan is twee miljoen dollar toegesê aan die Sportontwikkelingsprogram en 0,7 miljoen dollar is toegesê aan die Australiese Olimpiese federasie. Vyf areas het baat gevind by die twee miljoen

* Dept. of Environment, Housing and Community Development, Annual Report, 1977:78.

dollar, naamlik

- Deelname van Australiërs aan internasionale kompetisies en vergaderings: 41,2%;
- Administrasie van nasionale sportbeheerliggame: 30,5%;
- Afrigting: 18.0%;
- Sportnavorsing en die verspreiding van inligting: 5,3%;
- Sportontwikkelingsprojekte: 5,0%*

In die Meesterplan vir Sport (1980) word dit gestel dat die regering op staatlike en federale vlak, as gevolg van die befondsing vir sport, die geleenthede het om nasionale sportbeheerliggame in staat te stel om internasionale kompetisies te reël en voldoende inoefeningsgeleenthede vir hulle sportlui te skep (Confederation of Australian sport, 1980:9).

Indien die fondse wat in die begroting van 1977-79 (Een miljoen dollar** en 1978-79 (1,4 miljoen dollar) aan sport bewillig is, in ag geneem word, blyk dit dat die Australiese regering steeds meer geld aan sport toestaan en die bedrag is vir die 1979-80 begroting met byna 200 persent vermeerder (2,7 miljoen dollar).

* Minister van Binnelandse sake, nuusvrystelling 12 Oktober 1979
**Annual Report 1977/78, Dept. of Environment